Due to two separate laws (Animal Improvement Act and Animal Identification Act) governing the identification of animals, there is sometimes confusion between the Police and inspectors of the Department of Agriculture. (DALRRD) To address this confusion, you are hereby provided with an Identifiable card to serve as proof that you are allowed to mark your registered animals, in accordance with the Animal Improvement act, with the HDM mark as indicated in this document.

You are requested to cut out the ticket below and keep it ready to display at all times to the Police, Inspectors from the Department of Agriculture or Veterinary Inspectors when request of proof of the use of the HDM marks of your animals is required. Please do not hesitate to contact SA Studbook for any inquiries or assistance.

Kind Regards

Dr Bobbie van der Westhuizen
General Manager

SA Studbook & Animal Improvement Association

In terms of the Animal Improvement Act (Act 62 of 1998), a Herd Designation Mark has been registered for the breed/s as indicated.

Animals identified with Herd Designation Mark are excluded from the stipulation of the Animal Identification Act, as stipulated in section 15.2.

SA STAMBOEK STUD BOOK

See 2nd page

Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging
(Geregistreer in terme van Wet 62 van 1998)

South African Stud Book and Animal Improvement Association
(Registered in terms of Act 62 of 1998)

Adres/Address: Posbus / PO Box 270 ? BLOEMFONTEIN ? 9300 Telefoon/Telephone: (051) 4100900
Telefoon/Telephone: (051) 4100900
Faks/Fax: (051) 4473964
e-Pos/Mail: info@studbook.co.za
Internet: http://www.studbook.co.za

CERTIFICATE OF QUALITY
Valid up to October 2029

PARTICIPANT:	[redacted]
TOWN:	[redacted]
CELL NR:	[redacted]
PARTICIPANT NR:	[redacted]
BREED:	BOR
HERD DESIGNATION MARK:	[redacted]
EFFECTIVE DATE:	01-FEB-24
VAT NR:	-

SA STAMBOEK STUD BOOK

Riglyne vir SA Stamboek se

Plaasgroeitoetse

Siebert Vermeulen

Helena Theron

LOGIX

Inhoud

1. DOEL 3
2. DEELNAME 3
3. TIPE TOETSE 3
4. DIERVEREISTES 3
5. VERLOOP VAN 'N PLAASGROEITOETS 3
5.1 Voor speen 3
5.2 Na speen en voor aanpassingsperiode ('Backgrounding') 4
5.3 Aanpassingsperiode 4
5.5 Afsluiting van groeitoets 4
6. PLIGTE VAN EIENAARS EN BESTUURDERS 5
6.1 Beplanning 5
6.2 Rekordhouding 5
6.3 Toerusting 6
7. PLIGTE VAN SA STAMBOEK 6
Aanhangsel 1: Raskodes, skouer/heup en gekorrigeerde mates 7
Aanhangsel 2: Vereistes vir Plaasgroeitoetse 8
Aanhangsel 3: Voorgestelde inentingsprogram van Sernick 8
Aanhangsel 4: Detail van metings, verwerkings en teelwaardes 9
Aanhangsel 5: Kontakbesonderhede van SA STAMBOEK Tegniese Adviseurs 9
Aanhangsel 6: SA Stamboek tariewe 10

RIGLYNE VIR PLAASGROEITOETSE

1. DOEL

Plaasgroeitoetse het dit ten doel om die genetiese potensiaal vir groeidoeltreffendheid van vleisrasbulle so akkuraat as moontlik onder plaastoestande te bepaal. Akkurate bepaling van groeidoeltreffendheid vereis dat groei van potensiële teelbulle onder dieselfde omgewingstoestande gemeet word.

2. DEELNAME

Die eienaar van die dier moet 'n lid van 'n Telersgenootskap wees en deelneem aan SA Stamboek se Registrasie- en Produksie Aantekening Dienste.

3. TIPE TOETSE

Hierdie toetste word onder plaastoestande gedoen en kan 'n enkelkudde of veelkudde toets (meer as een kudde van dieselfde ras saam in dieselfde groep) wees.
Voedingstoestande kan as as volg wees :

- Ekstensief – veld met 'n lek
- Semi-ekstensief – veld of aangeplante weiding met aanvulling
- Semi-intensief – genoegsame kragvoer met baie ruvoer in 'n groter kampie
- Intensief – kragvoer (groei-rantsoen) in 'n kraal

4. DIERVEREISTES

Om deel te neem aan 'n veldgroeitoets, moet elke dier aan die volgende vereistes voldoen:

- Diere moet nageslag van geregistreerde bulle wees.
- Diere moet registreerbaar of 'n aangetekende graad dier wees volgens die betrokke telersgenootskap se vereistes.
- Diere moet aangeteken wees op die Logix stelsel.
- Die eienaar en/of bestuurder moet diere voor die toets goedkeur as geskik vir toetsing.
- Diere moet geen sigbare erflike gebreke hê nie.
- Die ouderdomme van die diere moet minder as 100 dae verskil (speengroep).
- Sien Aanhangsel 2 vir die maksimum gewigsvariasie wat vir verskillende rasse aanbeveel word.
- Diere moet jonger as 425 dae (±14 maande) aan die begin van die aanpassingsperiode wees.
- Diere moet die toepaslike immuniserings- en in- en uitwendige parasietbeheer ontvang voor die aanvang van die aanpassingsperiode.

5. VERLOOP VAN 'N PLAASGROEITOETS

5.1 Voor speen

Om meer effektief te wees, moet 'n inentingsprogram reeds 'n maand voor speen begin. Kalwers ondervind speenskok as gevolg van die verandering in omgewing en voeding, groepsdruk, 'n hoër konsentrasie van diere en gevolglik meer siektes. Die langer periode in die kraal veroorsaak ook dehidrasie en swak opname van die entstof, indien dit tydens speen toegedien word. (Sien Aanhangsel 3 vir Sernick se inentingsprogram as riglyn).

5.2 Na speen en voor aanpassingsperiode ('Backgrounding')

Vir optimale prestasie in die toets en ten einde alle kalwers op gelyke voet te plaas, is dit belangrik dat diere reg voorberei word. In 'n proses bekend as 'backgrounding', word speenkalwers vir 'n paar weke na speen in die veld of ander natuurlike toestande geplaas voordat hulle die groeitoets begin.

Voordele van 'backgrounding':

- Uitskakel van voortoets-omgewingseffekte wat toetsprestasie mag beïnvloed, byvoorbeeld diere wat afkomstig is van verskillende omgewings en telers.
- Om die diere fisiologies ouer te kry met afsluiting van toets is voordelig vir skrotum ontwikkeling en keuring van meer manlike diere. Finale gewigte is ook swaarder vir bulle wat direk na die toets geslag word.
- Beter gesondheid van diere - kalwers is afkomstig van die veld omgewing en voer en pas dus beter aan. Die konsentrasie van diere is ook nie so hoog as tydens die toets nie.

5.3 Aanpassingsperiode

- Die aanpassingsperiode vir plaasgroeitoetse kan wissel tussen 21 en 90 dae afhangende van die groeitempo en toetsprosedure.
- Die aanpassingsperiode kan kort wees vir intensiewe en enkelkudde toetse en langer vir ekstensiewe en veelkudde toetse.
- Gedurende die aanpassingsperiode ontvang bulle dieselfde rantsoen as gedurende die toetsperiode en daar moet 'n gewigstoename wees voordat die toets kan begin.
- Minstens 10 diere moet die toets voltooi, so daar word aanbeveel dat meer as 10 diere van dieselfde ras (uit dieselfde of verskillende kuddes, met verkieslik verskillende vaders om stoetvaars met mekaar te vergelyk) die toets begin.

5.4 Plaasgroeitoets

- Die toets moet tussen 84 en 270 dae(± 3 tot 9 maande) duur na die voorafbepaalde aanpassings-periode.
- 'n Gemiddelde minimum toename en groeitempo tydens die toetstydperk word vereis, per ras, soos in Aanhangsel 2 aangedui.
- Die kalwers se liggaamsgewigte word op twee agtereenvolgende dae geneem by die begin en afsluit van die toets.
- Diere word elke 14 dae geweeg vir korter toetse en maandeliks vir langer toetse.
- Kalwers moet die toets as 'n groep begin en eindig. Onttrekkings kan slegs plaasvind as 'n dier siek of beseer is en dit die groep kan benadeel.

5.5 Afsluiting van groeitoets

- SA Stamboek se tegniese adviseur (of gekoöpteerde, geakkrediteerde verteenwoordiger), sluit die toets af.
- Die meting van skrotumomvang, skouer- of heuphoogte (Sien Aanhangsel 1) en liggaamslengte is verpligtend.
- Die meting van ultrasoniese (RTU) mates en veldikte is nie verpligtend nie.

- Genomiese toetsing (die trek van sterthare) is opsioneel. Stuur verkieslik die hare reeds aan die begin van die toets in, sodat resultate teen die einde van die toets bekend is en ingesluit kan word in die BLUP ontleding, waar van toepassing.
- Werklike en gekorrigeerde liggaamsmates word verwerk. Die gekorrigeerde skrotumomvang word normaalweg gebruik by keuring.
- Resultate soos GDT (Gemiddelde Daaglikse Toename of groei oor toets), GDO (gewig per dag van ouderdom) word in gram sowel as 'n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting is bruikbaar by keuring van die bulle (Sien Aanhangsel 3 vir meer detail).
- 'n Groeitoets is amptelik as die toets prosedure gehandhaaf is en die groeitoets evaluasie statisties aanvaarbaar is. Die groeitoets moet ook eers op die Logix databasis aanvaar word.

6. PLIGTE VAN EIENAARS EN BESTUURDERS

Hierdie prosedures moet gevolg word en mag net verander word met die toestemming van SA Stamboek.

6.1 Beplanning

- Bestuurders moet jaarliks tydig toetsdatums met die SA Stamboek Adviseur bespreek.
- Die hele prosedure, voeding en bestuur, word saam met die SA Stamboek Tegniese Adviseur beplan tot onderlinge tevredenheid.
- 'n Voervloei program moet beskikbaar wees vir die hele tydperk van die toets periode.

6.2 Rekordhouding

- Telers en bestuurders onderneem om te hou by die ooreengekome prosedures en om gewigte stiptelik en korrek aan te teken.
- Die nodige aantekeningdokumente (papier en/of elektronies) moet op aanvraag beskikbaar wees, veral as 'n deelnemer nie BenguFarm Beef of enige ander vooraf-goedgekeurde rekenaarprogram gebruik nie.
- Volle besonderhede van elke kalf moet aangeteken word en alle rekords moet op datum en beskikbaar wees.
- Op datum gewigte moet altyd gedurende en na die toets beskikbaar wees.
- Binne 7 dae nadat die toets begin het, moet die aanpassing- en begin-toets gewigte, asook addisionele notas aan SA Stamboek gestuur word vir verwerking.
- Die op-datum toetsgewigte moet aan die betrokke SA Stamboek adviseur gestuur word, 14 dae voor die einde van die toets.
- 'n Dagboek van belangrike toetsverwante gebeure, soos byvoorbeeld beserings, siektes, opblaas, ens., moet op datum gehou word deur die bestuurder.
- Voor of tydens die aanvang van 'n toets moet die deelnemer(s) die kalwers ondersoek vir erflike gebreke en dit aanteken. In uitsonderlike gevalle sal bulle met erflike gebreke toegelaat word vir deelname aan die toets, naamlik om sinvolle toetsgroepe saam te stel en waar die gebrek geen effek het op die prestasie van die dier het nie en met dien verstande dat die dier nie oorweeg mag word as seleksiekandidaat nie en dus by voltooiing van die toets geslag sal word.
- Indien 'n toets, om watter rede ook al, verleng of gekanselleer word, moet die betrokke SA Stamboek Adviseur onmiddellik in kennis gestel word.

- Voortydige onttrekking van enige dier tydens die verloop van die groeitoets mag slegs geskied in oorleg met Stamboek se Tegniese Adviseur. Onttrekkings mag slegs in uitsonderlike gevalle plaasvind en nie as gevolg van swak prestasie nie.
- Daar sal te alle tye aan SA Stamboek vrye toegang tot die toetsterrein en die rekords verleen word.

6.3 Toerusting

- 'n Kopklamp, drukgang met betonvloer en betroubare akkurate beesskaal, goedgekeur deur SA Stamboek, moet vir weging en die neem van liggaams- en ander mates of metings, beskikbaar wees.
- Die beesweegskaal moet op ‘n gereëlde basis gekalibreer word volgens die voorskrifte wat deur SA Stamboek se Tegniese Adviseur vereis word.
- Indien ‘n teler gebruik wil maak van ultrasoniese skandering (RTU), moet daar betroubare en stabiele enkelfase kragtoevoer beskikbaar wees tydens die skanderingsproses.
- Die werkgeriewe moet verkieslik onder dak en stofvry wees.
- Skoon water voorsiening moet deurlopend beskikbaar wees. Waterkrippe moet op ’n daaglikse basis gekontroleer word vir skoon water.

7. PLIGTE VAN SA STAMBOEK

- Slegs ‘n geakkrediteerde Stamboek persoon of geakkrediteerde gekoöpteerde verteenwoordiger, mag die bultoets evaluasie afhandel, volgens ICAR riglyne.
- SA Stamboek moet die toetsprosedure noukeurig, in oorleg met die deelnemer of verantwoordelike bestuurder, beplan en enige afwykings vanaf hierdie ooreengekome prosedure gedurende die toets, sal slegs met konsensus toegepas word en moet aangeteken word.
- SA Stamboek sal toesig hou oor die toetsprosedure. Die toetsterrein kan, sonder kennisgewing, besoek word om die prosedure en rekords na te gaan. Indien SA Stamboek daarvan oortuig is dat die vereistes en prosedures nie nagekom is nie, sal die toets geen amptelike erkenning ontvang nie.
- Enige onaanvaarbare afwyking van prestasie of enige meting van die verwagte biologiese norme of van bekende rasstatistiek sal nie as amptelik aanvaar word nie.
- SA Stamboek Adviseur (of gekoöpteerde verteenwoordiger), moet teenwoordig wees by die afsluiting van die toets vir die neem van die tweede eindgewig en die liggaamsmates en verwerking van die toetsresultate.
- Na verifiëring van gewigte sal data verwerk word en die resultate so gou moontlik na voltooiing van die toets aan die deelnemer(s) beskikbaar gestel word.
- Data sal so gou moontlik na afloop van toets op die Logix Vleisbeesstelsel geplaas word en amptelike verwerking sal plaasvind sodat verslae uitgereik kan word. Die aangetekende data sal in genetiese evaluasies ingesluit word, mits daar voldoende data in die ras beskikbaar is, en die ras genetiese evaluasies deur SA Stamboek ontvang.

Aanhangsel 1: Raskodes, skouer/heup en gekorrigeerde mates

Ras Kode	Ras	Skouer/ heup Hoogte	Gekorrig. skrotum omtrek	
			Std Gewig (kg)	Min. standaard vir gewig (mm)
AFA	Afrigus	Skouer	385	300
ASM	Afrisim	Skouer	425	305
AFR	Afrikaner	Skouer	350	285
AAN	Angus	Heup	425	305
ANK	Ankole	Skouer	425	305
BMA	Beefmaster	Skouer	425	295
BSH	Beef Shorthorn	Skouer	400	295
BON	Bonsmara	Skouer	425	305
BOR	Boran	Skouer	375	250
BGI	Borguni	Skouer	350	265
BFD	Braford	Skouer	400	285
BRM	Brahman	Skouer	375	240
BRG	Brangus	Skouer	425	295
BBS	Braunvieh	Skouer	450	325
CHB	Charbray	Skouer	425	275
CHL	Charolais	Heup	475	305
CIA	Chianina	Skouer	475	320
DXT	Dexter	Skouer	225	260
DRB	Drakensberger	Skouer	400	305
GVH	Gelbvieh	Skouer	475	320
HFD	Hereford	Heup	425	295
HUG	Huguenot	Skouer	425	305
LMS	Limousin	Heup	425	270
NGI	Nguni	Skouer	300	260
PGR	Pinzgauer	Skouer	450	320
PZL	Pinzyl	Skouer	425	305
RPO	Red Poll	Skouer	400	300
RMG	Romagnola	Skouer	450	310
SAN	Sanganer	Skouer	325	275
SGT	Santa Gertrudis	Skouer	425	270
SEN	Senepol	Skouer	425	305
SBR	Simbra	Heup	450	300
SIM	Simmentaler	Heup	475	330
SDV	South Devon	Skouer	475	310
SSX	Sussex	Heup	400	300
TUL	Tuli	Skouer	300	255
WGU	Wagyu	Skouer		

Aanhangsel 2: Vereistes vir Plaasgroeitoetse

RAS	MAKS. GEWIGS-VARIASIE (Kg)	MIN. TOENAME (Kg)	MIN. GDT (g/dag)
Dexter, Nguni, Sanganer, Tuli	65	90	400
Afrigus, Beef Shorthorn, Bonsmara, Boran, Drakensberger, Galloway, Kentshire, Red Poll, Salers, Senepol, Sussex, Pinzyl	75	110	500
Angus, Beefmaster, Charbray, Hereford, Hugenoot, Pinzgauer	80	120	550
Braunvieh, Charolais, Chianina, Gelbvieh, Romagnola, South Devon	85	130	600

Aanhangsel 3: Voorgestelde inentingsprogram van Sernick

(Pieter Booysen)

VOORSPEEN - 4 weke voor speen			
LONGSIEKTES	**Bovi-Tect Produkte** **Bovi-Tect P**	**Mannheimia Pasteurella**	
LONGSIEKTES	Pyramid 4/ Bovishield	IBR - Infectious Bovine Rhinotracheitis BVD/Mucosal	
SPONSSIEKTES + ROOIDERM	Covexin 10		
VOORSPEEN - 1 week voor speen			
LONGSIEKTES	**Bovi-Tect Produkte** **Bovi-Tect III**	**Mannheimia Pasteurella** **Multocida Pasteurella** **Hystophyllus Somni**	**Mengsel van 3-in-1**
SPONSSIEKTES + ROOIDERM	Covexin 10		
ONTWURM +BOSLUIS BEHEER	Attila opgiet middel		
BEGIN AANPASSING			
LAMSIEKTE + MILTSIKTE	**Botuthrax**		
VITAMIEN + MINERALE	Vitamien A, D & E Bi-Co Bolic	Vit B , fosfor	
ONTWURM + LUISE	Iverax		

Aanhangsel 4: Detail van metings, verwerkings en teelwaardes

Meting	Verwerking	Indeks	EBV*	Waarde / Voordeel
Begin toets gewig Eindtoets gewig				Groei
	GDT (Gemiddelde daaglikse toename)	x	x	
	GDO (Groei per dag van ouderdom)	x		
Hoogte		x	x	Raamgrootte
Lengte		x	x	
Skrotumomvang			x	Bulvrugbaarheid
Veldikte				Aanpassing, bosluise
RTU:				Karkas eienskappe op lewendige dier
Oogspieroppervl.		x		
Vet dikte		x		
Marmering		x	x	
	Rooivleis produksie	x	x	
	Uitslag Persentasie	x	x	
	Spier- been-vet verhouding	x		
Groeiwaarde	Kombinasie van relevante teelwaardes		x	Vergemaklik seleksie

*EBVs nie beskikbaar vir alle rasse nie.

Aanhangsel 5: Kontakbesonderhede van SA STAMBOEK Tegniese Adviseurs

Provinsie	Tegniese Adviseur	Basis	e-pos adres	Telno.
Vrystaat,	Siebert Vermeulen	Bloemfontein	siebert@studbook.co.za	082 5484 608
Vrystaat, Noord-Kaap	Gerdus de Klerk	Jan Kempdorp	gerdus@studbook.co.za	072 691 3600
Vrystaat	Johan Venter	Bloemfontein	johan@studbook.co.za	083 631 6040
Noordwes, Noord-Kaap	Dolf Cloete	Vryburg	dolf@studbook.co.za	082 6603 266
Limpopo,Noordwes, Gauteng, Mpumalanga,	Andries Riekert	Pretoria	andries@studbook.co.za	082 4650 671
Mpumalanga KZN EFS	Kabelo Phaka	Ernelo	kabelo@studbook.co.za	076 235 3304
Gauteng	Thalia Brameld	Pretoria	thalia@studbook.co.za	071 4931 111
Sentraal	Suretha Francis	Pretoria	suretha@studbook.co.za	083 584 0814
Wes-Kaap	Chanelle Steenekamp	Wes-Kaap	chanelle@studbook.co.za	072 8364 108
Oos-Kaap	Erick Joosten	George	erick@studbook.co.za	082 7660 562

Aanhangsel 6: SA Stamboek tariewe

SA Stamboek tariewe geldig tot 30 Junie 2021 (BTW UITGESLUIT)
(Sien www.sastudbook.co.za vir nuutste tariewe)

Toetsfooi	**2150.00**
Fooi per bul minder as 40 bulle	R 101.50
Fooi per bul tussen 41 – 79 bulle	R 91.00
Fooi per bul meer as 80 bulle	R 85.50
Fooi per per bul RTU Skandering	R101.75 (optional)

SA STAMBOEK STUD BOOK

Guidelines for SA Stud Book's

Farm Growth Tests

Siebert Vermeulen
Helena Theron

LOGIX

CONTENTS

1. PURPOSE 3
2. TEST TYPES 3
3. PARTICIPATION 3
4. ANIMAL REQUIREMENTS 3
5. WORK FLOW OF FARM GROWTH TEST 3
5.1 Pre-wean 3
5.2 Backgrounding 4
5.3 Adaptation Period 4
5.4 Farm Growth Tests 4
5.5 Completion of Growth Test 4
6. DUTIES OF OWNERS AND MANAGERS 5
6.1 Planning 5
6.2 Record Keeping 5
6.3 Equipment 6
7. DUTIES OF SA STUD BOOK 6
Attachment 1: Breed codes, shoulder/hip and corrected measurements 7
Attachment 2: Farm Growth Test requirements 8
Attachment 3: Vaccination programme of Sernick 8
Attachment 4: Detail of measurements and breeding values 9
Attachment 5: SA Stud Book Technical Advisors 9
Attachment 6: SA Stud Book Rates 9

Guidelines for Farm Growth Tests

1. PURPOSE

Farm Growth tests measure as accurately as possible the genetic potential of growth and efficiency of young beef bulls under farm conditions, both intensively and extensively. To increase accuracy of growth efficiency, animals are evaluated under the same conditions. .

2. TEST TYPES

These tests are performed under farm conditions, and can be single or multi-herd testing (more than one herd in the same group).

Categories of feeding levels are as follows:

- Extensive – veld with a lick
- Semi-extensive – veld or pasture with supplement
- Semi-intensive – sufficient concentrate with ample roughage in a larger pen
- Intensive – concentrate (growth ration) in a feeding pen

3. PARTICIPATION

Members of Breeders' Societies that make use of SA Stud Book's services can enter bulls in Farm Growth Tests.

4. ANIMAL REQUIREMENTS

In order to participate in a growth test, each animal must meet the following requirements:

- Calves must be progeny of registered bulls.
- Animals must be registerable or a recorded commercial animal according to the relevant Breeders' Society requirements.
- Animals must be recorded on the Logix Data Base.
- The owner and / or manager must approve animals as suitable for testing before the test.
- Animals must be free of visible hereditary defects.
- The ages of the calves must be within 100 days of each other (weaning group).
- See Attachment 2 for the maximum weight variation between the lightest and heaviest calf in the group for the different breeds.
- Animals must be younger than 425 days of age (±14 months) at the start of the adaptation period.
- Participants must take care that applicable immunization and internal and external parasite control are applied before the beginning of the adaptation period.

5. WORK FLOW OF FARM GROWTH TEST

5.1 Pre-wean

A vaccination program that starts a month before weaning will be more effective, as there may be a poor absorption of the vaccine if applied during weaning due to weaning shock. Weaning shock is caused by the change in environment, different feed, group pressure, higher concentration of animals, dehydration and consequently more diseases. (See Appendix 2 for Sernick's vaccination program as guideline).

5.2 Backgrounding

For optimal growth during the test, it is important that animals are properly prepared. In a process known as backgrounding, weaners are placed in the field or other natural conditions for a few weeks before the start of the growth test.

Benefits of backgrounding:

- Elimination of pre-test environmental effects that may affect test performance, for example animals coming from different herds, etc.
- Animals are physiologically older at the end of the test, which is beneficial for scrotal development and selection of older male animals. Final weights are also heavier for bulls slaughtered directly after the test.
- Better health of animals - calves that were running with their dams on veld is under the same environment after weaning and therefore adapt better. The concentration of animals is also not as high as during the test.

5.3 Adaptation Period

- The adaptation period for farm growth tests may vary between 21 and 90 days depending on the growth rate and test procedure.
- The adaptation period may be short for intensive and single-herd tests and longer for extensive and multi-herd tests.
- The animals must receive the same ration during the adaptation period as during the test period and animals must gain weight before the test may begin.
- A bull growth test will only be regarded as official if at least 10 animals of the same breed complete the test. It is therefore recommended that more than 10 animals of the same breed (from the same or different herds, which are the progeny of more than one sire) start the test.

5.4 Farm Growth Tests

- Farm growth tests must last a minimum period of 84 days and a maximum of 270 days (± 3 to 9 months) after the adaptation period.
- An average minimum gain and growth rate per breed during the test period is as indicated in Attachment 2.
- Body weights must be taken on two consecutive days at the beginning and end of test.
- During the test, the calves must be weighed every 14 days for shorter tests and monthly for longer tests.
- Calves must begin and end the test as a group. Withdrawals are only allowed when a sick or injured calve may impair the group.

5.5 Completion of Growth Test

- A SA Stud Book Technical Advisor (or a co-opted person accredited by SA Stud Book) must be present at the completion of the test.
- Body measurements such as scrotal circumference, shoulder or hip height (See Attachment 1) and body length are compulsory.
- The measurement of skin thickness and real-time ultrasound (RTU) measurements are optional.

- Genomic testing (tail hair samples) is optional. Samples should ideally be sent to the lab at the start of the test, to ensure that results can be included in the BLUP analysis at the end of the test, if applicable.
- Real and corrected body measurements are processed. The corrected scrotal circumference is used during inspection.
- Results such as ADG and GDA (gain per day of age) are expressed in grams as well as an index within the contemporary group. The information is useful when approving bulls (See Attachment 3 for more detail).
- The growth test is regarded as official if the test procedure has been complied with and the growth evaluation is statistically acceptable. The growth test must also be accepted on the Logix Data Base.

6. DUTIES OF OWNERS AND MANAGERS

These procedures must be followed and can only be changed with the permission of SA Stud Book.

6.1 Planning

- Please contact your specific technical adviser in time if you are planning to do a growth test.
- The entire procedure, feeding and management must be planned in collaboration with SA Stud Book to mutual satisfaction of the participant and SA Stud Book representative.

6.2 Record Keeping

- Participants undertake to comply with the agreed procedures and to record the weights promptly and correctly.
- All necessary recording documents (paper and/or electronic) must be available at request, especially it the centre do not use BenguFarm Beef or any other pre-authorized farm software programme.
- Detailed particulars of every calf must be recorded and all records must be updated and available.
- On-date weights and feed usage must always be available during and after the test.
- Within 7 days after the beginning of the test the adaptation and beginning test weights, as well as notifications of any hereditary defects, must be forwarded to SA Stud Book for processing.
- The updated test weights must be sent to the relevant SA Stud Book advisor, 14 days before the end of the test.
- A diary of important incidents such as injuries, illnesses, bloating etc., must be kept updated during the test by the test manager.
- Participants should examine calves for hereditary defects and record it. Only in exceptional cases will animals with hereditary defects be allowed to participate in a test, e.g. to compile suitable test groups and only where the defect will have no effect on performance. These animals may not be selected as breeding animals and must be slaughtered at the end of the test.
- Should a test for some or other reason be lengthened or cancelled, the relevant SA Stud Book advisor must immediately be informed.
- Animals may only be withdrawn from a test after consultation with SA Stud Book Advisor. Withdrawals will only be possible in exceptional cases, and not due to poor performance.
- SA Stud Book will be granted free access to the test facilities as well as to the records at all times.

6.3 Equipment

- A neck clamp, crush with a concrete floor and reliable SA Stud Book approved cattle scale must be available for weighing and the taking of body and other measurements.
- A reliable cattle scale must be regularly calibrated according to prescription and requirement of the SA Stud Book Technical Advisor.
- Should the breeder require ultra sound scanning (RTU), reliable and stable single phase electricity supply must be available for scanning.
- The working facilities must preferably be sheltered and dust free.
- Clean water supply must be available continuously. Water troughs must be checked on a daily basis.

7. DUTIES OF SA STUD BOOK

- Only an accredited Stud Book person may end the bull test evaluation according to ICAR guidelines.
- The test procedure must, in collaboration with the participant or responsible manager, be properly planned and any deviations of the test procedure during the course of the test will only be applied with consensus and must be recorded.
- SA Stud Book will monitor the test procedure. The test facilities may be visited at any time without notification in order to verify the procedure and the records. If SA Stud Book is convinced that the requirements and procedures have not been adhered to, the test will not be officially recognized.
- Any unacceptable deviation of performance or any other measurement from the expected biological norm according to breed statistics will not be accepted as official.
- An SA Stud Book advisor (or co-opted representative), must be present at the end of the test for the second end weighing of the bulls, taking the body measurements and processing of the test results.
- After verification of weights, data will be processed and the results will be available as soon as possible after completion of the test.
- Data will be placed on the Logix beef system as soon as possible after the test is completed so that official production reports can be issued. The data will be included in genetic evaluations, provided that there is sufficient growth test data available in the breed, and the breed receives genetic evaluations from SA Stud Book.

Attachment 1: Breed codes, shoulder/hip and corrected measurements

Breed code	Breed	Shoulder/ Hip Height	Corrected Scrotal Circumference	
			Standard Weight (kg)	Min. Standard for weight (mm)
AFA	Afrigus	Shoulder	385	300
ASM	Afrisim	Shoulder	425	305
AFR	Afrikaner	Shoulder	350	285
AAN	Angus	Hip	425	305
ANK	Ankole	Shoulder	425	305
BMA	Beefmaster	Shoulder	425	295
BSH	Beef Shorthorn	Shoulder	400	295
BON	Bonsmara	Shoulder	425	305
BOR	Boran	Shoulder	375	250
BGI	Borguni	Shoulder	350	265
BFD	Braford	Shoulder	400	285
BRM	Brahman	Shoulder	375	240
BRG	Brangus	Shoulder	425	295
BBS	Braunvieh	Shoulder	450	325
CHB	Charbray	Shoulder	425	275
CHL	Charolais	Hip	475	305
CIA	Chianina	Shoulder	475	320
DXT	Dexter	Shoulder	225	260
DRB	Drakensberger	Shoulder	400	305
GVH	Gelbvieh	Shoulder	475	320
HFD	Hereford	Hip	425	295
HUG	Huguenot	Shoulder	425	305
LMS	Limousin	Hip	425	270
NGI	Nguni	Shoulder	300	260
PGR	Pinzgauer	Shoulder	450	320
PZL	Pinzyl	Shoulder	425	305
RPO	Red Poll	Shoulder	400	300
RMG	Romagnola	Shoulder	450	310
SAN	Sanganer	Shoulder	325	275
SGT	Santa Gertrudis	Shoulder	425	270
SEN	Senepol	Shoulder	425	305
SBR	Simbra	Hip	450	300
SIM	Simmentaler	Hip	475	330
SDV	South Devon	Shoulder	475	310
SSX	Sussex	Hip	400	300
TUL	Tuli	Shoulder	300	255
WGU	Wagyu	Shoulder		

Attachment 2: Farm Growth Test requirements

BREED	Maximum Weight variation (kg)	Minimum Gain (kg)	Minimum ADG (g/day)
Dexter, Nguni, Sanganer, Tuli	65	90	400
Afrigus, Beef Shorthorn, Bonsmara, Boran, Drakensberger, Galloway, Kentshire, Red Poll, Salers, Senepol, Sussex, Pinzyl	75	110	500
Angus, Beefmaster, Charbray, Hereford, Hugenoot, Pinzgauer	80	120	550
Braunvieh, Charolais, Chianina, Gelbvieh, Romagnola, South Devon	85	130	600

Attachment 3: Vaccination programme of Sernick

(Pieter Booysen)

Pre-wean - 4 weeks prior to weaning			
Lung conditions	Bovi-Tect Produkte Bovi-Tect P	Mannheimia Pasteurella	
Lung conditions	Pyramid 4/ Bovishield	IBR - Infectious Bovine Rhinotracheitis BVD/Mucosal	
Blackquarter & Redgut	Covexin 10		
Pre-wean - 1 week prior to weaning			
Lung conditions	Bovi-Tect Products Bovi-Tect III	Mannheimia Pasteurella Multocida Pasteurella Hystophyllus Somni	Combination 3-in-1
Blackquarter & Redgut	Covexin 10		
Worms & ticks	Attila pour-on		
Start of adaptation			
Botulism & Anthrax	Botuthrax		
Vitamins & Minerals	Vitamin A, D & E Bi-Co Bolic	Vit B , phosphor	
Worms & Lice	Iverax		

Attachment 4: Detail of measurements and breeding values

Measurement	Processed data	Index	EBV*	Value
Weight at start of test **Weight at end of test**				Growth
	ADG (Average Daily Gain)	x	x	
	GDA (Gain per day of age)	x		
Height		x	x	
Length		x	x	Frame size
Scrotal Circumference		x	x	Bull Fertility
Skin Thickness				Adaptability, ticks
RTU:				
Eye Muscle Area (EMA)		x		
Fat Thickness		x		Carcass traits on live animal
Marbling		x	x	
	Red Meat Yield	x	x	
	Dressing Percentage	x	x	
	Muscle-Bone-Fat Ratio	x		
Growth Value	Combination of relevant breeding values		x	Simultaneous selection on many traits

Attachment 5: SA Stud Book Technical Advisors

Province	Technical Advisor	Base	e-Mail	Tel no.
Free State,	Siebert Vermeulen	Bloemfontein	siebert@studbook.co.za	082 5484 608
Free State, Northen Cape	Gerdus de Klerk	Jan Kempdorp	gerdus@studbook.co.za	072 691 3600
Free State, Eastern Cape	Johan Venter	Bloemfontein	johan@studbook.co.za	083 231 5164
North West, N. Cape	Dolf Cloete	Vryburg	dolf@studbook.co.za	082 6603 266
Limpopo, North West, Gauteng,	Andries Riekert	Pretoria	andries@studbook.co.za	082 4650 671
Central SA	Suretha Francis	Pretoria	suretha@studbook.co.za	083 584 0814
Gauteng	Thalia Brameld	Pretoria	thalia@studbook.co.za	071 4931 111
Western Cape	Chanelle Steenekamp	Kaap	chanelle@studbook.co.za	072 8364 108
Eastern Cape	Erick Joosten	George	erick@studbook.co.za	082 204 2379
Mpumalanga, KZN,EFS	Kabelo Phaka	Ernelo	kabelo@studbook.co.za	076 235 3304

Attachment 6: SA Stud Book Rates

Rates valid to 30 June 2025 (VAT Excluded)
(See www.sastudbook.co.za for latest rates)

Test Fee	R2150.00
Fee per bull, less than 40 bulls	R 101.50
Fee per bull between 41- 79 bulls	R 91.00
Fee per bull, more than 80 bulls	R 85.50
RTU Scan fee per bull	R 101.75 (optional)

LOGIX

SA STAMBOEK STUD BOOK

Vleisbees Aantekening

Julie 2024

LOGIX Vleisbees Aantekening

Saamgestel deur:

Helena Theron, Siebert Vermeulen, Herman Labuschagne

& Stamboek Personeel Julie2024

INHOUDSOPGAWE

Lys van Afkortings 5

1. Inleiding 7

2. SA Stamboek 9

3. Telersgenootskappe 10

4. Die Logix Data Basis 11

5. Produksie aantekening 12

6. Diere identifikasie 13

6.1 Dier-Identifikasie Nommers 13

6.2 Identifikasie metodes 13

6.3 Brandmerke vs Kudde kenmerke 14

6.4 Status van Diere 16

7. Toerusting 19

8. DNA 21

8.1 Genomiese Diens vir Vleisbeeste 22

8.2 Oorerwing van Enkel Gene 23

9. Produksie meting 24

9.1 Koeie en kalwers 25

9.1.1 Vrugbaarheid 25

9.1.2 Deklyste 25

9.1.3 Embriospoeling en -oorplasing 26

9.1.4 Vrugbaarheidswaardes 27

9.2 Geboorte 28

9.2.1 Geboorte Aantekening 29

9.2.2 'Pending' diere 29

9.2.3 Kalwingsprobleme 30

9.2.4 Kalfgemak Waarde 31

9.3 Speen 32
9.3.1 Gewig van Kalf en Koei by Speen 32
9.3.2 Weegdatum grense en Kodes 32
9.3.3 Riglyne vir die saamstel van Kontemporêre Groepe 33
9.3.4 Aangepaste Speengewig en Binne-Kudde Speen Indeks 34
9.3.5 Kalfgroei Waarde 35
9.3.6 Melk Waarde 35
9.3.7 Onderhoudswaarde 35
9.4 Naspeense Metings 37
9.4.1 12- en 18 maande gewigte 37
9.4.2 Plaas Groeitoetse 38
9.4.3 Voerinname Groeitoetse 39
9.4.4 Groeitoets Teelwaardes 40
9.4.5 Karkaseienskappe 42
10. Logix 43
10.1 Toegang tot Logix 43
10.2 Logix Skerm uitleg 44
10.3 Opsomming van beskrywing van Logix verslae 48
10.4 Voobeelde van sommige Logix verslae 49
10.5 Katalogus 61
10.6 Berekening van verwagte inteling 61
11. SABeefBulls.com 62
12. Kudde ontleding 63
13. Seleksie en Teling 63
14. Teelwaardes 65
14.1 Teelwaardes, Teelwaarde indekse (EBVi) en Akkuraathede 65
14.2 Seleksie Waardes 66
14.3 Sterre 68
15. Elite Toekennings 69
Addendum:Plaas groeitoetse 73
Addendum: Voerinname Toetse 77
16. Kontak Besonderhede 82

LYS VAN AFKORTINGS

0	Ouderdom by geboorte gewig
205	Gekorrigeerde speengewig, Indeks
365	12 maande gewig, Indeks
540	18 maande gewig, Indeks
A11	Voorspeen gewig evaluasie
A22	Speen gewig evaluasie
ABI	Dier Biologiese ID nodig DNS
Afd	Afdeling van Kuddeboek
Ak	Aantal kalwers
Akk	Akkuraatheid van teelwaarde
B11	Jaar gewig evaluasie
B22	18 maande gewig evaluasie
BPK	Beste Produserende Koei toekenning
C11	Voerdoeltreffendheidstoets by LNR (rollende gemiddeld)
C22	Voerdoeltreffendheidstoets by Privaat sentrum (rollende gemiddeld)
C32	Voerdoeltreffendheidstoets (eie kontemporêre groep)
C41	Voerdoeltreffendheidstoets vroulike diere
D11	Groeitoets op plaas of sentrum
D21	Groeitoets op plaas of sentrum (> 1 teler)
DK	Dekkingskode
DLK	Dae sedert laaste kalwing
DNA/BIO	Biologiese analise/berging
DOEL	Doeltreffendheid
DV	Moeder verifikasie
EBV	Beraamde teelwaarde
EBV i	Teelwaarde indeks
ES	Aantal embrio spoelings
F	Vroulik
FO	Fondasie Generasie
GDO	Gemiddelde daaglikse toename per oud.
GDT	Gemiddelde daaglikse toename (oor 'n periode)
Geb DTM	Geboorte datum
Geb Dir	Geboorte Direk teelwaarde
Gew	Gewig
GKB	Gemiddelde gewig van koei by geboorte van kalf
GKS	Gemiddelde gewig van koei by speen van kalf
GSI	Gemiddelde Speen Indeks (Embrio's uitgesluit)
GT	Genomies getoets
Hgt	Hoogte (Skouer of Heup)
HLV/LH	Hoogte : Lengte verhouding
IBP	Intergeboorte Periode (=TKP)
ID	Identifikasienommer

INT	Inteling
KKM	Kudde kenmerk
KKG	Koei-Kalf Geboorte Verhouding
KKS	Koei-Kalf Speen Verhouding
LE	Laaste evaluasie
Lankl	Lanklewendheid
Lgt	Lengte
LDD	Laaste Dek Datum
M	Manlik
Moer	Die moeder van die kalf
MS	Veelvuldige vaars gebruik
Na sp	Naspeense groei
Nag	Aantal nageslag
NFR	Nie vir registrasie
OEK	Ouderdom by eerste kalwing natuurlik
OSO	Oogspier opervlak
OV	Ouerskap verifikasie
PEB	Ouerskap fout, beide
PED	Ouerskap fout, moeder
PEN	Registrasie hangende
PES	Ouerskap fout, vader
PNI	Een of albei ouers is nog nie geïnspekteer/goedgekeur
PP©	Homosigoties Poena (Celtic toets)
Pp©	Heterosigoties Poena (Celtic toets
HH©	Homosigoties Horings
P	Fenotipies Poena
PRF	Prestasie
PVN	Ouerskap van embrios nie bevestig
R.I.	Reproduksie Indeks
RCB	Herstel tot kalfboek
REG	Geregistreerd
RRG	Herstel tot geregistreerd
SBI/SNV	Vaar en kalf DNA verifikasie uitstaande
SI	Speen Indeks
SO/Skr	Skrotum Omvang
Sp	Aantal kalwers gespeen
SP	Vol geregistreerd (Stud Book Proper)
Sp dir	Speen Direkte Teelwaarde (Genetiese groeivermoë tot speen)
Sp mat	Speen Maternale Teelwaarde (Genetiese moedereienskappe en melk)
SRV	Dekkings uitstaande
St	Status (geregistreerd, kalfboek,)
SV	Vaar verifikasie
TKP	Gemiddelde tussenkalfperiode
TKP1-2	Tussenkalfperiode 1ste – 2de
TKPL2c	Tussenkalfperiode laaste 2
Vaar	Vader van nageslag
Verh	Verhouding
VOV	Voeromset Verhouding

1. INLEIDING

'n Stoetteler behoort diere te teel wat aan die kommersiële boer se behoeftes voldoen, en die uitdaging is om te bepaal watter tipe dier aan die kommersiële boer en verbruiker se vereistes voldoen. Die uitdaging vir kommersiële boere is om 'n stoetteler of selfs 'n ras te vind waarvan die bulle kalwers sal teel wat inpas by hulle produksie en bemarkingssisteem. Dit is dus belangrik vir vleisbeesrasse en –telers om nie net die koei-kalf produksie op die veld voortdurend te monitor en te verbeter nie, maar ook om groei en vleisproduksie van jong bulle geneties te verbeter. Genetiese verbetering is relatief maklik indien eienskappe met wetenskaplik gefundeerde metodes gemeet word en teelwaardes en seleksie waardes beraam word. Dit gee aan kommersiële boere die gemoedsrus dat die bul wat hulle koop, wel 'n verskil sal maak aan hulle kalweroes en dus hulle wins.

Die basiese beginsel agter alle diere-produksie aantekening is dat die inligting wat versamel en aangeteken word sinvol gebruik moet word tot volhoubare langtermyn voordeel van die teler en/of die Telersgenootskap. Diereverbetering is daarop gebaseer dat die meeste produksie eienskappe van diere oorerflik is, en dus aan hul nageslag oorgedra word. Vir beter bestuur en ook genetiese verbetering moet inligting aangeteken word, en dit is die doel van hierdie kursus.

Telersgenootskappe is verantwoordelik vir die basiese diere-aantekeningsaksies van die rasse wat hulle verteenwoordig. Die SA Stamboekvereniging verrig die diere-aantekeningstake namens die Telersgenootskappe wat by die Vereniging geaffilieer is. Dié proses word toegepas volgens die Telersgenootskappe se onderskeie grondwetlike reëls oor diere-aantekening en hul rasstandaarde. Al die inligting word na verwerking deur 'n doelgeskrewe rekenaarprogram gestoor op Logix, SA Stamboek se sentrale databasis.

Bepaal 'n seleksie doelwit

- Besluit watter tipe diere jy wil teel
- Bepaal deur die omgewing en mark

Maak die nodige inligting bymekaar

- Fenotipes (meet en weeg diere vir ekonomies belangrike eienskappe)
- Stambome
- Genotipes



Data word verwerk op Logix

- Verskeie handige bestuursverslae
- Teelwaardes en genetiese verslae

Gebruik die inligting

- Bestuursverslae
- Teelwaardes

Evalueer die resultaat

- Moet seleksiedoelwit aangepas word?
- Is verwagte resultaat bereik?

Aantekening kan aanvanklik eenvoudig wees: Vrugbaarheid van koeie kan byvoorbeeld bepaal word deur net die geboortedatums van kalwers aan te teken. Vleisbeesboerdery het ook die era van presisie boerdery betree, sodat eienskappe soos doeltreffendheid en die seleksie van vleiseienskappe op lewendige diere, asook genomiese seleksie, ook moontlik is. Akkurate aantekening bly baie belangrik.

2. SA STAMBOEK

SA Stamboek is ’n onafhanklike, onpartydige Suid-Afrikaanse organisasie met Telersgenootskappe as lede. Die SA Stamboekvereniging bestaan uit 64 Telersgenootskappe wat 27 bees-, 15 kleinvee-, 16 perde- en ses Telersgenootskappe vir ander spesies insluit. Hierdie Telersgenootskappe verteenwoordig die belange van 78 verskillende diererasse. Behalwe hierdie rasse hanteer SA Stamboek ook die registrasies van 29 ander rasse, naamlik direkte inskrywingsrasse: klein rasse wat nie ’n Telersgenootskap het nie.

Dit verleen plaaslike- sowel as internasionale geloofwaardigheid aan aantekening-data. SA Stamboek is ICAR (*International Committee for Animal Recording*) gesertifiseer. Alle data-insameling, verwerking en teelwaardeberamings voldoen dus aan internasionale riglyne en standaarde.

Die insameling en verwerking van alle produksiedata geskied onder dieselfde riglyne en prosedures en daarom is die data maklik verstaanbaar tussen alle rasse, wat ’n besondere voordeel is en gemoedsrus gee vir voornemende kopers en die bedryf. Verwerkte data bied vir die teler geleentheid om sinvolle seleksie toe te pas en ook om deurdagte doelwitte op te stel en te monitor. Die betrokke Telersgenootskap kan ook op ‘n gereelde basis die ras monitor en rigting van teling aanbeveel.

Toekennings word jaarliks aan vleisbeeskuddes en -diere gemaak om erkenning te gee vir uitsonderlike prestasies. Hierdie toekennings sluit in Beste Produserende Koei, Elite Platinum Koei, Elite Platinum Bul, Bulgroeitoetsklas by Bloemskou en Elite SA Stamboek Stoetkudde: Vleisbeeste. Die vereistes is in Addendum 1.

Deur middel van SA Stamboek se jaarlikse ELITE Teling-simposium word telers op hoogte gehou van nasionale en internasionale ontwikkelings in die veebedryf. Dit bied ook geleentheid om vrae te beantwoord en ook aktief aan die besprekings deel te neem.



Ruan Kruger, Herman Labuschagne en Siebert Vermeulen

3. TELERSGENOOTSKAPPE

Die Telersgenootskap is ‘n organisasie van telers van ‘n ras wat die belange van die ras so bestuur dat die kenmerke van die diere van die ras tot die maksimum voordeel van die telers en eienaars strek. ‘n Beestelersgenootskap is ‘n groep lede wat die teel, registrasie, produksie aantekeninge en genetiese vordering van die diere en kuddes in die ras bevorder. Die Telersgenootskap handel ook volgens die Veeverbeteringswet om toe te sien dat rasstandaarde opgestel en toegepas word. Sien www.studbook.co.za vir kontakbesonderhede.

Die basiese funksies van ‘n Telersgenootskap is die volgende:

1. Volgens wet: formuleer ‘n beleid, stel ‘n grondwet op en pas dit toe
2. Verbetering en behoud van die ras
3. Promosie en bemarking van die ras
4. Interne opleiding van telers tov ras en beleid (Keurders, beoordelaars en ambassadeurs vir die ras)
5. ‘n Komitee in die genootskap moet omsien na die effektiewe finansiële bestuur van hul fondse. Daar is jaarliks ‘n fooi betaalbaar aan die genootskap deur telers.
6. Die genootskap is lid by SA Stamboek wat as die registrerende owerheid dien, en waar alle datavaslegging op die Logix stelsel vasgelê en verwerk word. Die inligting is vir die teler op die internet beskikbaar.

STAPPE OM LID VAN ‘N BEESTELERSGENOOTSKAP EN SA STAMBOEK TE WORD

1. Die persoon of maatskappy doen aansoek by die beestelersgenootskap waarin hy belangstel.
2. Die aansoek word deur die genootskap en SA Stamboek goedgekeur.
3. ‘n Voorvoegsel word deur INTERGIS toegeken en ‘n kudde kenmerk (KKM) word deur die Genootskap toegeken aan die kudde. Die KKM bestaan uit 2 tot 4 letters en is uniek binne ras.
4. ‘n Lidmaatskapsnommer word ook toegeken, wat vir die genootskap en SA Stamboek se administrasie gebruik word.
5. Die teler kan ook by die Logix Aantekeningstelsel aansluit. Die teler het dan toegang om sy kudde se registrasie- en produksie aantekeninge te doen. Hier word alle data vasgelê en verwerk tot bruikbare verslae. Die inligting is altyd vir die teler op die internet beskikbaar (www.logix.org.za).
6. Die nuwe lid kan nou diere laat keur of oordra na sy naam om sy kudde te bou.
7. Fooie is jaarliks op die 1ste Julie betaalbaar en bestaan uit ‘n kudde fooi sowel as ‘n fooi per dier. ‘n Per kapita lys word vooraf aan die teler gestuur.

4. DIE LOGIX DATA BASIS

Logix staan vir '*Livestock Operational and Genetic Information Exchange*' en is die databasis van SA Stamboek. Logix word gerugsteun deur 'n groot span navorsers en tegniese adviseurs wat voortdurend navorsing en ontwikkeling doen om te verseker dat Logix Vleis in lyn bly met internasionale ontwikkelings en die behoeftes van die plaaslike bedryf. Alle inligting en dienste word deur professionele navorsers en tegniese adviseurs ondersteun wat beskikbaar is vir advies vir alle aspekte van teling en diereverbetering.

Metings van aangetekende diere en kuddes:
Stambome, geboortes, gewigte, telers, eienaars, ens.

Teken data aan:
Logix
Plaassagteware

Outomatiese Rugsteun

Skakeling met:
DNA Labs
Diagnostiese Labs
Biobanke

Toegang vir buite-partye met toestemming van teler
(veeartse, voeding-kundiges ens.)

Diere se data word verwerk in bruikbare verslae byvoorbeeld:

3–Generasie stamboom



Kraallys

Teelwaarde Verslag

Logix is dus 'n sentrum waar al die data bymekaarkom. Data wat op die plaas of in laboratoriums gegenereer word, word op Logix verwerk tot bruikbare verslae en teelwaardes. Logix koppel ook met verskeie plaassagteware, byvoorbeeld BenguFarm, Herdmaster ens. Data verkry vanaf die Logix databasis word verwerk tot 'n objektiewe seleksie hulpmiddel vir die identifisering van doeltreffende diere en om ondoeltreffende diere uit te skot.

5. PRODUKSIE AANTEKENING





6. DIERE IDENTIFIKASIE

6.1 DIER-IDENTIFIKASIE NOMMERS

Diere moet duidelik en uniek geïdentifiseer word en stambome moet aangeteken word aangesien stambome ‘n belangrike bron van inligting is vir teelwaardes. Slegs twee vorms van die identifikasienommer van diere is geldig, naamlik die rekenaar- (registrasie) nommer en ID-nommer. ‘n Dier behou sy unieke identifikasienommers vir ewig; sulke nommers mag nie verander word nie.

Die ID nommer (volgens ICAR standaarde) bestaan uit ‘n Raskode, Geslag (M of F), Kuddekenmerk (wat aan ’n teler toegeken word deur die Telersgenootskap en wat net binne ’n ras uniek is), Jaar van geboorte en ‘n volgnommer bestaande uit 4 letters wat deur die teler toegeken word (byvoorbeeld ‘0001’ is die 1e kalf van die jaar, ‘0002’ is die 2e kalf, ens). Die bulkalf bo se unieke ICAR ID nommer is dus: RAS M SASB 20 0001. Dit is dus ‘n bul van ‘n spesifieke ras, gebore in die SASB kudde in 2020, en die teler het aan hom die volgnommer 1 toegeken. Elke dier se nommer moet uniek wees, moet byvoorbeeld nie die eerste vers- sowel as die eerste bulkalf die nommer 1 gee nie. Telers kan opsioneel ook diere se name aanteken of ‘n plaasdiernommer toeken, bv. die oorplaatjie nommer, as dit nie ooreenstem met die ID nommer nie. ’n Landkode word ook outomaties deur Stamboek toegeken, veral waar genetiese materiaal internasionaal uitgeruil word of vir deelname aan teelwaarde-evaluasies oor landsgrense. Die deelnemernommer of lidnommer van die teler wat ’n aantekening instuur, is ook belangrik. Die volledige deelnemernommer, insluitend die raskode, moet aangedui word in alle korrespondensie met die Telersgenootskap en SA Stamboek, en op alle aantekeningsdokumente wat vir opname en verwerking ingedien word.

6.2 IDENTIFIKASIE METODES

Volgens wet moet alle beeste ‘n brandmerk van die betrokke eienaar dra. Vir stoetteling is dit egter belangrik dat elke dier uniek geïdentifiseer moet kan word. Diere kan op verskillende maniere geïdentifiseer word, waarvan sommige metodes meer permanent is as ander. Oorknippe is permanent en kan van ‘n afstand gelees word.

Oorplaatjies kan ook vanaf ‘n afstand gelees word en is die gewildste metode, maar oorplaatjies verloor dikwels, so dis wenslik om ‘n addisionele metode ook te gebruik, soos ‘n metaalplaatjie (moeiliker om te verloor) of tatoeëring, wat permanent is.





Die nuutste metode is elektroniese plaatjies, byvoorbeeld RFID plaatjies, wat met ‘n leser vanaf ‘n afstand gelees kan word. Die RFID metode van merk is baie voordelig, aangesien die leser byvoorbeeld aan die skaal gekoppel kan word. Sommige plaatjies kan selfs met behulp van ‘n ‘*drone*’ opgetel word, wat byvoorbeeld die opsporing van beeste makliker maak. Hierdie plaatjies is ook herbruikbaar, omdat die spesifieke dier se nommer elektronies aan die plaatjie gekoppel word.

Die enigste onfeilbare metode van identifikasie is ‘n DNA profiel. Daarmee kan enige dier onbetwisbaar bewys word as die dier wat gekoop/verkoop is, die dier waarvan semen getap is of die ouer/nageslag van ‘n spesifieke dier is. Eienaarskap kan ook bewys word. Daar word dus aanbeveel dat haar-monsters van alle diere in ‘n biobank gestoor word.

6.3 BRANDMERKE VS KUDDE KENMERKE

Die beheermaatreëls na aanleiding van die onlangse beken-klouseer-krisis het almal meer bewus gemaak van die belangrikheid van brandmerke, omdat daar veral by veilings beter beheer toegepas word. Afslaers kontroleer nou of diere gemerk is, hetsy met ‘n brand- of tatoeërmerk, en of daardie merk geldig is. Dit het egter gelei tot verwarring tussen veeboere en owerhede oor watter merke geldig is. Die owerhede is ook nie altyd bewus van die merke wat deur stoettelers gebruik word nie.

Brandmerke is noodsaaklik om die oorsprong van ‘n dier te kan bewys. Die brandmerk of kuddekenmerk is gekoppel aan ‘n eienaar en plek en is geregistreer op ‘n databasis om naspeurbaarheid moontlik te maak. Dit is veral in veediefstalsake belangrik. Vir stoettelers is dit belangrik om te weet deur wie die dier geteel is. Die stoetteler kan so die stamboom van ‘n dier nagaan en sien wie die voorgeslag geteel het. Stoetboere gebruik kuddekenmerke (KKM) wat toegeken word deur hulle ras se telersgenootskap. Dit kan dupliseer tussen rasse en is dus nie uniek nie. Die brandmerke wat deur DAFF uitgereik word aan kommersiële veeboere kan egter ook dupliseer met stoet brandmerke. Dit lei dus tot die grootste verwarring.

Daar is twee wette wat betrekking het:

- Diereverbeteringswet 62 van 1998 vir stoettelers se Kuddekenmerke
- Diere-Identifikasie Wet van 2002 vir Brandmerke.

Laasgenoemde wet sluit die Diereverbeteringswet in paragraaf 15.2 uit. Die Diereverbeteringswet is voor die Diere-identifikasie wet afgekondig en die kuddekenmerke was reeds toegeken toe die Diere-Identifikasiewet afgekondig is. Daar is dus duplikasie tussen stoet- en kommersiële diere. Die Diere-Identifikasie Wet bepaal dat ‘n dier met ‘n permanente merk, naamlik warm-brand, vries-brand of tatoeërmerk gemerk moet word. Stoetboere se ras genootskap se Grondwet bepaal hoe diere gemerk moet word, meestal ‘n tatoeër- of

brandmerk. Oorplaatjies is nie ‘n permanente merk nie, want dit kan verloor of uitskeur. Diere se ore word ook soms afgesny met veediefstal om identifikasie onmoontlik te maak.

Brandmerke word permanent toegeken aan ‘n persoon of boerdery by registrasie en wanneer daardie persoon afsterf of ophou boer kan die brandmerk nie meer gebruik word nie. Die Registrateur van Brandmerke moet in kennis gestel word. DAFF moet in kennis gestel word, selfs wanneer die brandmerk oorgedra word van vader na seun.

Kuddekenmerke (KKM) word toegeken aan ‘n persoon of boerdery vir solank daar aktief met die ras geboer word en die stoet aktief is. Wanneer die teler ophou boer mag die merk nie verder gebruik word in die ras of vir enige ander diere nie. Die KKM het dus ‘n geldige tydperk waarbinne dit gebruik kan word. Wanneer ‘n stoetteler byvoorbeeld kruisteling doen, is die nageslag nie registreerbaar nie en moet hy dus sy kommersiële beeste se brandmerk gebruik vir daardie diere. Indien die moeder ‘n stoetkoei is, word sy gemerk met die kuddekenmerk vir stoetteling. Daar is nie op die oomblik ‘n sentrale databasis waar owerhede merke kan bevestig nie, maar dit sal sekerlik deur die nuwe LIDS stelsel vir naspeurbaarheid aangespreek word. Die SAPD se Veediefstal eenhede het wel toegang tot beide die departement en SA Stamboek se databasis deur Logix om veediefstal sake op te los.

Die kontak besonderhede vir verdere inligting is as volg:

SA Stamboek:

- Navrae vir geregistreerde stoettelers: helpdesk@studbook.co.za.



6.4 STATUS VAN DIERE

Die status van diere kan verander tydens die produksie siklus. Hier volg 'n paar kort beskrywings van die verskillende statusse wat diere in kan verkeer.

KALFBOEKDIERE

Nadat 'n geboorte kennisgewing verwerk en deur die stelsel opgeneem is, staan die betrokke dier as 'n kalfboek dier bekend. Dit is die benaming vir 'n stoetdier wat na 'n geboorte opgeneem is maar nog nie as 'n stoetdier geregistreer is nie, omdat die dier nog eers deur die genootskap gekeur moet word. Sommige rasse registreer egter al die nageslag van geregistreerde diere by geboorte, sonder 'n inspeksie of keuring. By sulke rasse bestaan daar gevolglik nie kalfboekdiere nie.

EERSTE AANVAARDINGS

Eerste Aanvaarding is die proses waardeur goedgekeurde 'graad'-diere as basis- of hulpstamboek diere toegelaat kan word tot die registers van 'n ras. Telersgenootskappe wat in hul grondwette voorsiening maak vir opgradering het duidelike reëls oor die goedkeuring en aantekening van Eerste Aanvaardingsdiere.

Diere word slegs as Eerste Aanvaardings (EA's) aangeteken indien hulle deur die betrokke Telersgenootskap geïnspekteer en goedgekeur is. Normaalweg word slegs vroulike diere as EA's toegelaat. Die betrokke Telersgenootskap bepaal gewoonlik, in oorleg met SA Stamboek, die formaat van die rekenaarinvoerdokumente en watter inligting daarop moet verskyn. In die meeste gevalle is geen van die ouers van 'n EA-dier bekend nie, maar in sommige gevalle mag een van die ouers bekend wees. Vroulike EA-diere word uitgesluit by die berekening van sekere reproduksienorme op die aantekeningstelsel, byvoorbeeld ouderdom met eerste geboorte en by die berekenings van kudde- en rasgemiddeldes van sodanige reproduksienorme.

INGEVOERDE DIERE, SEMEN EN EMBRIOS

Vir die doel van die administrasie van die rekords van ingevoerde genetika (d.i. diere, semen en embrios, asook die voorgeslagrekords hiervan) word sulke 'diere' as ingevoer beskou as hulle nie op die registrasiestelsel van SA Stamboek gebore of gepropageer is nie. Dit beteken dus dat daar vir elke ingevoerde 'dier' 'n amptelike invoerpermit met die voorgeskrewe dokumente moet wees. Hierdie dokumente sluit onder andere 'n invoerpermit/magtigingsnommer, 'n registrasiesertifikaat, 'n volledige drie-generasie stamboom en 'n DNA-laboratoriumverwysingsnommer of DNA-profiel in. Die data- opname van hierdie 'diere' se besonderhede, insluitend die gegewens van hul ouers en voorouers, word deur SA Stamboek behartig en moet van hierdie amptelike dokumente af geskied. Slegs 'diere' waarvan die invoer deur die betrokke Telersgenootskap goedgekeur is, word op die aantekeningstelsel toegelaat.

Die name, registrasienommers en identifikasienommers van ingevoerde 'diere' mag nie verander word nie, en hul amptelike besonderhede, soos geregistreer in die land van herkoms, moet gebruik word om die dier te identifiseer. Geen prestasie- of reproduksie-rekords van ingevoerde 'diere' wat in die land van herkoms verwerf of aangeteken is, mag op die aantekeningstelsel van die invoerland aangeteken word nie. Invoerders moet seker maak dat al die voorgeskrewe dokumentasie duidelik leesbaar en gesertifiseer is deur die registrasie-owerheid in die land van herkoms.
Dit is tans ook goeie praktyk om vooraf die Genomiese Profiel van alle ingevoerde diere te bekom ten einde later ouerskappe te kan bevestig, die profiele in te sluit in genetiese meriete bepaling en te gebruik vir die navolging van moontlike erflike gebreke of ander enkel-geen eienskappe.

INSPEKSIES EN KEURINGS

Inspeksie en goedkeuring is ’n voorvereiste vir registrasie vir baie rasse. Gewoonlik het die betrokke Telersgenootskappe vasgestelde minimum en maksimum ouderdomme waarna of waarvoor inspeksie moet plaasvind. Gewoonlik vind die inspeksie van ’n teler se diere jaarliks per afspraak plaas, en in baie gevalle gaan die inspeksie gepaard met ander handelinge soos die lineêre klassifikasie van die diere of die afsluiting van ’n groeitoets. Inspeksie/keuring vind plaas op Eerste Aanvaardings sowel as kalfboekdiere. Die doel van ’n inspeksie is hoofsaaklik om te verseker dat alle diere wat geregistreer word voldoen aan die rasstandaarde van die Telersgenootskap, en dat hulle vry is van enige genetiese defekte of funksionele voorkoms-afwykings. Elke ras se goedgekeurde keurder word ook op Logix aangeteken en keurings word sodoende aan die betrokke keurder gekoppel.

REGISTRASIES

Behalwe vir rasse waarvan die diere by geboorte geregistreer word, vind die registrasie van diere plaas nadat die diere tydens ’n inspeksie/keuring goedgekeur is en SA Stamboek dienooreenkomstig in kennis gestel is. Normaalweg vind die proses van registrasie outomaties plaas volgens die rasstandaarde en teeltabelle van die ras, soos geprogrammeer op die aantekeningstelsel. Die proses is totaal afhanklik van die akkuraatheid van die dokumentasie wat die proses voorafgaan, m.a.w. die geboortekennisgewingsdokument en/of die inspeksielys. Sommige rasse vereis ook deklyste voordat geboortes aangeteken mag word.

OORDRAG VAN EIENAARSKAP

Een van die belangrikste doelwitte van stoetteling is om diere te teel wat vir teeldoeleindes aan ander telers, hetsy mede-stoettelers of kommersiële produsente, verkoop kan word. As ’n algemene riglyn behoort inligting oor die oordrag van eienaarskap so gou as moontlik nadat die dier van eienaars verwissel het, aangeteken en ingedien word vir verwerking.

Met uit-die-hand-verkope word die oordrag van eienaarskap op die voorgeskrewe dokument aangeteken. Dit sluit in die aantekening van die datum waarop oordrag plaasgevind het, en die volledige inligting van die nuwe eienaar: deelnemernommer (indien van toepassing), voorletters en van, en volledige posadres. Selfs in die gevalle waar diere oorgedra word na kommersiële telers/nie-lede, is dit baie belangrik dat die oordrag-inligting behoorlik aangeteken word .

KANSELLASIE VAN AANTEKENING OF REGISTRASIE

Diere kan gekanselleer word deur die teler/eienaar; Telersgenootskap (n.a.v. toepaslike klousules in hul grondwet) of deur die aantekeningstelsel, n.a.v. nie-nakoming van die bepalings van die grondwet van die betrokke ras. ’n Dier kan op enige stadium deur die teler/eienaar gekanselleer word. Die datum en rede vir kansellasie is nodig by die kennisgewing en verwerking van ’n kansellasie. Redes sluit in geen rede; dier is dood of dier is uitgeskot weens reproduksie; produksie/prestasie; ouderdom; gesondheid, of konformasie/bouvorm.

Gekanselleerde diere kan nie meer aan die normale prosedures en prosesse van aantekening deelneem nie. Sulke diere word nie vanaf die aantekeningstelsel verwyder nie, maar bly vir ’n onbepaalde tyd daarop, hoofsaaklik vir historiese doeleindes. Die rekords van gekanselleerde diere het geen finansiële implikasie vir die teler of die Telersgenootskap nie.

HERINSTELLING VAN GEKANSELLEERDE DIERE

Herinstelling is die proses waardeur ’n gekanselleerde dier weer op die aantekeningstelsel ‘geaktiveer’ word. Herinstellings van diere geskied slegs op grond van die skriftelike versoek van die betrokke Telersgenootskap.

In alle gevalle bepaal die Telersgenootskap die gronde en prosedures vir die herinstelling van gekanselleerde diere. ’n Fooi is betaalbaar aan SA Stamboek vir die herinstelling van diere.

AANTEKENING VAN LINEÊRE KLASSIFIKASIES

Lineêre klassifikasie van plaasdiere is die subjektiewe evaluering van diere se eienskappe en die toekenning van punte daarvoor op ’n lineêre skaal, gegrond op die gewenstheid van die betrokke eienskappe. Lineêre klassifikasie behoort slegs gebruik te word vir eienskappe wat moeilik of glad nie meetbaar is nie. In die praktyk vind lineêre klassifikasie gewoonlik tydens keuring en/of prestasie-evaluering plaas.

AANTEKENING VAN ANDER INLIGTING

Die personeel van SA Stamboek is goed onderlê in ’n wye reeks toepassings vir diere-aantekening en sal telers en Telersgenootskappe graag help om doelmatige aantekeningsprogramme te ontwerp en te implementeer, byvoorbeeld die aanteken en verwerking van veilingsresultate, tesame met die samestelling van ’n veilingskatalogus.

7. TOERUSTING

Basiese hanteringsgeriewe:

- ’n betroubare beesskaal (onder links en regs),
- ‘n kopklamp

verkieslik.
Onderdak hanteringsgeriewe (middel regs) is gerieflik.

- en ‘n drukgang word benodig vir produksie aantekening.
- Rekenaar en internettoegang is •

Bo links: 'n Kop klamp in die drukgang *Regs Bo: Skaal in 'n drukgang*

Bo: 'n Sirkelvormige drukgang soos by Bufland maak hantering van groot groepe diere makliker.

Bo: Die inname groeitoetsstasie by Sernick, waar individuele voerinnames van bulle in 'n groeitoets gemeet word om voerdoeltreffendheid te bepaal.

Links: RTU ('Real Time Ultrasound') apparaat waarmee karkas- en vleiseienskappe op lewendige diere gemeet word.

8. DNA

Daar is tans twee tipes DNA ontledings beskikbaar, nl. die tradisionele DNA-toets wat op enkele merkers op die genetiese kode berus, sowel as die genomiese DNA-toets wat nuwe tegnologie is en waar inligting baie akkuraat met behulp van 50 000 SNP merkers op die genetiese kode bepaal word. Hoewel die genomiese DNA-toets tans nog duurder is, bevat dit meer inligting en het dit ook meer toepassings. Dit is die toets wat in die toekoms gebruik gaan word, daar word dus aanbeveel dat diere (veral bulle) eerder genomies getoets word.

DNA Toets	Ouerskappe	Multi-vaar parings	Enkelgeen eienskappe*	Genomiese EBVs (GEBVs)
Gewone DNA toets	DNA van moontlike vader / ouers moet beskikbaar wees	Soms moeilik onderskeibaar tussen half-broers of vader/seun kombinasies weens beperkte aantal merkers.	Moet ekstra betaal	Nie moontlik nie
Genomiese DNA toets	Kan die vader akkuraat opspoor indien wel getoets	Kan die korrekte vader onderskei in die geval van half-broers of vader/seun weens die groot aantal merkers.	Word ingesluit in die koste	Word ingesluit in die koste

* Poenskop, dubbelbespiering, kleur gene

NEEM VAN ‘N HAARMONSTER

Haarmonsters word geneem deur ongeveer 40 sterthare (omtrent die omtrek van 'n dik potlood) wat droog en vry van enige vreemde stowwe (soos mis) is, met ‘n tang uit die stertkwas te pluk. Pluk die hare op en weg van die stert om seker te maak dat die wortels nog steeds aangeheg is, want die DNA is in die haarwortels. Plaas die haarmonster van elke dier in 'n aparte papier koevert, nie plastiek nie, aangesien die DNA beskadig raak as dit sou sweet in ‘n plastieksakkie. Merk die koevert met die dier se ID nommer, ras en datum. Die DNA toetse is baie sensitief en indien ander diere se hare ook per ongeluk in die koevert beland, gaan dit verwarrende resultate veroorsaak en sal die toets herhaal moet word. Wees dus versigtig om kruis-kontaminasie van monsters te verhoed. Daar moet byvoorbeeld geen ander hare op die tafel wees nie en baie skoon gewerk word.

Haarmonsters is goedkoop om te versamel en kan oor ‘n langtermyn gestoor word by kamertemperatuur in 'n koel, droë plek (bv. liasseerkas) vir toekomstige DNA-toetsing. Dit kan ook by SA Stamboek in die Biobank gestoor word. Dit is ook ‘n goeie praktyk om twee stelle monsters te neem, veral as een gebruik word vir toetsing. Indien genomiese DNA-toetsing vereis word, stuur die monsters per koerier na SA Stamboek. Vir Aandag: Elsa van den Berg, SA Stamboek, Posbus 270, Bloemfontein, 9300. Skryf duidelik op die koevert met die haarmonster: Genomiese Toetsing



Links: Maak seker dat daar wel haarwortels / follikels in die monster voorkom, aangesien die DNA uit die haar-wortels gehaal word.
Bo Regs: Koeverte met haarmonsters vir Genomiese toetsing.
Onder regs: Werk baie akkuraat en verseker dat die regte dier se hare in die regte gemerkte koevert is.

8.1 GENOMIESE DIENS VIR VLEISBEESTE

SA Stamboek werk internasionaal saam met leiers op die gebied van genomiese seleksie en dienste en bied 'n alles-omvattende genomiese diens aan. Telers kan staatmaak op 'n betroubare en bruikbare Genomiese Diens en is verseker van volle eienaarskap van hulle inligting en data.

SA Stamboek se Genomiese Diens sluit die volgende in:

- Enkelgeen-merkers:
  - Poenskop/Horings (verskeie variante) ○ 14 Myostatinvariante (waarvan sommige Dubbelbespiering veroorsaak) ○ Kleur gene (swart, rooi, wild, verdunningsgene, Charolais)
- Ouerskap Verifikasie indien ouers gegenotipeer is
- Rassuiwerheid
- Genomiese teelwaardes (GEBVs) vir kwalifiserende rasse
- Lab fooie en opneem van die data op Logix is ingesluit

R650.00 (BTW uitgesluit) per dier

Stuur asseblief haar-, semen of weefselmonsters aan:

Genomiese Dienste
SA Stamboek Gebou
Henry straat 118, Bloemfontein

Verdere inligting:
Elsa van den Berg
051 4100 970 ; elsa@studbook.co.za

Voordele van Genotipering

- Dit dien as **bewys van die identiteit** van 'n dier (naspeurbaarheid).
- **Akkurate ouerskap**- en nageslagsverifikasie met behulp van tot soveel as 50 000 merkers, ook waar naby verwante veelvuldige vaders gebruik is, mits die ouers ook gegenotipeer is.
- Meer **akkurate seleksie van jong ongemete bulle** en verse vir rasse wat reeds GEBVs (genomiese teelwaardes) ontvang (Bonsmara, Beefmaster, Drakensberger, Hugenoot en Hereford, en binnekort ook Boran, Charolais, Sussex en Tuli). Dit is veral voordelig vir eienskappe wat eers laat in 'n dier se lewe gemeet word, net in een geslag gemeet word of net op dogters gemeet kan word, soos byvoorbeeld melk, koeivrugbaarheid, voeromset en karkaseienskappe.
- Toetse vir draers van verskeie **enkelgeen-merkers** van letale, semi-letale, (on)gewenste gene, haplotipes en sindrome is ingesluit.
- **Genetiese verwantskappe** tussen gegenotipeerde diere met hulle rasgenote en rassuiwerheid word bepaal.
- Dit is die tegnologie wat in die toekoms algemeen gebruik gaan word.

Ander laboratoriums

- Vir die opneem van die SNP data op Logix, beraming van GEBVs en voorsiening van toepaslike verslae indien die monster gegenotipeer is by 'n ander laboratorium, word 'n fooi van R260.00 (BTW uitgesluit) per dier deur SA Stamboek gehef (indien data versoenbaar is).
- Analises vir enkelgene (poenskop en dubbelbespiering) word gratis op Logix gelaai die indien die lab verslag deur die teler aan SA Stamboek voorsien word.
- DNA analises vir ouerskappe wat met vorige DNA tegnologie (mikrosateliete) bepaal is, kan weens tegniese redes nie gebruik word tydens genomiese ouerskapbepalings nie.

8.2 OORERWING VAN ENKEL GENE













9. PRODUKSIE METING

Skematiese voorstelling van Produksie Meting:



Die produksie siklus kan as volg opgesom word:



9.1 KOEIE EN KALWERS

Vrugbaarheid

Dekkings: Natuurlik, Embriospoelings, KI

Geboortegewig

Speengewig

Koei se gewig by geboorte en speen van kalf

9.1.1 VRUGBAARHEID

Vrugbaarheid is die heel belangrikste eienskap, omdat geen speenkalwers verkoop kan word as hulle nooit gebore is nie. Vrugbaarheid is egter moeilik definieerbaar, omdat dit net een resultaat het: 'n kalf of nie. Vrugbaarheid word deur baie faktore bepaal, byvoorbeeld die omgewing, hormone, voeding, ouderdom, ens. Omdat die omgewing so 'n groot rol by vrugbaarheid speel en die genetika heeltemal oorskadu, het vrugbaarheid, en die wye verskeidenheid indikator eienskappe van vrugbaarheid, gewoonlik lae tot baie lae erfbaarhede. Daar is verskeie reproduksie verslae op Logix.

Reproduksieverslae

- Kuddereproduksieverslag
- Kuddestatusverslag
- Oorskryding van reproduksienorme
- Opsommende ras reproduksiestatistieke
- Reproduksiestatusverslag
- Omvattende reproduksieverslag

9.1.2 DEKLYSTE

Die meting en identifisering van vrugbare en minder vrugbare of onvrugbare koeie is een van die belangrikste voordele van produksie aantekening. Die hele produksie ketting begin by die dekking van koeie, nie wanneer die kalwers eers gebore word nie. Deklys-inligting kan gebruik word om te bepaal watter koeie wel gedek is, hoe lank dit geneem het om dragtig te raak, en watter koeie nie gekalf het nie. Die gebruik van Deklyste maak ook die aantekening van geboortes makliker - die koeie wat gedek is verskyn op dieselfde lys en die kalwers kan maklik aangeteken word soos hulle gebore word. Koeie wat nie gekalf het nie, kan ook maklik uitgeken word. Hierdie aangetekende inligting word ook tans by sommige rasse gebruik vir die beraming van die Versvrugbaarheid en Koeivrugbaarheid teelwaardes.

Dekinligting kan op Logix aangeteken word onder Data -> 'Geboorte, dekking en invoere' - 'Dekinligting'.

AANTEKENING VAN DEKKINGS EN INSEMINASIES

Die aantekening van dekbesonderhede is die beginpunt van stoetaantekening. Nie alle Telersgenootskappe vereis dat telers dekinligting indien nie, maar dit is beskikbaar aan alle telers. Dit is voordelig om te weet watter koeie het dragtig geraak en vergemaklik die aantekening van geboortes.

Die formaat van die invoerdokument vir dekinligting verskil effens tussen Telersgenootskappe, maar die basiese inligting wat verlang word is 'n lys van koeie wat gedek is, die datums waarop die dekperiode begin (datum in) en eindig (datum uit) en die identifikasienommer van die bul wat die koei(e) in die betrokke periode kon

beset. Dekkingskode wat van toepassing is, is: 1 – natuurlike dekking; 2 – kunsmatige inseminasie (KI); 3 – embrio-oorplasing (EO).
In die geval van kunsmatige inseminasie en embrio-oorplasing sal die datum in en datum uit dieselfde wees, naamlik die datum van die inseminering. Koeie wat ná KI (of EO) aan natuurlike dekking blootgestel word, behoort twee (of meer) keer in die deklys voor te kom: die eerste keer vir die KI, en die tweede (of meer) keer vir opvolgende KI's en/of die periode van natuurlike dekking, met die toepaslike bykomende inligting by elk.

Die volgende reëls geld by die opstel van 'n deklys:

- alle koeie op die lys en bulle wat vir natuurlike dekking gebruik word, moet in die besit wees van die teler wat die deklys indien, tensy die deklys vergesel word van 'n geldige deksertifikaat, geteken deur die eienaar van die 'vreemde' bul, vir elke koei wat deur so 'n vreemde bul gedek is
- dekdatums mag nie met dragtigheidsperiodes (vorige deklyste) oorvleuel nie
- bulle wat vir KI gebruik word, moet ingevolge die toepaslike artikel van die Diereverbeteringswet (Wet No. 62 van 1998) as semenskenkers geregistreer wees, of moet in die besit wees van die teler wat die deklys indien. Wanneer 'n deklys deur 'n teler ingedien word, kan die dragtighede en gevolglike geboortes ook aangeteken word, wat die proses van geboorte-kennisgewing baie vergemaklik.

9.1.3 EMBRIOSPOELING EN -OORPLASING

Embriospoeling en -oorplasing (EO) is 'n gewilde manier om gewenste genetiese materiaal te vermeerder. Die proses van embriospoeling gaan gewoonlik gepaard met die voorafgaande goedkeuring van die embrio- en semenskenkers deur die betrokke Telersgenootskap en, indien die embrio's bestem is vir gebruik deur ander telers, ook goedkeuring ingevolge die toepaslike artikels van die Diereverbeteringswet (Wet No. 62 van 1998). Tydens die proses van embriospoeling moet die teler 'n Skedule O-vorm voltooi, of laat voltooi deur die persoon wat die proses behartig. Let op dat die Wet vereis dat, indien die embrios bestem is vir gebruik deur ander telers, die persoon wat die embrios opvang daarvoor geregistreer moet wees volgens die toepaslike bepalings van die Wet. In alle gevalle van EO moet beide die semen- en embrioskenkers deur 'n goedgekeurde laboratorium getipeer wees vir die toepaslike metodes van ouerskapverifikasie, byvoorbeeld DNA-profiele.

Die toepaslike gedeeltes van die voltooide Skedule O-vorm (Gedeelte A – Skenker Inseminasie-inligting; Gedeelte B – Embriospoelingsgedeelte) moet volgens die voorskrifte van die betrokke Telersgenootskap binne die voorgeskrewe tye ingedien word vir data-opname. Indien die embrios kort na die spoelingsproses oorgeplant word, moet die oorblywende gedeelte van die Skedule O-vorm (Gedeelte C – Embrio- oorplasingsgedeelte) ook volledig ingevul word voordat die dokumente vir opname en verwerking ingedien word.

Indien die embrios gestoor word, word die teler voorsien van 'n lys van die gestoorde embrios met voorlopige registrasienommers en die nommers wat aan die embrios voorsien is tydens verpakking. Hierdie nommers word gebruik wanneer die oorplasingsinligting (Gedeelte C van die Skedule O-vorm) vir opname ingedien word. 'n Standaard deklys met die toepaslike dekkingskode kan gebruik word om die embrio-oorplasings op te neem. Die oorplasingsinligting (identifikasie van die ontvangerdiere, identifikasie van die verpakte embrios en die oorplasingsdatum) moet gesertifiseer word deur die persoon wat die embrios oorplaas.

Die volgende inligting oor die oorplasing van die embrios word verlang: 'n lys van diere wat embrios ontvang het; die datum waarop die oorplasings gedoen is (datum in en datum uit); die identifikasienommer van die embrio wat oorgeplaas is en die dekkingskode (3 – embrio-oorplasing).

Die volgende reëls geld by die opstel van die oorplasingslys: alle koeie op die lys moet in die besit wees van die teler wat die lys indien, en die ontvangerdiere moet alreeds op die aantekeningstelsel aangeteken wees; oorplasingsdatums mag nie met dragtigheidsperiodes (vorige deklyste) oorvleuel nie en skenkerdiere moet as skenkers geregistreer wees ingevolge die toepaslike artikels van die Diereverbeteringswet (Wet No. 62 van 1998), en rekords van hul DNA-profiele moet op die stelsel opgeneem wees.

Met die indiening van die Skedule O-vorms word die skenkingsinligting by die rekords van vroulike skenkerdiere gevoeg en die reproduksierekords (inter-geboorte periodes) van die skenkerdiere word sodoende nie deur die skenkingsprosesse benadeel nie. Wanneer 'n oorplasingslys deur 'n teler ingedien word, kan daar op versoek 'n voorafgedrukte invoervorm vir die aantekening van die betrokke dragtigheidsinligting gegenereer word. Met die

voltooiing en indiening van die dragtigheidsinligting kan daar op versoek ’n voorafgedrukte invoervorm vir die aantekening van die gevolglike geboortes gegenereer word, wat die proses van geboortekennisgewing baie vergemaklik.

9.1.4 VRUGBAARHEIDSWAARDES

Drie vrugbaarheidsteelwaardes (EBVs) word in Suid-Afrika vrygestel, nl. skrotumomtrek as ’n aanduiding van bulvrugbaarheid (semenvolume), geneties-aangepaste ouderdom met eerste kalwing, as ’n aanduiding van versvrugbaarheid, en geneties aangepaste interkalf periode, as aanduiding van koeivrugbaarheid. ‘n Teelwaarde vir Lanklewendheid word ook beraam, omdat dit ‘n groot komponent van vrugbaarheid ook bevat.

EBV VERSVRUGBAARHEID: OUDERDOM EERSTE KALF

Hierdie eienskap word gemeet deur te kyk hoe vroeg in die dekseisoen die vers dragtig raak. Die bul is byvoorbeeld 3 maande by die verse, en sommige raak in die eerste maand beset, ander in die tweede maand, ens. Die teelwaarde Ouderdom eerste kalf kan met groter akkuraatheid bepaal word indien deklyste in ag geneem word.

EBV KOEIVRUGBAARHEID: TKP (TUSSEN KALF PERIODE)

Die beste indirekte mate van koeivrugbaarheid is interkalfperiode. Hoe korter die interkalfperiode, hoe vrugbaarder is die koei en hoe meer kalwers produseer die koei in haar leeftyd. In teelwaardeberaming word die eerste drie interkalfperiodes van die koeie in ag geneem.

EBV LANKLEWENDHEID / KUDDE LEWE

Uit ’n spesifieke groep kalwers wat saam in dieselfde kontemporêre groep gebore word, word die kans dat ’n dier speen-ouderdom, jaar-ouderdom, ensovoorts, tot op 10 jaar sal bereik en steeds reproduseer, in ag geneem. Dit word as ‘n EBV uitgegee, en ingesluit in die Vrugbaarheidswaarde.

9.2 GEBOORTE

Bo Links en middel: Geboortegewig van 'n kalf wat met 'n trekskaal geweeg word. Bo Regs: Die kalf word uniek geïdentifiseer met 'n oorplaatjie en 'n oorknip. Regs: Logix kalfboekie waarmee geboortes in die veld aangeteken kan word

Kalwers word normaalweg oor 'n tydperk van 3 maande gebore, afhangende van die lengte van die dekseisoen. Sodra kalwers gebore word, word hulle gemerk met 'n oorplaatjie of oorknippe. Die kalf se nommer, geboortedatum, geslag , moeder en vader word aangeteken en hiervoor kan Logix se handige sakboekie gebruik word. Ander inligting soos gemak van kalwing, ens . kan ook aangeteken word. Die geboortegewig word met 'n trekskaal of elektroniese skaal (minimum akkuraatheid van 1kg eenhede) geweeg en m oet binne 3 dae van geboorte gemeet word. Dit is egter vir telers van die meeste rasse nie verpligtend nie, aangesien dit soms moeilik is weens die terrein (baie ekstensief) of indien die moeder baie kwaai is. Die koei se gewig by die geboorte van haar kalf of 'n dag daarna kan ook aangeteken word. Die geboorte kennisgewing moet binne 30 dae op Logix aangeteken word.

Logix bied 'n gebruikersvriendelike fasiliteit om weeggroepe en kontemporêre groepe maklik te identifiseer. Opdeel van geboortegewig kontemporêre groepe mag soms nodig wees indien koeie op verskillende plase of kampe geloop het of indien, soos die seisoen vorder, daar 'n drastiese verskil is as gevolg van skielike groen weiding (vroeë reën) en dit merkbaar swaarder (of ligter) geboortegewigte tot gevolg het. Die beginsel is om groepe saam te stel op grond van waar daar moontlike omgewingseffekte is wat verskille in geboortegewig tot gevolg mag hê.

Geboortekennisgewing is 'n belangrike proses wat baie ander prosesse in die aantekeningstelsel beïnvloed. Geboortekennisgewing is die enigste wyse waarop 'n dier by die stoetregisters van 'n teler en 'n ras gevoeg kan word. Dit is ook die proses waardeur die reproduksierekords van koeie opgedateer word.

9.2.1 GEBOORTE AANTEKENING

Figuur : Die Logix Geboortekennisgewing skerm.

Enkele belangrike beginsels:

- Daar moet kennis gegee word van alle nageslag van alle aangetekende/geregistreerde koeie, al gaan die betrokke nageslag nie aangeteken/geregistreer word nie. Dui dit as 'nie vir registrasie'-nageslag op die geboortekennisgewing aan.
- Telersgenootskappe se reëls bepaal gewoonlik 'n maksimum tydperk waarbinne geboortekennisgewings ingedien moet word.
- Beide ouers van die dier waarvan die geboorte aangemeld word moet in die besit wees van die teler wat die geboortekennisgewing indien (as alternatief moet vaders goedgekeurde KI bulle wees of as leenbul vooraf aangeteken wees).
- In gevalle waar die dier se amptelike identifikasienommer, vanweë praktiese redes in formaat verskil van die identifikasienommer waarmee die dier permanent geïdentifiseer is (bv. 02 12 op die dier en 02 0012 op die stelsel), moet die Eienaar Diernommer-veld op die geboortekennisgewing gebruik word om die alternatiewe vorm van die nommer op te neem.
- Indien meer as een metode van permanente identifikasie van diere in 'n kudde of ras gebruik word, moet die bykomende metode ook op die geboortekennisgewing aangedui word.
- Indien die Naamveld oopgelaat word, sal die Kuddekenmerk (KKM), Jaar- en Volgnommer-gedeelte van die dier se identifikasienommer by verstek deur die aantekeningstelsel in die Naamveld gevoeg word.
- Sommige Telersgenootskappe vereis dat die ouers van die diere waarvan die geboortes aangemeld word vir ouerskapverifikasie getipeer moet wees (DNA-laboratorium verwysingsnommer), of dat materiaal vir só 'n tipering reeds in bewaring is (Logix Bio-nommer) voordat die geboorte van die diere verwerk mag word. Sommige Telersgenootskappe vereis ook dat alle diere waarvan die geboortes aangemeld word aan ouerskapverifikasietoetse onderwerp word voordat die geboorte van die diere verwerk mag word.

9.2.2 'PENDING' DIERE

Indien 'n geboortekennisgewing nie volledig deur die stelsel verwerk kan word nie, bv. omrede die reëls van die Telersgenootskap ten opsigte van geboorte-aantekening nie volkome nagekom is nie, sal die geboorte(s) van die dier(e) voorlopig aangeteken word op die stelsel en die rekords van die betrokke dier(e) sal in die 'Afdeling'veld met 'n PEN-kode (vir '*pending*') gemerk word. Die transaksie(s) sal na die teler/Telersgenootskap terugverwys word met die rede(s) vir nie-aanvaarding en instruksies vir die regstelling van die situasie. Diere waarvan die rekords met 'n PEN- kode gemerk is, kan egter sonder beletsel met produksie-aantekening en ander aantekening voortgaan in afwagting van die regstelling van die betrokke fout. Sulke diere sal ook ten volle in aanmerking kom vir fakturering tydens die saamstel van die jaarlikse rekeninge.

Redes wat tipies veroorsaak dat diere met 'n PEN-kode gemerk word, is:

- vader/moeder onbekend/nie in besit van teler nie
- rekord van DNA-tipering van een of meer van die ouers nie op stelsel nie

• DNA-tipering/verpligte ouerskapverifikasie van nageslag uitstaande
• een of beide van die ouers van die dier is nie geïnspekteer/geregistreer nie
• teler/eienaar van dier se dienste is opgeskort
• ander ras-/spesie spesifieke voorwaardes ten opsigte van geboorte-aantekening.

Die PEN-status van ‘n dier sal outomaties verwyder word en die korrekte waarde in die ‘Afdeling’-veld geplaas word sodra die korrekte gegewens aan die stelsel voorgelê en suksesvol verwerk is. Alle geboorte-transaksies wat deur die stelsel opgeneem word, word aan ’n stel standaard toetse onderwerp om die geldigheid van die rekords na te gaan en om die teelprosesse van die betrokke ras en die toepaslike rasstandaarde toe te pas. Geboortekennisgewings wat nie aan hierdie standaarde voldoen nie, word na die betrokke Telersgenootskap of teler terugverwys vir regstelling.

9.2.3 KALWINGSPROBLEME

Die meeste koeie kalf sonder moeite en toesig gedurende die kalfseisoen en dit is ook soos dit behoort te wees. Die geboorteproses bestaan normaalweg uit 3 stadiums: aanvang en voorbereiding vir die geboorte wat tussen 4-24 uur duur, die deurgang van die kalf deur die geboortekanaal, wat tussen 30 minute en 3 ure duur en die uitstoot van die plasenta wat tussen 12 en 24 ure kan duur. As die geboorteproses langer neem, kan dit 'n aanduiding wees van geboorte probleme, ook bekend as distokie. As 'n duim-reël behoort koeie gehelp te word as hulle nie binne 2 ure vanaf die tyd wat die watersak verskyn het, kalf nie, of indien meer as 30 minute verloop sonder enige vordering.

Te veel moeilike geboortes in ‘n kudde het 'n finansiële implikasie, aangesien distokie koei- en kalfverliese kan veroorsaak. Koeie wat moeilik gekalf het, neem langer om weer op hitte te kom en kan langer vat om weer dragtig te raak. Alhoewel daar talle onbekende faktore is wat kalwingsprobleme beïnvloed, kan die voorkoms van distokie in 'n kudde verlaag word deur sekere bestuurspraktyke toe te pas.

Volgens verskeie studies is die geboortegewig van die kalf die enkele eienskap wat die hoogste met kalwingsprobleme korreleer. Moeilike kalwing word gewoonlik veroorsaak deur 'n disproporsie van die kalfgrootte relatief tot die koeigrootte. Twee jaar oud, eerste kalf verse het die hoogste waarskynlikheid vir moeilike kalwings, hoofsaaklik omdat hulle klein is en ‘n onderontwikkelde bekken het.

Voeding van dragtige koeie is ook belangrik: Oorvet koeie in die laaste tri-mester veroorsaak dat die kalf se geboortegewig verhoog, en daar lê ook vet neer in die geboorte-kanaal, wat verder geboorteprobleme kan veroorsaak. Koeie wat te maer is kan weer te swak wees tydens kalwing, wat swak en moeilike kalwing, swak kalwers, probleme om weer dragtig te raak en meer vrektes veroorsaak.

Pelvis grootte word as 'n drempel eienskap beskou en telers kan verse met ‘n te smal bekkenwydte (eerder as ‘n te klein bekken area) uitskot. Die kalf se bouvorm speel waarskynlik ook 'n rol, maar dit is baie moeilik om te kwantifiseer. Kalwers wat verkeerd lê en tweelinge is ook geneig om probleme te hê. Indien dubbelbespiering in die kudde voorkom, kan dit ook moeilike kalwings veroorsaak.

Navorsing oor kalwingsprobleme toon dat net 50% van die totale variasie in distokie verklaar kan word. Dit is dus moeilik om kalwingprobleme heeltemal uit te skakel.

Telers kan wel die geboortegewig van die kalf en die ouderdom en kondisie van die koei beheer om die risiko van distokie te verminder:

- verse moet eers op drie jaar of slegs groter verse op twee jaar kalf,
- die seleksie van bulle wat lae geboortegewig kalwers teel,
- bulle wat draers is van dubbelbespiering moet nie op verse gebruik word nie
- moenie koeie in die laaste trimester oorvoer nie.

9.2.4 KALFGEMAK WAARDE

Daar kan vir Kalfgemak geselekteer word, wat 'n kombinasie is van die teelwaardes vir geboortegewig en geboorte maternaal. 'n Kalfgemak waarde van bo 100, beteken die dier se genetiese vermoë vir kleiner kalwers is beter as rasgemiddeld.

EBV: GEBOORTE GEWIG

Geboorte gewig is een van die belangrikste teelwaardes wat beraam word. Geboortegewig is ook 'n ekonomies belangrike eienskap in die sin dat moeilike kalwings finansiële verliese kan veroorsaak. Omdat koeie wat die eerste keer kalf meer geneig is tot moeilike kalwings, is dit noodsaaklik dat slegs bulle met hoër EBVi geboortegewig (laer geboortegewig) en bulle skoon van dubbelbespiering op verse gebruik word, veral as hulle op twee jaar al moet kalf. Uit die koei se oogpunt sal 'n kleinraam koei 'n groter risiko vir moeilike kalwing hê as sy 'n baie groot kalf het. Telers behoort bulle met lae geboortegewig EBVs (EBVindeks >100) en gemiddelde speengewig EBVs te selekteer vir gebruik op verse.

EBV: GEBOORTE MATERNAAL

Die geboorte maternaal teelwaarde is 'n aanduiding van 'n koei se vermoë om die kalfgrootte te beperk (EBVi > 100) of om nie die vermoë te hê nie en dus 'n groot kalf te hê (EBVi < 100). Die effek is egter klein, en dis beter om op EBVi vir geboorte gewig te selekteer teen hoë geboorte gewigte. Die teelwaarde word ook vir bulle beraam en dui op die bul se dogters se vermoë om maklik te kalf.



9.3 SPEEN

9.3.1 GEWIG VAN KALF EN KOEI BY SPEEN

Moeder-eienskappe en doeltreffendheid van koeie, asook die voorspeense groeitempo van hul kalwers word geëvalueer deur middel van koeigewigte en speengewigte van hulle kalwers.

Speengewig is die heel belangrikste gewig om te meet. Speengewig word geweeg op ongeveer 7 maande (205 dae) ouderdom wanneer die hele groep kalwers (kontemporêre groep) gespeen word. Enige gewigte tussen 151 – 270 dae ouderdom (± 5 tot 9 maande) word as speengewig aanvaar, maar die oudste en jongste kalwers in die kontemporêre groep moet minder as 100 dae in ouderdom verskil. Indien hulle met meer as 100 dae in ouderdom verskil, word die groep outomaties in twee gedeel, of die teler kan die groep opdeel. Aangesien die koeie ook tydens speen van kalwers in die kraal ingebring word, kan hulle maklik ook geweeg word. Dit is baie belangrik vir teelwaarde-bepaling dat die hele groep kalwers (en hulle moeders) wat saam onder dieselfde omstandighede aangehou was, op dieselfde dag (of opeenvolgende dae) geweeg word, sodat hulle in dieselfde kontemporêre groep geëvalueer word. Enkele individuele kalwers moet nie geweeg word as hulle presies 205 dae oud is nie. Logix het 'n handige funksie wat aandui wanneer kalwers geweeg moet word.

9.3.2 WEEGDATUM GRENSE EN KODES

Logix maak dit maklik om die datums te bereken waarop spesifieke diere vir 'n spesifieke gewig geweeg moet word. Kliek op 'Kortpaaie', dan 'Weegdatums uitwerk (beeste)'. Gee die groep 'n naam soos bv. "*Somer 2019*" en lees die oudste en jongste kalf se geboortedatum in. Dit help om die moontlike kontemporêre groep korrek te identifiseer.

Die stelsel sal sekermaak dat die diere se ouderdomme nie buite die standaard van 100 dae verskil tussen die oudste en jongste dier nie. Die stelsel sal die vroegste, laatste en beste datum bereken om te weeg vir die tipe gewig vir die betrokke groep diere. Die gewigte word aangeteken op die skerm onder Kortpaaie, Gewigte instuur (Vleisbeeste).

Logix se produksiedata Opname skerm is so ontwikkel dat die gebruiker die tipe gewig kan kies, bv. speengewigte, en die weegdatum inlees. Die stelsel sal self die geldige diere vir daardie betrokke gewig op daardie datum oproep en lys. Hierdie groep kan dan verder met die hulp van die Grootmaakstatus, Voedingstatus, Moeder Voeding-status en Opmerking geskei word in die verskillende behandelingsgroepe of te wel kontemporêre groepe.

Kodes by die opstel van evalueringsgroepe:

Weeg stadium kodes

A21 Speen gewig neem (151-270dae)
B12 Jaaroud gewigte (271- 450 dae)
B22 18 maande gewigte (451-634 dae)
C11 Voerdoeltreffendheidstoets by Sentrale sentrum LNR
C22 Voerdoeltreffendheidstoets by Privaat sentrum
C32 Voerdoeltreffendheidstoets Eie Kontemporêre groep
C41 Voerdoeltreffendheidstoets vroulike diere
D11 Bulgroeitoets op die plaas
D21 Bulgroeitoets op die plaas, meer as een teler.

Grootmaak status kodes

1 Kalf soog aan eie moeder
2 Kalf soog aan aanneem moeder
3 Tweeling soog albei aan eie moeder
4 Een kalf soog aan eie moeder
5 Kalf soog moeder & moeder word gemelk
6 Kalf hans grootgemaak
7 Embrio oorplasing kalf soog ontvanger moeder

Voeding status kodes

1 Kalsium/Fosfaat lek
2 Proteïen/Energie lek
3 Geen lek
4 Konsentraat of Kruipvoer
5 Ander lek
6 Aangeplante weiding
7 Oesreste
8 Groenvoer

Opmerkings kode

1 Ouderdom buite perke
2 Moeder siek/beseer
3 Dier siek of beseer
4 Dier gewig buite perke 5 Dier indeks buite perke

Die Kraallys kan maklik en vinnig gebruik word om die diere sonder gewigte (wat nog nie geweeg is nie) te identifiseer en die diere kan volgens hierdie lys ingedeel word in die ouderdomsgroepe vir weging. Gaan na Verslae, kliek op Produksie en stamboom verslae en kies Kraallys.

9.3.3 RIGLYNE VIR DIE SAAMSTEL VAN KONTEMPORÊRE GROEPE

Die beginsel van kontemporêre groep samestelling is om die diere te identifiseer wat op dieselfde tyd en plek is (dus aan dieselfde omgewing blootgestel was), en waarvan die verskille in meting tussen hulle deur genetika veroorsaak word. Sou ‘n dier dus aan ‘n ander behandeling blootgestel wees as sy groepsgenote, behoort hy in sy eie groep geplaas te word. Kontemporêre groep samestelling is noodsaaklik vir stabiele teelwaardes.

Kontemporêre groepe moet so groot as moontlik wees, maar moet minstens 3 diere in hê om in ag geneem te word vir teelwaarde-voorspellings. Diere wat in te klein groepies gemeet is, of glad nie gemeet is nie, se teelwaardes word deur familie se prestasie bepaal. Die gebruik van teelseisoene verseker groter kontemporêre groepe omdat kalwers almal binne 3 maande van mekaar gebore word, in plaas van verspreid regdeur die jaar.

Meet altyd nageslag van meer as een bul in elke kontemporêre groep. Dit verseker dat bulle se genetiese meriete relatief tot mekaar en die ras bepaal kan word (genetiese koppeling). Prakties: meng koeie na dekking sodat koeie wat met verskillende bulle gepaar is, saam kalf en hulle kalwers saam grootmaak. In die geval van klein kuddes, kan 'n paar koeie kunsmatig geïnsemineer word. Meng verkieslik ook koeigroepe sodat hulle nie jaar na jaar presies dieselfde is nie.

Meet al die diere: As net die beste diere gemeet word, word hulle benadeel omdat die gemiddeld van die groep verander. Weeg ook die kalwers wat uitgeskot word: hulle lewer waardevolle inligting ten opsigte van hulle ouers. Los soveel as moontlik ouerskappe op, veral in die geval van meerbul parings ('multiple sires'). Hierdie diere se teelwaarde-voorspellings kan dus verander sodra die werklike ouerskap bekend word.

9.3.4 AANGEPASTE SPEENGEWIG EN BINNE-KUDDE SPEEN INDEKS

Kalwers kom gewoonlik maksimaal oor 'n drie-maande tydperk aan. Hulle word egter op dieselfde dag gespeen, sodat hulle 'n enkele kontemporêre groep kan vorm. Dit beteken egter dat die swaarder kalwers gewoonlik ouer is en die jonger kalwers gewoonlik ligter. Om daarvoor te kompenseer, word 'n aangepaste speengewig bereken sodat die kalwers meer regverdig vergelyk kan word. Op hierdie aangepaste speengewigte, word 'n binne-kudde speen indeks bereken, wat nie verwar moet word met die teelwaarde indeks nie. Die binne-kudde speen indeks neem die hele groep (tydgenote) se gewig in ag. Die gemiddeld van die groep word op 100 gestel, en sodoende is dit maklik om te sien watter kalwers van die groep bo-gemiddeld was. Dit kan egter nie gebruik word as genetiese meriete nie, omdat die hele groep moontlik bo- of ondergemiddeld in die ras is. Hierdie indeks rangeer diere dus slegs binne hulle gemete groep, terwyl die teelwaarde indeks die dier op genetiese meriete binne die ras rangeer.

In die grafiek links kan gesien word dat die kalwers wat in Augustus op die plaas gebore is (verskillende jare word aangedui met verskillende kleure), swaarder speen as die kalwers gebore in November. Indien die gewigte egter aangepas word vir die ouderdom van die kalwers (regs), is die gewigte meer vergelykbaar.





9.3.5 KALFGROEI WAARDE

EBVI: SPEEN GEWIG

Aangesien meeste kommersiële vleisbeesboere in Suid-Afrika speenkalwers bemark aan voerkrale, en die kalf se speengewig (saam met die aantal bemark) direk gekoppel is aan die boer se wins, is hierdie een van die belangrikste teelwaardes wat beraam word. Hoe hoër die teelwaarde indeks is, hoe swaarder is die kalf geneties. Daar kan egter nie net op speengewig gekonsentreer word nie, omdat dit ongunstig gekoppel is aan hoë geboortegewigte en ook 'n hoë volwasse gewig en 'n groot raam dier (en gevolglike hoër onderhoudsbehoefte).

Die kalf se genetiese vermoë om te groei word aangedui met die Speengewig teelwaarde.

Die koei se genetiese vermoë vir melkproduksie en vir haar kalf te sorg word aangedui met die Speen maternale of Melk teelwaarde. Melk is egter 'n omgewingseffek vir die kalf.

9.3.6 MELK WAARDE

Die kalf se moeder het egter ook 'n invloed op die kalf se uiteindelike gewig, en hierdie komponent word aangedui deur die maternale (melk) teelwaardes vir speen.

EBV: MELK / SPEEN MATERNAAL

'n Kalf se speengewig word deur 3 komponente bepaal:

1. deur die omgewing (plaas/jaar/ seisoen/bestuurder, ens.) waarin hy gegroei het,
2. asook sy eie genetiese vermoë om te groei, 3. en sy ma se vermoë om hom te voed en versorg.

Speengewig het dus twee *genetiese* komponente: die kalf se genetiese vermoë om te groei en wat aangedui word deur die Speen (direkte) teelwaarde; asook sy ma se moederlike vermoë, hoofsaaklik melkproduksie, wat aangedui word met die Speen maternale teelwaarde. Let daarop dat maternale vermoë geneties is vir die koei, maar 'n omgewingseffek is vir die kalf. Melk teelwaardes kan dus eers 'gemeet' word as 'n koei 'n kalf gespeen het, of as 'n bul se dogters kalwers gespeen het.

9.3.7 ONDERHOUDSWAARDE

Die energie wat 'n dier uit voer kry, word eerstens gebruik vir eie onderhoudsbehoeftes, soos byvoorbeeld om haar spiere en organe in stand te hou, fisiologiese prosesse, ens. Wat oorbly, gaan na reproduksie en melkproduksie. Groter raam diere (swaarder diere) se onderhoud is dus gewoonlik hoër. Diere met 'n hoër melkproduksie se onderhoud is ook hoër. 'n Klein proporsie van die melk teelwaarde word dus by die dier se volwasse gewig teelwaarde getel om die seleksie waarde vir onderhoud te bepaal. As haar onderhoudsbehoeftes te hoog is vir die omgewing, skakel reproduksie af en sy raak nie beset nie. 'n Dier met 'n lae onderhoud is dus gewens, en se seleksie waarde vir lae onderhoud is dus >100.

EBV: VOLWASSE GEWIG

Volwasse gewig teelwaardes word beraam van af die volwasse gewigte wat geneem word tydens die speen van die eerste 3 kalwers van 'n koei. Oor die algemeen, onder meeste Suid -Afrikaanse toestande, is dit wenslik om volwasse gewig min of meer gemiddeld te hou en is gemiddelde teelwaardes dus gewens. D it is om onderhoudsbehoeftes van die koei te beperk, sodat daar meer energie beskikbaar is vir produksie. Soms is swaarder diere egterwel gewens. Let wel dat die EBVi vir Volwasse Gewig >100 aanduidend van 'n swaarder koei is, terwyl 'n hoër onderhoudswaarde dui op 'n kleiner koei wat nie oormatig melk produseer nie.

9.4 NASPEENSE METINGS

Vir die vleisbeesteler is dit belangrik en meer winsgewend om voortdurend kuddedoeltreffendheid te verhoog. Daar word bereken dat die ekonomiese wins effek van 'n 5% verbetering in voerdoeltreffendheid tot vier keer meer is as 'n 5% verbetering in groei (GDT). Aangesien voerkostes tot twee derdes van die kostes van vleisbeesboerdery kan uitmaak, maak dit sin om ook die voerdoeltreffendheid van die koeikudde op die plaas te verbeter. Groeitoetse moet aan sekere wetenskaplike vereistes voldoen word om te verseker dat genetiese verskille tussen die bulle korrek geïdentifiseer kan word. In Suid-Afrika word groeitoetse onder verskillende voedingstoestande, van ekstensief op die veld tot intensief in 'n voerkraal gemeet. Tans word inname gemeet tydens sentrale groeitoetse by geakkrediteerde toetsstasies, waar voerdoeltreffendheid akkuraat bepaal kan word: hoeveel voer (standaard rantsoen) het 'n individuele bul gevreet vir elke kilogram gewig wat hy gegroei het. Tydens groeitoetse kan vleiseienskappe soos oogspieroppervlak, vetdikte en marmering ook gemeet word met 'n ultrasoniese apparaat. Diere wat deel was van enige groeitoets word ook gemeet vir sekere liggaamsmates (skouer- of heuphoogte, liggaamslengte en skrotumomvang). Indien daar genoeg metings is, is dit ook moontlik om teelwaardes vir hierdie eienskappe te beraam sodat genetiese verskille tussen bulle bepaal kan word en daar dus verder akkuraat hiervoor geselekteer kan word.

Indien halfbroers en ander familie byvoorbeeld in 'n sentrale groeitoets sowel as 'n plaasgroeitoets gemeet word, kan genetiese vermoë vir eienskappe soos voeromset bepaal word weens die genetiese korrelasies tussen eienskappe, maar veral deur die genetiese bande ('genetic ties') wat daar tussen diere bestaan omdat hulle verwant is aan mekaar. Die verwantskappe kan ook deurgetrek word na die koeie, sodat genetiese vermoë in die vorm van teelwaardes vir eienskappe waarvoor hulle nie gemeet is nie, bepaal kan word.

Nadat kalwers gespeen is, kan hulle verder in op die plaas gemeet word vir 12- en /of 18 maande gewig, waar meeste van die verskalwers gemeet word. Bulkalwers kan in 'n groeitoets geplaas word. Groeitoetse kan op die plaas gedoen word (ou Fase D) of na 'n toetsstasie toe gestuur word waar groeidoeltreffendheid gemeet word (ou Fase C), omdat die diere se individuele innames gemeet word.

9.4.1 12- EN 18 MAANDE GEWIGTE

12- en 18 maande gewigte van verse, maar ook van bulle

Naspeense groeitempo van jong verse en bulle word onder normale plaastoestande geëvalueer deur middel van gewigte op 12- en 18- maande ouderdom. Twaalf maande gewigte val tussen 271 – 450 dae ouderdom (± 9 en 15 maande), en 18 maande gewigte val tussen 451 – 634 dae ouderdom (± 15 tot 21 maande). Gewigte word ook gekorrigeer vir ouderdom en binne-kudde indekse word bereken.

Indien die speenkalwers en hulle moeders ingebring word om hulle te weeg, kan die vorige jaar se kalwers wat nog op die plaas is, ook ingebring word; sodoende word Speengewig, Volwasse gewig en 18 maande gewigte van alle beskikbare diere op een slag geweeg. Met relatief min moeite bring dit baie addisionele inligting oor die kudde in.

EBV: NA-SPEEN GEWIG

Twaalf- en 18 maande gewigte is baie naby aanmekaar op die groeikurwe, en gevolglik is die genetiese korrelasie tussen die twee eienskappe baie hoog. Dit beteken, in genetiese terme, dat dit dieselfde eienskap is. Die teelwaardes vir die twee metings word dus gekombineer om een na-speen gewig teelwaarde te beraam. Dit word gemeet op verse op die plaas, sowel as op bulle in die na-speense groeitoetse.

9.4.2 PLAAS GROEITOETSE

GDT (groei)

Kleiberverhouding (groei relatief tot onderhoudsbehoefte)

Skrotumomtrek

Hoogte, Lengte

Veldikte

Karkasmates (RTU)

Plaasgroeitoetse het dit ten doel om die genetiese potensiaal vir groeidoeltreffendheid van vleisrasbulle so akkuraat as moontlik onder plaastoestande te bepaal.

Voedingstoestande kan as volg wees :

- Ekstensief – veld met ‘n lek
- Semi-ekstensief – veld of aangeplante weiding met aanvulling
- Semi-intensief – genoegsame kragvoer met baie ruvoer in ‘n groter kampie
- Intensief – kragvoer (groei-rantsoen) in ‘n kraal

Die ouderdomme van die diere in die toets verskil met minder as 100 dae (speengroep). Diere moet jonger as 425 dae (±14 maande) aan die begin van die aanpassingsperiode wees. Speenkalwers word vir ‘n paar weke na speen in die veld of ’n ruvoerrantsoen geplaas voordat hulle die groeitoets begin in ‘n proses bekend as ‘*backgrounding*’. Die aanpassingsperiode vir plaasgroeitoetse kan wissel tussen 21 (intensiewe en enkel kudde toetse) en 90 dae (ekstensiewe en veel kudde toetse) afhangende van die groeitempo en toetsprosedure. Minstens 10 diere moet die toets begin, en kan diere wees van dieselfde ras uit dieselfde of verskillende kuddes, met verkieslik verskillende vaders om stoetvaars met mekaar te vergelyk.

Die toets moet tussen 84 en 270 dae (± 3 tot 9 maande) duur na die voorafbepaalde aanpassings-periode. 'n Gemiddelde minimum toename en groeitempo tydens die toetstydperk word vereis wat verskil tussen rasse. Diere word elke 14 dae of maandeliks geweeg. SA Stamboek se tegniese adviseur sluit die toets af. Die meting van skrotumomvang, skouer- of heuphoogte en liggaamslengte is verpligtend. Die meting van ultrasoniese (RTU) mates en veldikte is nie verpligtend nie. Genomiese toetsing (die trek van sterthare) is opsioneel. Werklike en gekorrigeerde liggaamsmates word verwerk. Die gekorrigeerde skrotumomvang word normaalweg gebruik by keuring. Resultate soos GDT (Gemiddelde Daaglikse Toename of groei oor toets), GDO (gewig per dag van ouderdom) word in gram sowel as ‘n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting word gebruik by keuring van die bulle. Bulle word na die toets gekeur as geskik vir gebruik as teelbulle. Bulle word afgekeur op fenotipiese foute, sowel as onvoldoende groei.

9.4.3 VOERINNAME GROEITOETSE

Individuele inname

Voeromset

GDT

Skrotumomtrek

Hoogte

Lengte

Veldikte

RTU

Inname op die veld, veral van produserende koeie, is baie moeilik om akkuraat te meet. Op die oomblik word groei en voerinname dus wêreldwyd tydens groeitoetse van jong bulle gemeet. Akkurate bepaling van voerdoeltreffendheid vereis dat individuele voerinname, sowel as groei, van potensiële teelbulle gemeet word. Die meting van individuele voerinname vereis gespesialiseerde apparatuur en word by verskeie geakkrediteerde toetsstasies gemeet. Voerkrale betaal reeds voorkeur tariewe aan telers met meer winsgewende kalwers.

Daar bestaan ‘n wan-persepsie dat ‘n groeitoets ’n voerkraal toets is en dat ‘n voerkraal rantsoen daarvoor gebruik word. Rantsoene in groeitoetse vereis ‘n gestandaardiseerde groeirantsoen en NIE ‘n voerkraalrantsoen nie. Die doel is om diere teen mekaar te evalueer sodat presteerders geïdentifiseer kan word en nie om maksimum groei te verkry nie. Die gemiddelde VOV (ongeveer 5 tot 6) en GDT (1.6-1.8 kg /dag) van die getoetste groep moet ooreenstem met ras gemiddeld. Bulle moet genoegsame spiere ontwikkel sonder oormatige vet. Geen bymiddels wat bulle se vrugbaarheid of langtermyn gesondheid kan benadeel, mag ingesluit word nie. Die rumen mag geen suurpens skade opdoen nie en bulle moet maklik weer by veld toestande aanpas na afloop van die
toets. Die ruvoer in die rantsoen vir verse moet verhoog word (in vergelyking met die rantsoen vir bulle) ten einde oormatige vetneerlegging te verhoed.

Diere moet 151 dae tot 278 dae oud wees (5-9 maande) by aanvang van die aanpassingsperiode en die ouderdomme van die diere moet minder as 100 dae verskil (speengroep). As ‘n riglyn moet bulle verkieslik minder as 50 kg in gewig verskil. Bul- en verskalwers word aanvaar. Sommige telers wil graag voerdoeltreffendheid op hulle hele kudde meet, wat verse insluit. Dit sal genetiese vordering bespoedig en meer doeltreffend maak. Verse word in aparte toetse as bulkalwers getoets.

Die groeitoets begin met ‘n aanpassingsperiode van ‘n minimum van 28 dae wees vir ‘n 84 dae groeitoets. Gedurende die aanpassingsperiode ontvang bulle dieselfde rantsoen as gedurende die toetsperiode en daar moet ‘n gewigstoename van 15 - 20kg wees voordat die toets kan begin. Vir sinvolle resultate word daar aanbeveel dat minstens 10 diere van dieselfde ras (uit dieselfde of verskillende kuddes, met verkieslik verskillende vaders (om stoetvaars met mekaar te vergelyk) getoets word. Rasse en telers met min telers / diere waar die 10 diere vereiste nie haalbaar is nie, sal egter ook geakkommodeer word. Verwerkings van prestasie vir min diere per groep het egter ’n beperkte waarde. Diere word elke 7 dae geweeg (volpens). Die standaard toetslengte vir inname-groeitoetse is 84 dae vir bulle en 56 dae vir verse, omdat verse vroeër vet neerlê as bulkalwers.
By die afsluiting van die groeitoets is die meting van skrotumomvang, skouer- of heuphoogte en liggaamslengte verpligtend. Die meting van ultrasoniese (RTU) mates en veldikte is ingesluit maar nie verpligtend nie. Genomiese toetsing (die trek van sterthare) is opsioneel. Werklike en gekorrigeerde liggaamsmates word verwerk. Die gekorrigeerde skrotumomvang word normaalweg gebruik by keuring. Resultate soos GDT (Gemiddelde Daaglikse Toename of groei oor toets), voerinname, VOV (voeromset verhouding), GDO (gewig per dag van ouderdom) word in gram sowel as ‘n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting is bruikbaar by keuring.

Verse wat ‘n groeitoets afgesluit het, word deur Genootskap keurders gekeur.

TOEKENNINGS VIR PRESTASIE EN BRANDMERKE

Alle bulle wat die toets suksesvol voltooi, word goedgekeur en gesertifiseer dat hulle ‘n Voer Inname & Groeitoets voltooi en minimum rasstandaarde geslaag het by ‘n geakkrediteerde Sentrum. (Geen merietes word toegeken nie). Toetssentrums kan bulle brand met die goedgekeurde Stamboek brand, indien verkies. Al die bulle word dieselfde gebrand. Die Stamboek brandmerk word gebruik saam met ‘n letter / syfer van die stasie waar die bul getoets is, aan die bo-kant, bv S vir Sernick, B vir Buffland, ens.

9.4.4 GROEITOETS TEELWAARDES

EBVI: GDT (GEMIDDELDE DAAGLIKSE TOENAME)

GDT (Gemiddelde daaglikse toename) is ook een van die belangrikste groei teelwaardes. Dit dui aan op die hoeveelheid gewig wat aangesit word gedurende ’n groeitoets. GDT is relatief maklik en goedkoop om te meet binne ’n groeitoets, aangesien net gewigte en ouderdom oor tyd nodig is om dit te bereken. GDT teelwaardes word beraam op redelik baie metings in groot kontemporêre groepe vir meeste rasse, wat die teelwaardes akkuraat en stabiel maak. Hoe hoër die teelwaarde indeks, hoe beter die groei.

EBVI: KLEIBERVERHOUDING

In gevalle waar individuele diere se voerinname nie direk gemeet word nie (bv. Ekstensiewe naspeense groeitoetse), gee die Kleiberverhouding ’n aanduiding van die dier se doeltreffendheid van voer/veld verbruik. Dit word beraam as gemiddelde daaglikse toename relatief tot die dier se metaboliese (onderhouds-) gewig of te wel GDT/gewig$^{0.75}$. Die Kleiberverhouding dien as 'n indirekte maatstaf vir voerdoeltreffendheid. Diere met 'n hoë EBVi is meer doeltreffend.

EBVI: VOEROMSET

Groeidoeltreffendheid het ’n direkte effek op winsgewendheid, en is dus baie belangrik. Dit vereis egter dat die hoeveelheid voer gevreet presies gemeet moet word, wat dit gevolglik duur en moeilik meetbaar maak. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om presiese voerverbruik te meet van beeste wat ekstensief op veld loop nie. Inname in ’n voerkraalopset is egter makliker meetbaar en word tydens intensiewe naspeense groeitoetse gemeet.

Bulle staan en wag by ‘n voerstasie waar individuele voerinname gemeet word.

Voeromset meet hoeveel die dier gevreet het vir elke kilogram gewig wat hy opgetel het. Dit het die voordeel dat dit 'n baie eenvoudige doeltreffendheidsmaatstaf is wat maklik verstaanbaar is. Dit word al baie jare met groot sukses in Suid-Afrikaanse vleisbeesteling gebruik. Doeltreffende diere vreet minder voer vir elke kilogram gewig opgetel, dus is 'n kleiner waarde, 'n kleiner teelwaarde en 'n groter teelwaarde indeks 'n aanduiding van 'n meer doeltreffende dier.

EBV: BULVRUGBAARHEID: SKROTUMOMTREK

Skrotumomtrek is 'n aanduiding van manlike vrugbaarheid (semen volume) en is baie maklik om te meet. Dit word gemeet aan die einde van die groeitoets.

Die korrelasie tussen skrotumomvang en spermproduksie is hoog: 81% (Ohio State University). Die korrelasie tussen skrotum omvang en vroulike vrugbaarheidsparameters soos ouderdom met puberteit en ouderdom met eerste kalwing varieer geweldig baie tussen verskillende studies en wissel van omtrent 15% tot hoog. Die algemene konsensus is egter dat die verband nie so sterk is soos aanvanklik gehoop is nie, en dat daar beter vordering gemaak sal word deur direk vir die vroulike vrugbaarheidsparameters te selekteer, *Skrotumomvang word gemeet* eerder as indirek vir skrotumomtrek.

RAAMGROOTTE

Raam teelwaardes word gebruik om die algemene grootte (volwassenheidstipe) van die dier te meet. Raamgrootte kan 'n indikasie gee van die hoeveelheid voer wat 'n dier nodig het vir sy basiese metabolisme, en is 'n gemiddelde raam by koeie gewoonlik meer gewens. 'n Groter dier dra egter meer vleis en kan dus 'n groter inkomste genereer. Die gewenste raamgrootte sal dus afhang van die beskikbare omgewing, maar as 'n algemene riglyn behoort diere naby die gemiddeld geselekteer te word.

EBV: HOOGTE

Skouer- of heuphoogte word gemeet aan die einde van die naspeense groeitoets. Dit is 'n goeie aanduiding van raamgrootte, en gemiddelde teelwaardes is optimum onder die meeste Suid-Afrikaanse produksie sisteme, veral ekstensiewe omstandighede.

EBV: LENGTE

Lengte mates word ook aan die einde van die groeitoets gemeet. 'n Effens langer dier dra meer vleis, maar te lank kan veroorsaak dat die dier 'n holrug ontwikkel en is dus nie gewens nie.

VELDIKTE



Die vel vorm 'n buffer tussen die dier en sy omgewing en speel 'n belangrike rol in die aanpassing van die dier. 'n Dikker vel het 'n hoër bloedtoevoer en kan dus hitte beter reguleer. Steekvliee sal ook moeiliker deur 'n dik vel boor en eiers lê. Netso word bosluise meer dikwels gevind op die areas van 'n bees waar die vel dunner is. Veldikte is 'n fisiese versperring wat 'n bosluis se byt bemoeilik. Afwaartse nekvoue wat na aanmekaar lê dui op 'n dun vel met minder bloed wat na die oppervlakte vloei, terwyl voue wat verder uitmekaar lê en dikker vertoon, op 'n dikker vel dui. Veldiktes word reeds vir baie jare in Suid-Afrika *Veldikte word agter die blad gemeet deur die* gemeet tydens die afsluiting van intensiewe en ekstensiewe *vel te vou en die dikte met 'n 'caliper' te meet.* bulgroeitoetse.

9.4.5 KARKASEIENSKAPPE

Vleisbeeste groei in fases: 'n jong dier groei deur 'n toename in been, organe en spiere. Groei-tempo neem toe totdat puberteit bereik is, en verminder dan geleidelik totdat volwassenheid bereik is. In die volgende fase by ouer diere word ekstra energie as vet neergelê in die liggaam. Die vet word eers abdominaal, tussen die spiere en onder die vel neergelê, waarna die laaste stadium van groei plaasvind en vet binne-in die spier neergelê word. Hierdie eienskappe word met behulp van 'n RTU (Real Time Ultrasound) skandeerder op die lewendige dier na die na-speense groeitoets gemeet. Die RTU mates word op twee belangrike verwysingspunte gemeet, naamlik tussen die 12de en 13de rib, sowel as op die kruis naby die stertaanhegting. Hierdie verwysingspunte is die beste as aanduiding van die spier- en vetverhouding in die res van die karkas.

Links bo: 'n Bul word geskandeer en 'n beeld verskyn op die skerm (regs bo). Links onder is die oogspier om lyn en regs onder kan die marmering as spikkels binne die blokkie gesien word.

EBVI: OOGSPIER OPPERVLAK

'n Groter oogspier, relatief tot die gewig van die dier, dui op die bespiering op die res van die karkas. Hoe hoër die teelwaarde, hoe meer is die bespiering.

EBVI: VET DIKTE

Die RTU mates en gewig word ook gebruik om die Vetdikte te meet. Hoe hoër die teelwaarde, hoe hoër is die totale persentasie vet (by 'n spesifieke gewig) in die karkas.

EBVI: MARMERING

Binnespierse vet is sigbaar as marmering en dit maak die vleis sag en sappig. In Suid-Afrikaanse voerkrale word diere egter geslag voordat hierdie derde stadium van groei na behore plaasgevind het.

EBVi: UITSLAGPERSENTASIE

Die uitslagpersentasie word voorspel vanaf die bul se gewig, sowel as die RTU eienskappe. Hoe hoër die uitslagpersentasie, hoe beter is die prys wat die teler vir die karkas kry.

ROOIVLEISPRODUKSIE WAARDE

Net soos uitslagpersentasie, word kg Rooivleisproduksie bepaal vanaf die bul se gewig en die RTU eienskappe.

10. LOGIX

10.1 TOEGANG TOT LOGIX

Die Logix databasis verskaf internet toegang *via* www.logix.org.za. Telers kan as gebruikers registreer en het dan toegang met 'n wagwoord. Data kan direk *via* Logix opgelaai word en verwerkte resultate is as bruikbare verslae weer beskikbaar vir telers.

Toegang tot Logix word beheer met 'n aantekeningsnaam en 'n wagwoord. Telers het slegs toegang tot hulle eie data, tensy die betrokke Telersgenootskap toestemming gee dat telers mekaar se diere se data mag sien. Die Telersgenootskappe self het toegang tot die data van al hulle telers. Logix is beskikbaar in Afrikaans of Engels en telers kan op die webwerf registreer. Die wagwoord kan verander word op Logix op die aanteken-skerm.

Data vasleggingsskerms sluit in dekkings, geboorte-kennisgewings, produksie data (speen en na-speen gewigte) kansellasies, oordragte en skedule O aantekening.

Data kan op die volgende maniere ingestuur word vir vaslegging op Logix:

- Direk op Logix (www.logix.org.za) deur gebruik te maak van die geboorte-kennisgewing of gewigte instuur opsies

- Data kan deur middel van ‘n elektroniese lêer vanuit plaas sagteware programme, soos bv. BenguFarm Beef, aan edata@studbook.co.za gestuur word.
- E-pos: Helpdesk@studbook.co.za
- Pos adres: SA Stamboek, Posbus 270, Bloemfontein, 9300
- Straat adres: Henry straat, Bloemfontein

Indien u probleme ondervind met indiening of hulp nodig het, kontak asseblief die naaste TA (Tegniese Adviseur) of Stamboek by skakelbord 051-410 0900 (vra vir Herman).

10.2 LOGIX SKERM UITLEG

1. KORTPAAIE

2. NAVRAE

Navrae
2.1 Deelname
2.2 Dierinligting
2.3 Teelwaardes

2.2 Dierinligting
One Level Up/ Een Vlak Op
Stamboom
Beeste
Dierinligting

2.3 Teelwaardes
One Level Up/ Een Vlak Op
Stamboom
Vleis
Bul Teelwaarde Navraag
Teelwaarde Sterre (vergelykend)

Dierinligting
Dier
Nageslag
Voorgeslag
Foto
Produksie
Reproduksie Kaart
DNS
Ras Fraksies
Alternatiewe no
Klassifikasie
Dier Redigeer
QR
Volgende
DRUK

3. VERSLAE

Verslae 3

- 3.1 Deelname
- 3.2 Administratiewe verslae
- 3.3 Stamboomverslae
- 3.4 Reproduksieverslae
- 3.5 Produksieverslae
- 3.6 Teelwaardes
- 3.7 Sertifikate
- 3.8 Inventaris

3.2 Administratiewe verslae

One Level Up/ Een Vlak Op

Beeste

- Inspeksielys met kenmerke/keurkodes
- Inspeksielys
- Lys van (pending registration) diere
- Embrio- en semenskenkerlys
- Lys van ingevoerde diere

Vleis

- Administratiewe kraallys
- Kudde Analise Verslag

3.3 Stamboomverslae

One Level Up/ Een Vlak Op

Beeste

- Uitvoersertifikaat
- Vyfgenerasiestamboom
- Vyfgenerasiestamboom per kudde
- Koei-nageslagopsomming
- Bul-nageslagopsomming

Vleis

- Driegenerasiestamboom
- Driegenerasiestamboom per kudde

3.4 Reproduksieverslae

One Level Up/ Een Vlak Op

Beeste

- Kuddereproduksieverslag
- Kuddestatusverslag
- Oorskryding van reproduksienorme
- Opsommende ras reproduksiestatistieke
- Reproduksiestatusverslag
- Omvattende reproduksieverslag

3.5 Produksieverslae

One Level Up/ Een Vlak Op

Beeste

Vleis

- Weeglys
- Speen- & naspeenverslag
- Groeitoetsverslag
- RTU skandering verslag
- Liggaamsmatesverslag
- Koeinageslag met prestasie
- Prestasiesertifikaat
- Speentoetse met embrio kalwers
- Teelkuddeseleksieverslag

3.6 Teelwaardes

One Level Up/ Een Vlak Op

- Genetiese Verslag / Elite (PDF)
- Dier teelwaardeprofiel

3.7 Certificates

One Level Up/ Een Vlak Op

- Registration certificate (all species)

Cattle

- Registration certificate
- Birth list

3.8 Inventaris

One Level Up/ Een Vlak Op

Beeste

Vleis

- Inventarislys
- Inventarislys Kommersieel
- Inventarislys Reg & Kommersieel
- Nie vir registrasie

4. DIENSTE





5. DATAOPNAME

6. TEELWAARDES



7. KOMMUNIKASIE EN 8. KATALOGUSSE

10.3 OPSOMMING VAN BESKRYWING VAN LOGIX VERSLAE

DATA OPNAME

No	Aksie	Kortpaaie	Logix roete
1	Geboorte-kennisgewing	Geboortekennisgewing per dier	Data opname -> Geboorte, dekking en invoere -> Aflyn (meer diere) of -> geboorte-kennisgewing (1 dier)
2	Kansellasie	Kanselleer diere	Data opname -> Kansellasie inventaris/enkel diere
3	Weegdatum berekening	Weegdatums uitwerk	Dienste -> Nutsprogram -> Weegdatum berekening
4	Gewigte en kont. grpe	Gewigte instuur	Data opname -> Produksie vleis -> speen / naspeen -> tipe toets -> weegdatum

DIER VERSLAE

No	Verslag naam	Kortpaaie	Logix Roete
5	Dier inligting	Dier inligting	Navrae -> Dierinligting. Hofies: Dier, Nageslag, Voorgeslag, Foto, Produksie, Reproduksie kaart, DNA, Ras Fraksies, Alternatiewe nr, Klassifikasie, Dier Redigeer, QR kode
6	Drie-generasie stamboom met Produksie	Stamboom inligting	Verslae -> Stamboomverslae -> Driegenerasie stamboom; Lyk soos ‘n veilings katalogus
7	Metings en teelwaardes	Produksiedata	Navrae -> Dierinligting -> Produksie
8	Koei Nageslag	-	Navrae -> Dierinligting -> Reproduksie Kaart of Verslae -> Produksie verslae -> Koeinageslag met prestasie

KUDDE VERSLAE

No	Verslag naam	Kortpaaie	Logix Roete
9	Verskeie inventarisse en Kraallys	Elektroniese inventaris; Inventaris; Kraallys	Verslae -> Administratiewe verslae -> Administratiewe Kraallys
10	Genetiese verslag (Teelwaardes)	-	Verslae -> Teelwaardes -> Logix Genetiese Verslag (pdf)
11	Inspeksie Lys	-	Verslae -> Administratiewe verslae -> Inspeksielys
12	PEN lys (Onafgehandelde registrasies)	-	Verslae-> Administratiewe verslae -> Lys van (*pending registration*) diere
13	Oorskryding van reproduksie norme	-	Verslae -> Reproduksieverslae -> Oorskryding van reproduksie norme
14	Opsommende ras reproduksie statistiek	-	Verslae -> Reproduksieverslae -> Opsommende ras reproduksie statistieke
15	Weeglys	-	Verslae -> Produksie verslae -> Weeglys
16	Speen en Naspeen verslag	-	Verslae -> Produksie verslae -> Speen- & naspeenverslag
17	Groeitoets verslag	Groeitoetsuitslae	Verslae -> Produksie verslae -> Groeitoets verslag
18	RTU verslag	-	Verslae -> Produksie verslae -> RTU skanderings verslag

19	Liggaaamsmates	-	Verslae -> Produksie verslae -> Liggaamsmatesverslag
20	Teelkudde seleksie verslag (sorteer koeie op reproduksie en EBVs)	Teelkudde seleksie verslag	Verslae -> Produksie verslae -> Teelkudde seleksie verslag

10.4 VOOBEELDE VAN SOMMIGE LOGIX VERSLAE

1. DEKLYS EN GEBOORTE KENNISGEWING



Data opname -> Geboorte, dekking en invoere -> Aflyn Bees Geboortes (meer as een dier)

Data opname -> Geboorte, dekking en invoere -> Geboorte kennisgewings (Beeste) vir enkele diere

Kortpaaie ->Geboorte kennisgewing





2. KANSELLASIE

Kortpaaie -> Kanselleer diere

Data opname -> Kansellasie inventaris/enkel diere

3. WEEGDATUMGRENS BEREKENING

Dienste -> Nutsprogram -> Weegdatum berekening

Kortpaaie -> Weegdatums uitwerk

4. PRODUKSIE (GEWIGTE) OPNAME

Data opname -> Produksie vleis -> Speen / Naspeen -> Tipe toets -> Weegdatum of Kortpaaie -> Gewigte instuur

5. DIER INLIGTING

Baie interessante en omvattende verslae is beskikbaar as die Dierinligting verslae op Logix. Indien enige inligting van 'n dier verlang word, kliek op die hofie Navrae -> Dierinligting en sleutel die betrokke dier se inligting in.

Dier | Nageslag | Voorgeslag | Foto | Produksie | Reproduksie Kaart | DNS | Ras Fraksies | Alternatiewe no | Klassifikasie | Dier Redigeer | QR | Volgende | DRUK

DRAKENSBERGER(DRB)	Dier:	Vaar:	Moer:
Identifikasienommer	DRBFBH 110106	DRBMJA 080001	DRBFJA 010129
Voorvoegsel	BLACK HILLS	JATRO	JATRO
Naam	MILO 8 JA1129	JA080001	01129
Rekenaar nr.	0073472391 (F)	0067288522(M)	0047399811 (F)
Geboortedatum & Ouderdom (mde)	28/08/2011 (101)	25/07/2008	01/08/2001
Afdeling / onderafdeling	B (Appendix B) / Geen	SP/NO	A/NO
Status	REG (Registered)	REG (Registered)	REG (Registered)

Aan die bokant is 'n aantal hofies wa t skerms oopmaak met al die dier se inligting, insluitende eienaar(s), stambome, voorgeslagte, nageslagte, foto's, metings, teelwaardes, 'koeikaart', laboratorium inligting en selfs die QR kode. Die inligting verskyn elke keer aan die onderkant, rol dus die skerm ondertoe om die inligting te sien.





6. STAMBOOM

Dierinligting -> Voorgeslag ->
Skematiese voorstelling -> 5 generasies:



Driegenerasiestamboom

saamgestel deur die S.A. Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging

BEEFMASTER

SA STAMBOEK STUD BOOK LOGIX

0323037000
MNR. W.C. ODENDAAL
ORIBILAAGTE
POSBUS 123
VREDE
9835

Naam: WO WO080274

Ident. nommer: WO 080274
Reg. nommer: 0067660670
Geboorte Datum: 16/09/08
Geslag: Vroulik
DNA Nr:
INTELING: 8%
Afdeling: SP
Onderafdeling:
Koei/Kalf verh. Gebrte (GGV): -
HORING STATUS:

Gem TKP: 367 (9) OEK: 24
Kalwings: 09/10 09/11 10/12 09/13 11/14 10/15
Toekennings: 10/16 10/17 09/18
Elite-Bronc (2017)

Vaar: WO WO 05 389 - 04/10/05
WO 050389 0062126453
HORING STATUS: HH
Afdeling SP DNA Nr W7206

Moer: WO WO 04 474 - 03/11/04
WO 040474 0049591423
HORING STATUS:
Gem TKP: 372 (10) OEK: 23 (GGV: -)
Kalwings: 09/06 10/07 09/08 09/09 09/10 10/11 10/12 10/13 10/14 11/15
Afdeling SP DNA Nr

P.G. Vaar: WO WO0181 - 01/08/01
WO 010081 0047188586
HORING STATUS:
Afdeling SP DNA Nr P1500/10

P.G. Moer: WO WO01219 - 23/09/01
WO 010219 0047188917
HORING STATUS:
Gem TKP: 467 (11) OEK: 26 (GGV: -)
Afdeling SP DNA Nr U145367

M.G. Vaar: WO WO 01 0042 - 10/10/01
WO 010042 0047423934
HORING STATUS:
Afdeling C DNA Nr

M.G. Moer: WO WO 00 145 - 06/11/00
WO 000145 0048473458
HORING STATUS:
Gem TKP: 374 (10) OEK: 22 (GGV: -)
Afdeling C DNA Nr

04/2019	KALF GEMAK ★★☆		MELK ★★☆	KALF/GROEI ★★★☆	ONDERHOUD ★★		GROEI TOETS					VRUGBAARHEID ★★★			KOEI WAARDE ★★☆	GROEI WAARDE ★★☆	PRODUKSIE WAARDE ★★☆
Seleksie Waarde	91 79		97 81	110 77	84 66							105 65					
	Geb gew	Geb Mat	Melk	Speen gew	Naspeen	Volw. gewig	GDT	Kleiber	VOV	Lengte	Hoogte	SO	OEK	TKP			
TW Indeks	92	98	97	110	110	117	107	106	99	109	101	109	100	105 57	96 67	99 43	95 62
Teelwaarde	0.67 79	0.16 78	-.5 81	10.7 77	14.9 65	22 60	45 57	- 57	-8 28	13 58	1 59	11.5 59	0.5 69	-4.7	In Vitro		
Metings	35			226 (69)	314 (96)	- (-)	-	41	-	-	-	-					

05/22/10 11:31:06 AM SBTGB Verslag weergawe 1.0. saamgestel met Logix Bladsy 1

Kortpaaie -> Stamboom inligting of Verslae -> Stamboomverslae -> Driegenerasie stamboom

7. PRODUKSIE

Alle inligting rakende die dier se prestasie is beskikbaar onder die Produksie hofie. Hieronder kan gesien word vir watter eienskappe die dier gemeet is, wat die rou meting was, wat die aangepaste gewig is, die binne-groep indeks, die aantal tydgenote wat saam met die dier getoets is, sy teelwaarde en akkuraatheid vir die betrokke eienskap



Koei-Kalf gewigte	$GEBV_{Akk.}$	GEBV Indeks	Meting	Aangepas	Indeks	Tydgenote	Produksie Toets	Toets Eind	Ouderdom
Geboorte									
Geboorte Gewig Direk	1.94_{86}	92	36	-	-	-	-	-	-
Geboorte Maternaal	-0.07_{82}	97							
Voorspeen									
Voorspeen Gewig			-	-	-	-	-	-	-
Speen									
Speen gewig Direk	13.6_{82}	99	214	209	88	10	A21BON201205	15/08/2012	211
Speen gewig Maternaal	7.8_{84}	114							
Naspeen									
12 maande gewig	24.8_{78}	107	281	281	97	33	B11BON201201	16/01/2013	365
18 maande gewig	31.7_{73}	108	362	344	96	15	B21BON201202	10/08/2013	-

8. KOEI NAGESLAG

Verslae -. Produksie verslae -> Koeinageslag met prestasie

Navrae -> Dierinligting -> Nageslag

Dier | Nageslag | Voorgeslag | Foto | Produksie | Reproduksie Kaart | DNS | Ras Fraksies | Alternatiewe no | Klassifikasie | Dier Redigeer + | QR | Volgende | DRUK

Dier ID Nommer	Rek. No.	Geslag	Afd.	Geb. Dat.	Dek kode	Geb.	IBP	Vaar No.	Status	Insp	V. Speen	Speen	12 M	18 M	Fase	GDT	GDO	RI
DRBFBH 110106	0073472391	F	B	28-AUG-11	N	30	371	DRBMJA 080001	Registered	P		198_{90}	206_{94}	362_{98}	B21			107

PROGENY

Dier ID Nommer	Rek. No.	Geslag	Afd.	Geb. Dat.	Dek kode	Geb.	IBP	Vaar No.	Status	Insp	V. Speen	Speen	12 M	18 M	Fase	GDT	GDO
DRBMBH 140408	0080194723	M	SP	18-SEP-14	N	33	37	DRBMBH 110112	Cancelled	C		220_{95}			C32	1279_{97}	827_{80}
DRBMBH 150047	0082322629	M	SP	13-SEP-15	N	35	360	DRBMBH 110117	Registered	P		248_{97}			C32	1812_{100}	1063_{95}
DRBFBH 160045	0084189539	F	SP	21-SEP-16	N	36	373	DRBMBH 110117	Registered	P		221_{103}	193_{93}	311_{95}	B22		

Navrae -> Dierinligting -> Reproduksie kaart:

DAM

Dier ID Nommer	Rek. No.	Geslag	Afd.	Geb. Dat.	Dek kode	Geb.	IBP	Vaar No.	Status	Insp	V. Speen	Speen	12 M	18 M	Fase	GDT	GDO	RI
DRBFBH 110106	0073472391	F	B	28-AUG-11	N	30	371	DRBMJA 080001	Registered	P		198_{90}	206_{94}	362_{98}	B21			109

PROGENY

Dier ID Nommer	Rek. No.	Geslag	Afd.	Geb. Dat.	Dek kode	Geb.	IBP	Vaar No.	Status	Insp	V. Speen	Speen	12 M	18 M	Fase	GDT	GDO
DRBMBH 140408	0080194723	M	SP	18-SEP-14	N	33	37	DRBMBH 110112	Cancelled	C		220_{95}			C32	1279_{97}	827_{80}
DRBMBH 150047	0082322629	M	SP	13-SEP-15	N	35	360	DRBMBH 110117	Registered	P		248_{97}			C32	1812_{100}	1063_{95}
DRBFBH 160045	0084189539	F	SP	21-SEP-16	N	36	373	DRBMBH 110117	Registered	P		221_{103}	193_{93}	311_{95}	B22		
DRBFBH 170085	0085984938	F	SP	15-OCT-17	N	27	389	DRBMBH 150025	Registered	P	114_{115}	215_{97}	207_{103}	331_{99}	B22		
DRBFBH 180109	0087697702	F	SP	25-OCT-18	N	35	375	DRBMGR 130070	Registered	P	130_{99}	231_{102}	241_{113}	352_{104}	B22		

9. ADMINISTRATIEWE KRAALLYS & INVENTARIS

Kortpaaie: Elektroniese inventaris; Inventaris; Kraallys

Verslae -> Administratiewe verslae -> Administratiewe Kraallys



Administratiewe Kraallys

saamgestel deur die S.A. Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging

0448700HFD

Dier Inligting											Produksie					Reproduksie							Verhouding					
Diernommer	Rek. No.	DNA/BIO	DK	Vaarnommer	Moernommer	Afd.OV	INT	St.	Geb. Datum	Oud.	LE	0	205	365	540	LDD	ES	OEK	TKP	DLK	GSI	Ak	Sp	V	M	GKB	GKS
ZK 120087	0075487795	-	2	ZK 060018	JBS 020003	SP	-	1	RRG 13/08/2012	67	B12	44	94	100	-	30/07/2017	D	31	385	354	95	3	1	1/1	0/0	651(3)	650(1)
ZK 120088	0076487803	-	2	ZK 060018	ZK 070075	SP	-	3	REG 14/08/2012	67	B12	40	94	93	-	14/02/2018	D	41	592	209	-	2	-	0/0	0/0	665(2)	-
ZK 120134	0076572370	-	1	ZK 090185	ZK 090045	SP	-	13	REG 30/08/2012	66	B12	34	103	114	-	30/01/2018	D	24	378	179	101	4	2	0/0	0/0	509(4)	470(2)
ZK 120137	0076572461	-	1	ZK 090103	ZK 090086	SP	-	3	RRG 01/09/2012	66	B12	23	114	94	-	30/07/2017	D	32	382	343	102	3	2	0/0	0/0	548(3)	652(2)
ZK 120138	0076572479	-	1	ZK 090185	ZK 050039	SP	-	2	REG 01/09/2012	66	B12	39	96	95	-	30/01/2018	D	24	389	192	-	4	-	0/0	0/0	530(4)	-
ZK 120150	0076572560	-	1	BMH 080054	ZK 070052	SP	-	0	REG 04/09/2012	66	B12	35	91	95	-	30/01/2018	D	25	358	188	112	4	1	0/0	1/1	547(4)	543(1)
ZK 120153	0076572594	-	1	ZK 080055	ZK 080127	SP	-	2	REG 05/09/2012	66	B12	42	100	100	-	30/01/2018	D	24	385	207	102	4	2	1/1	0/0	478(4)	452(2)
ZK 120157	0076688388	-	1	ZK 080049	ZK 050082	SP	-	1	RRG 06/09/2012	66	B12	50	101	95	-	28/11/2015	D	25	484	334	96	3	1	1/1	0/0	588(3)	608(1)



Inventory / Per Capita List

compiled by the S.A. Studbook and Animal Improvement Association

SA STAMBOEK STUD BOOK

BONSMARA SA

Report Date: 2019/08/20

REPORT COMPILED PER OWNER

0470307BON ROOYBERG BOERDERY

Female Animals Animal Name	Birth Date	Comp. No.	Sec/Sub	Status	Age	ICP	P	Indices Wean	12M	18M	ADG	FCR	Calf Count	BPC Awa	Out	Identity Number	Date	Reason Dead	Canc	Sold
ROOYJAN RB040030	2004/11/30	0049615255	SP/NO	REG	176	388	-	107	115	104	-	-	11	-		RB 040030				
ROOYJAN RB050011	2005/05/01	0061025961	SP/NO	REG	171	371	-	108	113	99	-	-	12	-		RB 050011				
ROOYJAN RB050080	2005/04/19	0061025938	SP/NO	REG	172	422	-	104	102	105	-	-	11	Elite-Gold		RB 050080				
ROOYJAN RB060020	2006/05/28	0062846235	SP/NO	REG	158	409	-	103	104	100	-	-	10	-		RB 060020				
ROOYJAN RB070002	2007/04/30	0064646270	SP/NO	REG	147	375	-	105	101	109	-	-	10	-		RB 070002				

10. GENETIESE VERSLAG

Charolais
Genetiese Evaluasie

SA Stamboek
Februarie 2020

Kudde nommer: 15332

MNR. W.S. NEL
DEWETSHOEK
POSBUS 37
MACLEAR
5480

LOGIX



Herd and Breed Averages

Teelbulle (Vaders van Diere)



Selection List on Cow Value
Bulls 2 years and older

Verslae -> Teelwaardes -> Logix Genetiese Verslag (pdf)

11. INSPEKSIELYS

Verslae -> Administratiewe verslae -> Inspeksielys



INSPEKSIELYS

0579407000
BLOODLINE BORANE
POSBUS 57
DEWETSDORP
9940

1 INRE 2 C 3 R 4 0579407BOR

VROULIKE DIERE

5 Rek. No.	6 Dier No.	9 Gewig	11 Horings	12 Prest.	13 Keuring	14 Op / Af	15 O. Afd.	Rede	Afd.	Ges.	Geb.	Speen	12M	18M	GDO	GDT	V/D	SO	Fase
0086021565	FPL 170066								SP	F	32	100	100	100	-	-	-	-	B22
											G. Dat:	28/08/2017		Vaar:	PRB 130020		Moer:	B 090585	
0086375102	FPL 170135								SP	F	23	103	99	98	-	-	-	-	B22
											G. Dat:	09/12/2017		Vaar:	FPL 130041		Moer:	FPL 150024	
0086548575	FPL 180001								C	F	21	76	69	85	-	-	-	-	B22
											G. Dat:	01/01/2018		Vaar:	FPL 130162		Moer:	FPL 150110	
0086710084	FPL 180031								SP	F	33	117	113	100	-	-	-	-	B22

12. 'PENDING' EN FOUTLYSTE

Verslae-> Administratiewe verslae -> Lys van (pending registration) diere

LYS VAN "PEN" DIERE

saamgestel deur die S.A. Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging

0603072BON
POLDEEN BONSMARA STOET
RIETFONTEIN 90
POSBUS 132
LYDENBURG
1120

Verslagdatum: 15/07/2010

VERSLAG SAAMGESTEL PER EIENAAR

Manlike Diere

DIER					VAAR				MOER			Skep Datum
ID	Geb. Datum	Rek. Nr.	Seksie	PEN rede	ID	Rek nr	DNS no.	Inspeksiedatum	ID	Rek nr	Inspeksiedatum	
···POL 060152	21-MAY-06	0069678613	PEN	SBI	POL 02 0053	0046079481	-	03-SEP-04	POL 992	0042097121	20-AUG-02	27-NOV-09
···POL 090057	26-MAY-09	0069700045	PEN	PNI	POL 030056	0061828244	'P1543/03 (DNA)	07-JUL-05	POL060108	0069527582	-	01-DEC-09
···POL 080065	06-JUN-08	0069678670	PEN	PNI	POL0171	0044856011	'P3252/05 (DNA)	21-JUL-03	POL 03 23	0047304431	-	27-NOV-09
···POL 070161	22-MAY-07	0070184264	PEN	PNI	POL0171	0044856011	'P3252/05 (DNA)	21-JUL-03	POL 02 0008	0046078226	-	09-FEB-10
···POL 080064	31-MAY-08	0070174339	PEN	PNI	POL0171	0044856011	'P3252/05 (DNA)	21-JUL-03	POL0250	0048072292	-	10-FEB-10

Die doel van die lys is om probleme met registrasie te identifiseer en te omskryf. Die teler kry dit gereeld vanaf Stamboek.



Edit Lists

compiled by the S.A. Studbook and Animal Improvement Association

Geboorte Kennisgewings

Animal ID	Birth	Sire	Dam	Editing Required
PARTICIPANT: 0552199AAN COETZEE Z.E.				
BATCH: AAAN0552199LX21				
ZEC190050 AANMZEC 190050	09/11/2019	0087790119	AANFZEC 170048	Moeder gemerk as pending - (PEN/PRF - Production required) geboorte nie toelaatbaar
ZEC190018 AANFZEC 190018	09/08/2019	0085361855	AANFZEC 150049	Interkalving periode is te klein - 1 dae -ras 270 (10-AUG-19 - ZEC 190023)

13. OORSKRYDING VAN REPRODUKSIE NORME

Verslae -> Reproduksieverslae -> Oorskryding van reproduksie norme

LOGIX

Oorskryding van Produksie en Reproduksienorme

VERSE OUER AS 40 MAANDE, UITSLUITENDE EERSTE AANVAARDINGS

Dier ID	Rekenaar no	Geb Dat	Oud	Speen	12M	18M	Afd	Kondonering

GEEN REKORDS BUITE GESPESIFISEERDE PERKE GEVIND

KOEIE: OUDERDOM BY EERSTE KALWING MEER AS 40 MAANDE, INSLUITENDE EERSTE AANVAARDINGS

Dier ID	Rekenaar no	Geb Dat	Oud	Speen	12M	18M	Afd	nK	OEK	TKP	DLK	Kondonering
DRBFF 080052	0066874389	18/08/2008	139.9	105	106	-	SP	8	48	369	222	
DIERE GEVIND: 1	**GEMIDDELDES:**		**140**						**48**	**369**	**222**	
	RASGEMIDDELDES:								33	447		

14. REPRODUKSIE STATISTIEK OPSOMMING

Verslae -> Reproduksieverslae -> Opsommende ras reproduksie statistieke

LOGIX

REPRODUKSIE STATISTIEK OPSOMMING

RAS: HEREFORD

SA HEREFORD

Deelnemer	Naam van Deelnemer	Begin Datum	Totaal	Kooie ≥ 2k	Kooie 1k	Verse > 24	Verse 12-24	Verse < 12	Bulle > 24	Bulle 12-24	Bulle < 12	Gem. TKP 1-2	Gem. TKP Alle	Gem. TKP L2k	OEK	DLK
0025949HFD	AMAQUGWANE (PTY) LTD.	09-DEC-76	154	26	11	60	0	0	57	0	0	380	372	369	35	4583
0601456HFD	BONHAVEN BEEF CATTLE	18-MAY-09	230	45	20	28	29	33	7	33	35	370	366	349	36	216
0504412HFD	J.A.G. BOTHA	01-OCT-96	244	81	16	18	26	39	2	19	43	403	387	396	35	213
0621883HFD	MR C.C.M. BROWN	19-APR-11	2	0	0	1	0	0	1	0	0	-	-	-	-	-
0381553HFD	MR R.T. CLARK	01-JAN-92	312	66	24	41	44	58	3	26	50	373	369	360	34	147
0581956HFD	MR P.K. CLUVER	01-JAN-07	91	23	12	20	8	3	14	9	2	423	420	493	31	898

15. WEEGLYS

Verslae -> Produksie verslae -> Weeglys

SA STAMBOEK STUD BOOK

Weeglys - Speen

BORAN

Volgende Toets :

VIR SPEEN WEEG TUSSEN 31/03/2020 EN 10/06/2020

1. Dokument Kode : W L A B **2. Deelnemer No :** 0579407BOR

3. Toets No A 2 1 (Toets Tipe) B O R (Raskode) (Toets Jaar) (Toets Nr)

4. Toets Begin Datum D D M M Y Y Y Y **5. Toets Eind Datum** D D M M Y Y Y Y

6. Waarnemer No

7. ID No	8. Rek No	9. Geb. Datum	10. Dier Gew	Koei Nr.	11. Koei Gew (Sp)	12. Weeg Datum	Rek. Groep Kode 13. Geslag	14. Grootmaak Status	15. Voeding Status	16. Koei Voed Status	17. Opmerk
ZIP 190051	0089372809	14/09/2019		FPL 170020			F				
ZIP 190052	0089372551	16/09/2019		FPL 170044			F				
ZIP 190053	0089372619	16/09/2019		FPL 170007			F				
ZIP 190055	0089372767	17/09/2019		FPL 170016			F				
ZIP 190057	0089372601	20/09/2019		FPL 170034			F				
ZIP 190062	0089372791	23/09/2019		FPL 160051			F				

16. SPEEN TOETSVERSLAG

Verslae -> Produksie verslae -> Speen- & naspeenverslag

Speen Toets Verslag

DR. C.W. SCHOLTZ
POSBUS 37
CLOCOLAN
9735

Deelnemers No : 0448700HFD
Toets No : A22HFD201710

Datum Verwerk : 07/02/2018 10:27:16

Dier Besonderhede				Aangetekende Data						Toets Resultate			Teelwaardes		
				Datum		Oud	Gewig			Gewig Aangep	GDO	Indeks	DIR	MAT	DIR
ID No	Ges	Vaar ID No	Moer ID No	Geboorte	Speen	V-Speen	Geboorte	Speen		100D	V-Speen	V-Speen	Geboorte		Jaar
Rek No	Grp	Rek No	Rek No	V-Speen		Speen	V-Speen			205D	Speen	Speen	Speen		18 M
ZK 170024	F	ZK 130088	SGL 140022	27/02/2017	18/11/2017		34	216					97 76	99 39	115 35
0085198638	F11	0078126846	0060204241			264				197	795	94	105 83	97 34	115 37
ZK 170062	F	9056	ZK 100068	10/04/2017	18/11/2017		33	204					100 75	104 38	103 40
0085639557	F11	0082170291	0071161293			222				191	771	92	101 68	91 36	97 29
ZK 170063	F	ZK 130088	ZK 140181	10/04/2017	18/11/2017		37	227					101 76	85 39	111 38
0085632420	F11	0078126846	0060391725			222				234	961	114	101 66	116 35	113 19
Groep Opsomming :						0	35	216		0	0				
Aantal Diere : 3						236	0			207	842				

17. GROEITOETS VERSLAG

Verslae -> Produksie verslae -> Groeitoets verslag

Groei Toets Verslag

ROUXVUS FASE C2 & C3 SENTRUM
POSBUS 4
VENTERSBURG
9450

Deelnemers No : 0036485MIX
Toets No : C41DRB200904

Datum Verwerk : 29/01/2010

Dier Besonderhede				Aangetekende Data									Toets Resultate							Teelwaardes			
				Datum			Oud		Gewig				Gewig Agp	Resultate			Indeks			DIR	MAT	DIR	
ID No	Ges	Vaar ID No	Moer ID No	Geboorte	Speen	Begin	Speen	Begin	Geb.	Speen	Begin		205D	SP GDO	GDT	VOV	Speen	GDT	VOV	Geboorte		GDT	VOV
Rek No		Rek No	Rek No		Aanp.	Eind	Aanp.	Eind			Eind		365D	TST GDO	DVI	KV	GDO	KV		Speen		KV	
GR 080862	F	AVD 040007	GR 980835	16/10/2008		19/07/2009		276	27		210				1730	5.4		132	121	124 78	84 64	113 76	115 76
0067578401		0049179393	0041169665		18/07/2009	13/09/2009	276	332			305		333	838	9.34	25	107	127		84 66	123 69	127 79	
GR 080863	F	AVD 040007	GR 050522	18/10/2008	16/05/2009	19/07/2009	210	274	34	200	195		215	883	1637	5.77	99	125	116	105 74	82 50	110 65	112 72
0067578419		0049179393	0062623988		18/07/2009	13/09/2009	274	330			285		312	762	9.45	25	97	126		91 70	113 52	121 85	
GR 080866	F	AVD 040007	GR 050520	21/10/2008	16/05/2009	19/07/2009	208	272	27	175	170		193	810	1596	5.83	91	122	115	123 77	87 59	97 66	104 75
0067578443		0049179393	0062020979		18/07/2009	13/09/2009	270	328			260		287	712	9.3	26	91	131		81 74	126 64	104 68	
GR 080868	F	AVD 040007	GR 060601	25/10/2008	16/05/2009	19/07/2009	204	268	28	170	185		190	790	1312	6.16	94	100	110	116 74	75 53	83 66	88 73
0067578468		0049179393	0062971049		18/07/2009	13/09/2009	268	324			260		290	718	8.08	21	91	107		79 72	113 56	89 68	

18. RTU VERSLAG

Verslae -> Produksie verslae -> RTU skanderings verslag

RTU Skandering Verslag

ROUXVUS FASE C2 & C3 SENTRUM
POSBUS 4
VENTERSBURG
9450

Deelnemerskode : 0036485MIX
Toets Kode : C41DRB200904

Fase : Fase C
Toets Tipe : C41

Dier Besonderhede				Aangetekende Data							Toets Resultate								Teelwaardes		
ID No	Ges	Vaar ID No	Moer ID No	Geb. Dat	Oud	Eind	Kruis	Rib	Oog	Marmering	Marmering	Karkas	Rooivleis	Spier		Kg Vleis	Vet	Oog	Marmering
Rek No		Rek No	Rek No	RTU Dat		Gewig	Vet	Vet	Spier		Indeks	%	Indeks	%	Indeks	(Voorspel)		Spier	
GR 080862	F	AVD 040007	GR 980835	16/10/2008	332	305	4.6	3.2	45	2.6	88	54.7	96	29.9	96	87.55	1.90	-3.85	0.58
0067578401		0049179393	0041169665	13/09/2009															
GR 080863	F	AVD 040007	GR 050522	18/10/2008	330	285	3.2	2.6	55	2.4	80	56.7	99	31.4	101	86.72	0.71	-1.85	-0.22
0067578419		0049179393	0062623988	13/09/2009															
GR 080866	F	AVD 040007	GR 050520	21/10/2008	327	260	3.2	2.6	40	3.4	113	54.6	96	29.5	95	70.54	1.52	-4.30	0.72
0067578443		0049179393	0062020979	13/09/2009															
GR 080868	F	AVD 040007	GR 060601	25/10/2008	323	260	3.2	2.6	46	2.6	93	55.2	97	30.1	97	73.13	0.90	-3.66	-0.70
0067578468		0049179393	0062971049	13/09/2009															

19. LIGGAAMSMATES VERSLAG

Verslae -> Produksie verslae -> Liggaamsmatesverslag

Liggaams Mates

SERNICK FASE C2/3 SENTRUM
POSBUS 130
EDENVILLE
9535

Deelnemer No : 0378288MIX
Toets No : C32BON201908

Datum Verwerk : 24/10/2019

Dier Besonderhede				Aangetekende Data						Toets Resultate				Teelwaardes		
ID No Rek No	Ges	Vaar ID No Rek No	Moer ID No Rek No	Geb. Dat Eind Dat	Oud	Geb. Gew. Finale Gew.	Skouer H Heup H	Liggaam Lengte	Skr Omt Vel Dikte	SH/HH Aangepas	Liggaam L Aangepas	Skr Omt Aangepas	L/H Verh.	Skouer / Heup H	Lig. Lengte	Skr Omtrek
GJN 180236 0087955936	M	GJN 160213 0084543453	GJN 160102 0084542786	24/09/2018 09/10/2019	380	30 516	1160	1470	340 20	1151	1459	320	1.27	-1_{77}	41_{41}	10.4_{76}
NFS 180229 0088014519	M	JPL 120167 0075774018	NFS 100156 0072039738	14/09/2018 09/10/2019	390	34 475	1170	1440	375 21	1155	1421	364	1.23	5_{76}	25_{25}	11.8_{75}
NFS 180230 0088014527	M	NFS 140154 0080092190	NFS 100188 0072040058	15/09/2018 09/10/2019	389	33 522	1230	1480	340 17	1216	1462	319	1.2	25_{77}	44_{44}	11.4_{76}
NFS 180242 0088014634	M	NFS 140154 0080092190	NFS 140168 0081106250	18/09/2018 09/10/2019	386	35 418	1150	1350	340 18	1137	1334	342	1.17	-3_{76}	9_{9}	8.6_{76}
NFS 180252 0088014725	M	NFS 140154 0080092190	NFS 140212 0081107831	21/09/2018 09/10/2019	383	38 493	1200	1420	370 18	1189	1407	355	1.18	20_{77}	39_{39}	10.8_{76}
NFS 180256	M	NFS 140069	NFS 150328	22/09/2018	382	37	1150	1400	375	1140	1387	355	1.22	-5_{76}	13_{13}	20.6_{74}

20. DIE TEELKUDDE SELEKSIE VERSLAG

Kortpaaie -> Teelkudde seleksie verslag

Verslae -> Produksie verslae -> Teelkudde seleksie verslag

Teelkudde Seleksieverslag

0083433BON

Koeie en verse ouer as 24 maande op 04/01/2012

Streekkantoor: Bloemfontein

Dierinligting			Reproduksie								Indekse		Teelwaardes					Verh. Goedgekeur		BPK Tockenning (Kat. & Jr)
ID Nommer	Geb. Dat.	Afd.	Kalwings	Nageslag	Dood Gebore	Oud te Kalw	TKP 1-2	TKP Laaste	TKP Gem	DSLK	Rep. Ind.	Speen Gem. (n)	Koei Doeltr Gem. (n)	Gebooite Gew Direk	Gebooite Gew Maternaal	Speen Gew Direk	Speen Gew Maternaal	Volw. Gew.	V	M
MC 960855	07/09/1996	A	4	4	0	*	-	376	480	455	90	96 (4)	93 (4)	-0.78_{27}	0.11_{30}	-5.8_{60}	4.4_{76}	--	1/1	0/0	-
MC 970047	15/10/1997	F0	4	4	0	*	-	512	419	282	104	87 (4)	88 (4)	--	--	--	--	--	0/0	0/0	-
MC 970033	04/11/1997	A	4	4	0	*	-	607	544	252	76	100 (4)	95 (4)	-0.62_{39}	0.12_{43}	-8.4_{65}	0.8_{74}	--	2/2	0/0	-
MC 990196	15/10/1999	F0	4	4	0	*	-	461	430	288	101	115 (2)	106 (2)	--	--	--	--	--	0/0	0/0	-
MC 990253	15/10/1999	F0	2	2	0	*	-	1109	1109	425	-55	104 (1)	103 (1)	-0.03_{27}	0.41_{30}	-2.3_{58}	5.3_{55}	--	1/1	0/0	-
MC 990289	31/10/1999	A	5	5	0	*	-	379	400	267	108	100 (5)	103 (5)	--	--	--	--	--	0/0	0/0	-
MC 000313	25/05/2000	A	5	6	0	*	-	372	379	450	113	94 (5)	91 (5)	-0.72_{19}	0.08_{23}	-6.5_{65}	1.1_{75}	--	1/1	0/0	-
MC 000359	15/10/2000	F0	4	4	0	*	-	396	421	238	103	102 (4)	100 (4)	--	--	--	--	--	0/0	0/0	-
MC 000359	15/10/2000	F0	3	3	0	*	-	411	551	413	73	104 (3)	101 (3)	--	--	--	--	--	0/0	0/0	-

21. OORDRAGTE

Counter	Breed	Name of Animal	Farmers Animal No.	Birth Date	Sex	Comp No	Sec/Sub	Status	Age	NID	Transfer	Transfer Date	Both	O	To Keeper	To Owner	Search New Owner/NON
1	HFD	FF 130267	FF 130267	2013/09/26	F	0078443975	SP/NO	REG	53	FF 130267	☐		◉	○			Search
2	HFD	1115	SGH110015	2011/03/15	F	0079193751	SP/NO	REG	84	SGH 110015	☐		◉	○			Search
3	HFD	PIN-UP 14-22	SGL140022	2014/07/30	F	0080204241	SP/NO	REG	43	SGL	☐		◉	○			Search

22. FARM SOFTWARE

23. HISTORIESE DATA EN BOODSKAPPE

Logix e-posboodskappe van die afgelope 3 maande word onder boodskappe gelys. Historiese data gee jou toegang tot verslae en/of datalêers wat deur jouself die afgelope week in LOGIX gegenereer is,bv.: As jy 'n e-pos met rekenaarnommers of produksietoetsdata verloor het, kan jy die datalêer herwin.

10.5 KATALOGUS



1. Lot Number & sex (mixed lots)
2. Breed's logo
3. GT - animal is genomically tested
4. Animal Identification Number and Name
5. Polled Status
   - Celtic: PP(c)/Pp(c) - polled, HH(c) - horned
   - Phenotypic: P/PcH - polled, HH - horned, SC - scurs
6. VPLAN Membership
7. Animal's photo, or Herd's logo
8. Herd's logo
9. Owner's information
10. Animal's information
    - Owner's current Elite Award
    - Herd book section
    - Birth date
    - Animal's age
    - Animal's inbreeding percentage
    - DNA Number - if available
11. Additional information (only females)
    - Age at first calving
    - Number of calves born
    - Number of calves weaned
    - Average Wean Index
    - Intercalving Period
12. Parentage Verification - a green tick (✔) indicates that the sire and/or dam has been verified via microsatellite (DNA) and/or Genomic testing
13. Dam information
    - Age and Number of Calvings
    - Average Wean Index and Number of Calves Weaned
    - Age at First Calving and Intercalving Period
    - Cow award
14. Four (4) generation pedigree

Die standaard Stamboek formaat word hier gewys. Aan die bokant is die dier se stamboom met inligting oor die dier se voorvaders. Inteling word ook aangedui, so wel as die DNA inligting en of die ouerskappe bevestig is. Die belangrikste deel is die onderste tabel.. Die metings moet slegs gebruik word om te sien vir watter eienskappe die dier gemeet is

10.6 BEREKENING VAN VERWAGTE INTELING

Logix: Kortpaaie -> Algemeen -> Verwagte inteling berekening



11. SABEEFBULLS.COM

SABeefBulls.com is ‘n kragtige soekenjin vir individuele diere. Groepe diere kan ook gesoek word, byvoorbeeld die top 10 bulle op Koeiwaarde in die ras, wat in ‘n sekere jaar gebore is. Soektogte na geskikte diere kan op fyn detail gegrond word of dit kan baie eenvoudig en maklik benader word. Gebruikers het ’n keuse om BLUP teelwaardes as maatstaf te gebruik, of om Teelwaarde-indekse (waar die aktiewe rasgemiddeld op ’n indekspunt van 100 vasgestel word en die teelwaardes relatief tot hierdie gemiddeld uitgedruk word) of selfs seleksiewaardes (soos die koei-, groei- of produksiewaarde) te gebruik in die soektog na die geskikte teeldier.



Pedigree Drawing for PZ 180279



Daar is ook ‘n paringsprogram, waar geselekteerde koeie of die hele kudde gepaar kan word met bulle binne of buite die kudde. Hoewel telers registreer vir hierdie diens, is dit gratis.Die dier se volledige stamboom met ’n gekose eienskap se teelwaarde wat by elke voorouer in die stamboom is ook beskikbaar. Dit is dus duidelik of dier die nasaat is van korrektiewe paring of paring van “beste seleksie-kandidate”. Die risiko van die seleksie van jong diere word ook so beperk, omdat presies gesien kan word uit watter lyne die jong dier geteel is.

12. KUDDE ONTLEDING

Die nuutste toevoeging tot Logix se konsultasie dienste is ‘n in diepte kudde ontledings verslag, wat alle aspekte van die stoetkudde ontleed en nuwe insigte bring. Sterkpunte sowel as swakpunte word uitgewys.

Die verslag word as volg opgedeel:

- Kudde Produksie Metings: Fenotipiese en genetiese vensters, Kudde produksie opsomming en intelingstendense.
- Aktiewe Diere Klassifikasies: Geboortes, aktiewe diere, bulle en koeie.
- Totale Dierklassifikasie: Alle diere gebore in die stoet.
- Vrugbaarheid: Ouderdom met eerste kalwing en TKP tendense, vergelykings met rastendense.
- Gewigte: Wanneer word kalwers gebore en wat weeg hulle, die effek van ouderdomskorreksies, geboorte-speen, na-speen en koeigewig tendense.
- Groeitoetse: alle metingstendense in vergelyking met die ras
- Uitskot redes.

Die verslag kan aangevra word by u Tegniese Adviseur.

Metings is nie geskik vir seleksie nie, teelwaardes neem baie meer inligting in ag.









13. SELEKSIE EN TELING

Die keuse van ’n bul is een van die belangrikste en duurste besluite wat jaarliks geneem word. ’n Bul het ’n groot invloed op ’n kudde, omdat 50% van die kalwers se genetika afkomstig is van die bul.

Die volgende stappe kan gevolg word om ‘n teeldoelwit te bereik. Bepaal ’n teeldoelwit volgens jou mark en omgewing. Byvoorbeeld verkoop jy speenkalwers of stoetbulle? Evalueer jou koei kudde – is hulle naby of ver van die doelwit? Kies bulle wat jou koeie sal verbeter. Reproduksie en moeder-eienskappe speel die belangrikste rol waar vervangingsverse geteel word. Raamgrootte en volwasse gewig sal in die eerste plek bepaal word deur die omgewing waar die teelkoeie moet reproduseer en produseer, maar sal ook afhang van die mark (vir byvoorbeeld karkasgewig of –grootte) en die hoeveelheid voer beskikbaar. Oor die algemeen sal later volwasse

diere met groter karkasse meer winsgewend wees indien daar onbeperkte voer beskikbaar is en andersom. Die teendeel is egter oor waar. Indien die plaastoestande ’n groot beperking plaas op voerhulpbronne, sal koeie (nageslag van die aangekoopte bulle) met hoë onderhoud nie na behore reproduseer nie. Die akkuraathede van teelwaardes is ’n aanduiding van die risiko verbonde aan die gebruik van die teelwaarde. Kommersiële telers behoort bulle te kies met akkuraathede bo 80% terwyl stoettelers jong bulle met lae akkuraathede kan oorweeg, mits hulle goeie teelwaardes het, en hulle nie op groot skaal in die kudde gebruik word nie. Vrugbaarheid is altyd die belangrikste eienskap. Geen toegewings kan gemaak word nie. ’n Bul moet gesond, vrugbaar en fiks wees – dit wil sê funksioneel doeltreffend.

Die uiteindelike seleksie doelwit is ’n kudde met net ideale koeie, en daar is baie kuddes wat reeds naby daaraan is. As jou kudde nie daar is nie, of as jy nou net begin, beteken dit geensins dat jy nou al jou koeie moet vervang nie. Uit die bogenoemde lysie is slegs vrugbaarheid ononderhandelbaar – ’n koei wat elke jaar kalf, maak nie saak hoe sleg dit gaan nie, is goeie genetika en kan gehou word. Die doelwit met haar sal wees om uit haar dogters te teel wat beter is as sy, deur byvoorbeeld ’n bul met goeie groei op haar te gebruik. Haar dogters behoort dus beter kalwers te speen as sy, terwyl hulle haar goeie vrugbaarheid geërf het.

Funksionele doeltreffendheid is noodsaaklik by beide bulle en koeie. Enige defekte soos misvormde testes, lang naelvel of kort onderkaak moet uitgeskot word, omdat dit meestal hoogs oorerflik is.

14. TEELWAARDES

WERKLIKE GEWIGTE KAN NIE VIR GENETIESE SELEKSIE GEBRUIK WORD NIE

Die omgewing speel ’n baie groot rol en kan die genetika van die dier totaal oorskadu. Daar is ‘n gesegde wat sê: ‘*Good feeding can hide bad breeding*’. Die beginsel van genetiese evaluasies kan opgesom word in ’n enkele sin: Die dier se prestasie (meting, hoe hy lyk) word bepaal deur sy genetika en die omgewing waarin hy presteer en gemeet is.

14.1 TEELWAARDES, TEELWAARDE INDEKSE (EBVI) EN AKKURAATHEDE

Uit die data wat telers instuur, word die genetiese vermoë van die dier vir elke eienskap wat gemeet word, bepaal. Die genetiese komponent word aangedui met ’n teelwaarde, ook genoem EBV of *Estimated Breeding Value*. Die statistiese prosedure wat gebruik word om teelwaardes mee te beraam, is BLUP (*Best Linear Unbiased Prediction*). ’n Teelwaarde word gedefinieer as ‘n dier se genetiese vermoë relatief tot die diere wat in ‘n basisjaar gebore is. Dit is egter moeilik interpreteerbaar. Dit is makliker om diere te vergelyk t.o.v die rasgemiddeld, eerder as ‘n basisjaar.



Teelwaarde indekse is die teelwaarde uitgedruk as 'n indeks, waar 'n indekswaarde van 100 die gemiddeld van die lewendige diere in die ras aandui. 'n Indekswaarde van 75 dui dus aan dat die dier se genetiese vlak 25% onder rasgemiddeld van die huidige populasie is, terwyl 'n indekswaarde van 116 dui op 'n teelwaarde van 16% bokant rasgemiddeld. Dit is baie vinnig en maklik om te interpreteer. 50% van die diere het 'n teelwaarde indeks tussen 90 en 110. Teelwaarde indekse van tussen 80 en 120 is meestal aanvaarbaar. GEBVs is EBVs waarin genomiese inligting ook gebruik is om die beraming van die teelwaarde meer akkuraat te maak. Die genomiese inligting word dus ook in die teelwaarde indeks in ag geneem. Interpretasie van al die waardes bly dieselfde.

Akkuraathede dui aan hoeveel inligting betrokke was by die teelwaarde beraming, en ook in hoe 'n mate die teelwaarde dalk nog kan verander – 'n teelwaarde met 'n lae akkuraatheid mag nog baie skuif, terwyl dit minder sal skuif soos wat die akkuraatheid styg. Dit word aangedui as 'n persentasie saam met die teelwaarde indeks (EBVi).

14.2 SELEKSIE WAARDES

Dit is moeilik om die 'beste' dier te identifiseer as daar baie eienskappe en gevolglik baie teelwaardes betrokke is. Die seleksie waarde sluit verskillende eienskappe se voordele en nadele in 'n gebalanseerde wyse in. Daar is reeds drie ekonomiese seleksie waardes beskikbaar, naamlik die Koei Waarde, Groei Waarde en Produksie Waarde. Die Koei Waarde kombineer 9 verskillende teelwaardes in een waarde.

KOEIWAARDE

- **Kalfgemak waarde**

Laer Geboorte gewig vir makliker kalwing

- **Kalfgroei waarde**

Swaarder Speengewig verhoog wins

- **Melkwaarde**

Meer melk verhoog speengewig

- **Onderhoudwaarde**

Ligter koeie het 'n laer onderhoud

- **Vrugbaarheidswaarde**

Vers-, Koeivrugbaarheid & Lanklewendheid vir kalwers elke jaar

<90 Minder gewens	90 – 110 Gemiddeld	>110 Meer gewens
• Swaar gebrtegewig • Ligte speengewig • Min melk • Hoë onderhoud (swaar koei) • Lae vrugbaarheid • **Lae Koeiwaarde**		• Ligte gebrtegewig • Swaar speengewig • Meer melk • Lae onderhoud (ligte koei) • Hoë vrugbaarheid • **Hoë Koeiwaarde**

Skematiese voorstelling van die Logix Seleksie Waardes.

Die sub-waardes en Koei Waarde word individueel as indekse uitgedruk, waar 100 die gemiddeld van alle lewendige diere aandui. Die dier met die hoogste positiewe waardes is teoreties die ideale dier, dit wil sê positiewe waardes op al die sub-waardes. So 'n dier sal dus hoogs vrugbaar wees, maklik kalf, baie melk hê en swaar kalwers speen, sonder om self swaar te wees (of 'n hoë onderhoudsbehoefte te hê). Die sub-waardes is so geskaal dat waardes bokant 100 oor die algemeen in die meer gewenste rigting is – so byvoorbeeld is 'n kleiner

kalf by geboorte meer gewens vir kalfgemak, en 'n koei met 'n kleiner volwasse gewig oor die algemeen meer doeltreffend. Beide hierdie eienskappe is egter eintlik optimaal indien hulle gemiddeld is – ekstreem hoë waardes is in hierdie twee gevalle nie gewens nie, maar sal teengewerk word deur kalfgroei.

- Ligter geboortegewig, maar nie te lig nie
- Swaarder speenkalf in vergelyking met koei- en gebrte gewig
- Meer melk, maar nie te veel nie
- Ligter koei in verhouding met speengewig, maar nie te lig nie
- Hoë vrugbaarheid

GROEI WAARDE

Seleksie vir doeltreffende groeiers op die veld en voerkraal (eienskappe gemeet in groeitoetse)

KARKAS WAARDE

Seleksie vir meer vleis aan die karkas (gewig en RTU-skandering metings))

PRODUKSIE WAARDE

Produksie waarde
= 80% KoeiWaarde
+ 20% GroeiWaarde

14.3 STERRE

Om vergelykings makliker te maak, ook vir stoettelers wat vinnig wil weet wat 'n dier se sterk- en swak punte is voordat daar in detail na teelwaardes gekyk word, kry diere stergraderings op grond van seleksie waardes. Die ster-indelings verskil effens tussen rasse: by sommiges is 2½ – 3 ster diere gemiddeld, terwyl by ander rasse is 3 en 3½ ster diere gemiddeld.

Sterre word slegs toegeken aan diere wat met 'n sekere vlak van aantekening en meting. Koei Waardes word ook nie toegeken aan diere met onbekende ouers nie, en ook nie aan aanhangsel koeie nie. 'n Dier met sterre is dus wel genoegsaam aangeteken vir prestasie- en ander kenmerke.

15. ELITE TOEKENNINGS

(SA Stamboek kriteria 2019)

VEREISTES VIR BESTE PRODUSERENDE KOEIE (BPK)

Geregistreerde rasse:

1. Koei moet lewendig wees op lopie datum (gewoonlik op 15 Februarie jaarliks) van die Beste Produserende Koeie verslag.
2. Koei moet in besit wees van 'n aktiewe deelnemer aan Logix Vleis op lopie datum van die Beste Produserende Koeie verslag.
3. Koei moet minstens vyf natuurlike kalf datums op rekord hê op lopie datum van die Beste Produserende Koeie verslag.
4. Koei se ouderdom by eerste kalwing mag nie hoër wees as 1 187 dae (39 maande) nie.
5. Koei se gemiddelde TKP (vir alle natuurlike kalwings) mag nie hoër wees as 415 dae nie.
6. Koei moes 'n normale kalwing gehad het binne 470 dae voor lopie datum van die Beste Produserende Koeie verslag.
7. Na die eerste kalf met 'n geldige speengewig, mag die koei maksimum twee kalwers hê sonder 'n speengewig of met 'n ongeldige speengewig, uitgesluit 'n kalf aan voet.
8. Alle speenindekse moet ≥90 wees om in aanmerking te kom.
9. Eerste aanvaarding koeie word uitgesluit.

Teelwaarde vereistes:

1. Die nuutste teelwaardes beskikbaar op Logix op lopiedatum van die Beste Produserende Koeie verslag sal altyd gebruik word.
2. Speen direkte teelwaarde indeks ≥100
3. Speen maternale teelwaarde indeks ≥100
4. Geboorte direkte teelwaarde indeks ≥80
5. Geboorte maternale teelwaarde indeks ≥80

Met bostaande vereistes, word toekennings in drie kategorieë op grond van minimum aantal kalwers met geldige speengewigte, (uitgesluit kalf > 9 maande), gemaak:

Elite-Goud:	7 kalwers
Elite-Silwer:	6 kalwers
Elite-Brons:	5 kalwers

Kommersiële kuddes (geen BLUP teelwaardes beskikbaar): Die teelwaarde vereistes word vervang met die volgende:

1. Geen kalf met speenindeks onder 90 nie.
2. Gemiddelde speenindeks van kalwers minstens 100.
3. Addisionele vereistes vir die onderskeie kategorieë:
    a. Elite–Goud: Maksimum twee kalwers met 'n speenindeks onder 100.
    b. Elite–Silwer: Maksimum een kalf met 'n speenindeks onder 100.
    c. Elite–Brons: Maksimum een kalf met 'n speenindeks onder 100.

VEREISTES VIR ELITE- PLATINUM KOEI-TOEKENNINGS (LANDBOUWEEKBLAD)

1. Die koei moes 'n Elite-Goud toekenning as BPK ontvang het gedurende die betrokke jaar.
2. Die koei mag nie tevore 'n Elite–Platinum toekenning gekry het nie.

3. Die koei se gemiddelde tussenkalfperiode mag nie 400 dae oorskry nie.
4. Die koei mag een kalf ouer as speen (270 dae) sonder ’n speengewig hê.
5. Die volgende aspekte sal beoordeel word om uit die kwalifiserende koeie (sien bogenoemde item 1 tot 4), die beste koei per ras te identifiseer:
    a. Koeiwaarde beter of gelyk aan 100.
    b. Persentasie retensie van haar nageslag, in ag genome geslag en stamboek status van elke kalf.
    c. Persentasie kalwers prestasie getoets (met geldige geboorte- en speengewigte).
    d. Aantal kalwers met geldige speengewigte in ag genome die koei se ouderdom.
    e. Dae sedert die laaste kalwing op die lopie datum nie > 400.

VEREISTES VIR ELITE PLATINUM BUL-TOEKENNINGS (VEEPLAAS)

1. Dier moes ‘n plaas-of sentrale groeitoets voltooi het in die voorafgaande jaar tussen 1 Julie en 30 Junie.
2. Die bul moet steeds aktief wees.
3. Die moeder moes twee of meer keer ‘n Elite Goud-toekenning ontvang het in die voorafgaande twee of meer jare.
4. Dier moet SP of hoogste status in die ras hê.
5. Toetsgrootte >15/kontemporêre groep.
6. Teelwaarde-indekse:
    a. Geboorte direk >90.
    b. Speen direk >100.
    c. Speen maternaal >100.
    d. Rangskik volgens GDT teelwaarde-indeks.
7. Kies beste vyf bulle met vrugbaarheidsteelwaarde-indekse >90.

NOMINASIES VIR BULGROEITOETSKLAS BY BLOEMSKOU (VLEISSENTRAAL)

1. Die bul moes ‘n Plaas- of Sentrale Bulgroeitoets voltooi het in die periode 1 Julie tot 30 Junie die voorafgaande jaar.
2. Om te kwalifiseer moes die bulle die volgende fenotipiese minimum indekse behaal het;
    a. Speen indeks ≥95
    b. GDT indeks ≥100
    c. VOV indeks ≥100 (net vir sentrale groetoetse)
3. Bulle wat in ’n plaasgroeitoets geëvalueer is se Beraamde Teelwaarde indekse vir speen en GDT moet ≥95 wees.
4. Bulle met geen GDT of VOV Beraamde teelwaarde indekse nie se fenotipiese indekse sal gebruik word vir hierdie eienskappe.
5. Bulle met Beraamde teelwaarde indekse vir Skrotum omvang <95 word uitgesluit.
6. Die lys van genomineerde bulle word aan die betrokke rasgenootskap voorsien wat hieruit die bul aanwys om die ras te verteenwoordig in die Sentrale Bul groeitoets klas.
7. Aanvanklik word vyf bulle, op grond van voorkoms, deur die interras beoordelaars in die ring aangewys en toekennings gegee as sodanig.
8. Uit die vyf aangewese bulle (op voorkoms) word tussen een en drie bulle deur drie interras beoordelaars op grond van visuele beoordeling in die ring, aangewys wat ’n gelyke kans staan om as wenner aangewys te word. Die algehele wenner word uit hierdie bulle bepaal deur ‘n indeks saamgestel op grond van die bulle se produksiemeting en teelwaarde-gegewens.

ELITE SA STAMBOEK KUDDE TOEKENNINGS

Toekennings					
Platinum	Dubbel Goud	Goud	Silwer	Brons	Meriete
Top 10 kuddes	>80%	>70%	>65%	>60%	>40%
~ Top 10% kuddes Voldoen ook aan miminum vereistes: • Minimum kuddegroottes: Platinum 100, Dubbel Goud 75 en Goud 50 diere • Minstens 3 jaar in stoetbedryf • Moet aan groeitoetse deelneem (enige aantal bulle) • Vorige jaar se prestasie is Silwer of beter			~ Top 20% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	~ Top 30% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Meriete kuddes
EVALUASIE PERIODE					

• Data van diere gebore, metings, gewigte en groeitoetse wat afgesluit is tussen **01 Julie van die vorige jaar** tot **30 Junie van die kompetisie jaar.** • Ouerskappe van kalwers gebore in die vorige jaar (Januarie tot Desember) word in ag geneem.	
Kuddes en Diere wat uitgesluit word uit die toekennings	
• Kuddes wat NIE Produksie Aktief deelneem aan Logix Diere Aantekening nie (m.a.w. net stambome aanteken). • Opgeskorte kuddes	• Embrio kalwers • Ingevoerde diere • FAF (first acceptance) diere

Punte vir sommige afdelings word op 'n persentasie grondslag bepaal, waar die aatal diere wat wel geweeg is uit die moontlike aantal beskikbare diere, in aanmerking geneem word. Alle moontlike diere moet dus gemeet word vir maksimum punte.

Die tydigheid van die indien van data is ook belangrik, omdat dit nie die moeite werd is om diere te meet en te weeg en dan nie die data te gebruik om die kudde te verbeter nie.

DEKKINGS EN KALFTYD

1. Teken dekkings op 'n deklys aan vir verwagte kalfdatums. Dit is ook makliker om koeie wat oorslaan, uit te ken. (5 punte)
2. Indien die kuddegemiddeld vir die ouderdom waarop verse vir die eerste keer kalf, minder as 30 maande is, kry die kudde volpunte (10 punte).
3. Indien die koeie gemiddeld binne 'n jaar weer kalf, kry die kudde ook volpunte (30 punte).
4. Teken die geboorte aan en stuur die geboorte inligting na Logix binne 30 dae na die geboortes (5 punte).
5. Weeg die kalwers binne 3 dae van geboorte en die koeie binne 14 dae van die geboorte, indien prakties moontlik (10 + 3 punte).
6. Pluk die kalf se sterthare en stuur na 'n laboratorium, sodat ouerskappe met DNA (10 punte) / genomies (10 + 5 punte) bepaal kan word.
7. Enige lewendige diere in die kudde wat 'n genomiese profiel het, verdien ook 5 punte vir die kudde.

WEGINGS

1. Weeg al die kalwers en hulle moeders by speen op dieselfde dag (30 + 18 = 48 punte) 2.
Weeg kalwers ook naspeen vir 'n verdere moontlike 20 punte:
    a. Verse en bulle op die plaas vir 12 en/of 18 maande gewigte
    b. Bulle en verse wat in groeitoetse geweeg word, word gemeet vir groei en liggaamsmates en ook hier ingereken.
3. Indien alle moontlike bulle in 'n veld groeitoets gemeet word, word 'n addisionele 15 punte toegeken.
4. Indien daar ook diere in 'n intensiewe groeitoets gemeet word, kan tot nog 'n addisionele 8 punte verdien.
5. Indien al die diere wat wel in 'n groeitoets gemeet is, se vleiseienskappe ook addisioneel gemeet word mbv RTU skandering, kan nog 6 punte toegeken word.

KUDDEGROOTTE

Die gemiddelde kuddegrootte vir meeste stoetkuddes, ongeag ras, is ongeveer 150 diere. Bogemiddelde kuddes kry meer punte, bloot omdat dit heelwat meer tyd en moeite is om groot kuddes se data te hanteer.

GENETIESE MERIETE VAN DIE KUDDE

1. Bulle: Gebruik bulle met Koeiwaardes bo 100 (25+ punte).
2. Koeie: Skot koeie met laer Koeiwaardes uit – dit sal verseker dat die koeie se gemiddeld hoër is.

Heelwat stoetkuddes meet slegs vrugbaarheidseienskappe en geboortegewigte. Sommige van hierdie kuddes het ook gekwalifiseer vir ‘n meriete toekenning, indien kuddegrootte, genetiese meriete van ouers en ouerskapbepalings ook in ag geneem word.

ADDENDUM: PLAAS GROEITOETSE

Plaasgroeitoetse het dit ten doel om die genetiese potensiaal vir groeidoeltreffendheid van vleisrasbulle so akkuraat as moontlik onder plaastoestande te bepaal. Akkurate bepaling van groeidoeltreffendheid vereis dat groei van potensiële teelbulle onder dieselfde omgewingstoestande gemeet word.

Die eienaar van die dier moet ‘n lid van ‘n Telersgenootskap wees en deelneem aan SA Stamboek se Registrasie- en Produksie Aantekening Dienste.

TIPE TOETSE

Hierdie toetse word onder plaastoestande gedoen en kan ‘n enkelkudde of veelkudde toets (meer as een kudde van dieselfde ras saam in dieselfde groep) wees.
Voedingstoestande kan as volg wees :

- Ekstensief – veld met ‘n lek
- Semi-ekstensief – veld of aangeplante weiding met aanvulling
- Semi-intensief – genoegsame kragvoer met baie ruvoer in ‘n groter kampie
- Intensief – kragvoer (groei-rantsoen) in ‘n kraal

DIERVEREISTES

Om deel te neem aan ‘n veldgroeitoets, moet elke dier aan die volgende vereistes voldoen:

- Diere moet nageslag van geregistreerde bulle wees.
- Diere moet registreerbaar of ‘n aangetekende graad dier wees volgens die betrokke Telersgenootskap se vereistes.
- Diere moet aangeteken wees op die Logix stelsel.
- Die eienaar en/of bestuurder moet diere voor die toets goedkeur as geskik vir toetsing.
- Diere moet geen sigbare erflike gebreke hê nie.
- Die ouderdomme van die diere moet minder as 100 dae verskil (speengroep).
- Sien Aanhangsel vir die maksimum gewigsvariasie wat vir verskillende rasse aanbeveel word.
- Diere moet jonger as 425 dae (±14 maande) aan die begin van die aanpassingsperiode wees.
- Diere moet die toepaslike immuniserings- en in- en uitwendige parasietbeheer ontvang voor die aanvang van die aanpassingsperiode.

VERLOOP VAN ‘N PLAASGROEITOETS

VOOR SPEEN

Om meer effektief te wees, moet ‘n inentingsprogram reeds ‘n maand voor speen begin. Kalwers ondervind speenskok as gevolg van die verandering in omgewing en voeding, groepsdruk, ‘n hoër konsentrasie van diere en gevolglik meer siektes. Die langer periode in die kraal veroorsaak ook dehidrasie en swak opname van die entstof, indien dit tydens speen toegedien word. (Sien Aanhangsel 3 vir Sernick se inentingsprogram as riglyn).

Na speen en voor aanpassingsperiode (‘Backgrounding’)

Vir optimale prestasie in die toets en ten einde alle kalwers op gelyke voet te plaas, is dit belangrik dat diere reg voorberei word. In ‘n proses bekend as ‘*backgrounding*’, word speenkalwers vir ‘n paar weke na speen in die veld of ander natuurlike toestande geplaas voordat hulle die groeitoets begin.

Voordele van ‘*backgrounding*’:

- Uitskakeling van voortoets-omgewingseffekte wat toetsprestasie mag beïnvloed, byvoorbeeld diere wat afkomstig is van verskillende omgewings en telers.
- Om die diere fisiologies ouer te kry met afsluiting van toets is voordelig vir skrotum-ontwikkeling en keuring van meer manlike diere. Finale gewigte is ook swaarder vir bulle wat direk na die toets geslag word.
- Beter gesondheid van diere - kalwers is afkomstig van die veld omgewing en voer en pas dus beter aan. Die konsentrasie van diere is ook nie so hoog as tydens die toets nie.

Aanpassingsperiode

- Die aanpassingsperiode vir plaasgroeitoetse kan wissel tussen 21 en 90 dae afhangende van die groeitempo en toetsprosedure.
- Die aanpassingsperiode kan kort wees vir intensiewe en enkelkudde-toetse en langer vir ekstensiewe en veelkudde-toetse.
- Gedurende die aanpassingsperiode ontvang bulle dieselfde rantsoen as gedurende die toetsperiode en daar moet ‘n gewigstoename wees voordat die toets kan begin.

- Minstens 10 diere moet die toets voltooi, so daar word aanbeveel dat meer as 10 diere van dieselfde ras (uit dieselfde of verskillende kuddes, met verkieslik verskillende vaders om stoetvaars met mekaar te vergelyk) die toets moet begin.

PLAASGROEITOETS

- Die toets moet tussen 84 en 270 dae (± 3 tot 9 maande) duur na die voorafbepaalde aanpassings-periode.
- 'n Gemiddelde minimum toename en groeitempo tydens die toetstydperk word vereis, per ras, soos in Aanhangsel 2 aangedui.
- Die kalwers se liggaamsgewigte word op twee agtereenvolgende dae geneem by die begin en afsluit van die toets.
- Diere word elke 14 dae geweeg vir korter toetse en maandeliks vir langer toetse.
- Kalwers moet die toets as 'n groep begin en eindig. Onttrekkings kan slegs plaasvind as ‘n dier siek of beseer is en dit die groep kan benadeel.

AFSLUITING VAN GROEITOETS

- SA Stamboek se tegniese adviseur (of gekoöpteerde, geakkrediteerde verteenwoordiger), sluit die toets af.
- Die meting van skrotumomvang, skouer- of heuphoogte (Sien Aanhangsel 1) en liggaamslengte is verpligtend.
- Die meting van ultrasoniese (RTU) mates en veldikte is nie verpligtend nie.
- Genomiese toetsing (die trek van sterthare) is opsioneel. Stuur verkieslik die hare reeds aan die begin van die toets in, sodat resultate teen die einde van die toets bekend is en ingesluit kan word in die BLUP ontleding, waar van toepassing.
- Werklike en gekorrigeerde liggaamsmates word verwerk. Die gekorrigeerde skrotumomvang word normaalweg gebruik by keuring.
- Resultate soos GDT (Gemiddelde Daaglikse Toename of groei oor toets), GDO (gewig per dag van ouderdom) word in gram sowel as ‘n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting word gebruik by keuring van die bulle (Sien Aanhangsel 3 vir meer detail).
- ‘n Groeitoets is amptelik as die toets prosedure gehandhaaf is en die groeitoets evaluasie statisties aanvaarbaar is. Die groeitoets moet ook eers op die Logix databasis aanvaar word.

PLIGTE VAN EIENAARS EN BESTUURDERS

Hierdie prosedures moet gevolg word en mag net verander word met die toestemming van SA Stamboek.

BEPLANNING

- Bestuurders moet jaarliks tydig toetsdatums met die SA Stamboek Adviseur bespreek.
- Die hele prosedure, voeding en bestuur, word saam met die SA Stamboek Tegniese Adviseur beplan tot onderlinge tevredenheid.
- ‘n Voervloei program moet beskikbaar wees vir die hele tydperk van die toets periode.

REKORDHOUDING

- Telers en bestuurders onderneem om te hou by die ooreengekome prosedures en om gewigte stiptelik en korrek aan te teken.
- Volle besonderhede van elke kalf moet aangeteken word en alle rekords moet op datum en beskikbaar wees.

TOERUSTING

- 'n Kopklamp, drukgang met betonvloer en betroubare akkurate beesskaal, goedgekeur deur SA Stamboek, moet vir weging en die neem van liggaams- en ander mates of metings, beskikbaar wees.
- Die bees-weegskaal moet op 'n gereelde basis gekalibreer word volgens die voorskrifte wat deur SA Stamboek se Tegniese Adviseur vereis word.
- Indien 'n teler gebruik wil maak van ultrasoniese skandering (RTU), moet daar betroubare en stabiele enkelfase kragtoevoer beskikbaar wees tydens die skanderingsproses.
- Die werkgeriewe moet verkieslik onder dak en stofvry wees.
- Skoon water-voorsiening moet deurlopend beskikbaar wees. Waterkrippe moet op 'n daaglikse basis gekontroleer word vir skoon water.

PLIGTE VAN SA STAMBOEK

- Slegs 'n geakkrediteerde Stamboek persoon of geakkrediteerde gekoöpteerde verteenwoordiger, mag die bultoets evaluasie afhandel, volgens ICAR riglyne.

RAS VEREISTES VIR PLAASGROEITOETSE

RAS	Maks. Gewig Variasie (kg)	Min. Toename (kg)	Min. GDT (g/dag)
Dexter, Nguni, Sanganer, Tuli	65	90	400
Afrigus, Beef Shorthorn, Bonsmara, Boran, Drakensberger, Galloway, Kentshire, Red Poll, Salers, Senepol, Sussex, Pinzyl	75	110	500
Angus, Beefmaster, Charbray, Hereford, Hugenoot, Pinzgauer	80	120	550
Braunvieh, Charolais, Chianina, Gelbvieh, Romagnola, S. Devon	85	130	600

ADDENDUM: VOERINNAME TOETSE

Voerinname groeitoetse het dit ten doel om die genetiese potensiaal vir groei en voerdoeltreffendheid van vleisrasbulle so akkuraat as moontlik onder gereguleerde voedingstoestande te bepaal. Akkurate bepaling van voerdoeltreffendheid vereis dat individuele voerinname, sowel as groei, van potensiële teelbulle gemeet word. Die meting van individuele voerinname vereis gespesialiseerde apparaat en word by verskeie geakkrediteerde toetsstasies gemeet. Voerkrale betaal reeds voorkeur tariewe aan telers met meer winsgewende kalwers.

Die eienaar van die dier moet ‘n lid van ‘n Telersgenootskap wees en deelneem aan SA Stamboek (of ‘n ander diensverskaffer) se Registrasie- en Produksie Aantekening Dienste.

DIERVEREISTES

Om deel te neem aan ‘n voerinname & groeitoets, moet elke dier aan die volgende vereistes voldoen:

- Diere moet nageslag van geregistreerde bulle wees.
- Diere moet registreerbaar of ‘n aangetekende graad dier wees volgens die betrokke Telersgenootskap se vereistes.
- Diere van Stamboek-rasse moet aangeteken wees op die Logix stelsel.
- Die eienaar en/of bestuurder moet diere voor die toets goedkeur as geskik vir toetsing.
- Diere moet geen sigbare erflike gebreke hê nie.
- Die ouderdomme van die diere moet minder as 100 dae verskil (speengroep).
- Riglyne vir gewig variasie tussen die ligste en swaarste kalf in ‘n toetsgroep per ras by die begin van aanpassing, verskyn in Aanhangsel 1. Dit is ‘n riglyn indien meer as een kontemporêre groep of kudde deelneem. Bulle moet verkieslik minder as 50 kg in gewig verskil.
- Diere moet 151 dae tot 278 dae oud wees (5-9 maande) by aanvang van die aanpassingsperiode.
- Diere moet die toepaslike immuniserings- en in- en uitwendige parasietbeheer ontvang voor die aanvang van die aanpassingsperiode.
- Bul- en verskalwers word aanvaar.

VEREISTES VIR VERSE

- Sommige telers wil graag voerdoeltreffendheid op hulle hele kudde meet, wat verse insluit. Dit sal genetiese vordering bespoedig en meer doeltreffend maak.
- Verse word in aparte toetse as bulkalwers getoets, en kan dus vir beter benutting van die toetssentrum na afloop van bulkalwers getoets word.
- Die ouderdomsvereiste by die begin van aanpassing is 151 tot 300 dae.
- Toets minstens 10 verse saam, maar verkieslik die hele speengroep.
- Verse lê vroeër vet neer as bulkalwers, daarom is die toets vir verskalwers net 56 dae lank, teenoor 84 dae vir bulkalwers.
- Die ruvoer in die rantsoen vir verse moet verhoog word (in vergelyking met die rantsoen vir bulle) ten einde oormatige vetneerlegging te verhoed.

VERLOOP VAN 'N INNAME GROEITOETS

VOOR SPEEN

Om meer effektief te wees, moet 'n inentingsprogram reeds 'n maand voor speen begin. Kalwers ondervind speenskok as gevolg van die verandering in omgewing en voeding, groepsdruk, 'n hoër konsentrasie van diere en gevolglik meer siektes. Die langer periode in die kraal veroorsaak ook dehidrasie en swak opname van die entstof, indien dit tydens speen toegedien word. (Sien Aanhangsel 2 vir Sernick se inentingsprogram as riglyn).

NA SPEEN EN VOOR AANPASSINGSPERIODE ('BACKGROUNDING')

Vir optimale prestasie in die toets en ten einde alle kalwers op gelyke voet te plaas, is dit belangrik dat diere reg voorberei word. In 'n proses bekend as 'backgrounding', word speenkalwers vir 'n paar weke na speen in die veld of ander natuurlike toestande geplaas voordat hulle die groeitoets begin.

AANPASSINGSPERIODE

- Die aanpassingsperiode moet 'n minimum van 28 dae wees vir 'n 84 dae groeitoets.
- Gedurende die aanpassingsperiode ontvang bulle dieselfde rantsoen as gedurende die toetsperiode en daar moet 'n gewigstoename van 15 - 20kg wees voordat die toets kan begin.
- Vir sinvolle resultate word daar aanbeveel dat minstens 10 diere van dieselfde ras (uit dieselfde of verskillende kuddes, met verkieslik verskillende vaders (om stoetvaars met mekaar te vergelyk) getoets word. Rasse en telers met min telers / diere waar die 10 diere vereiste nie haalbaar is nie, sal egter ook geakkommodeer word. Verwerkings van prestasie vir min diere per groep het egter 'n beperkte waarde.

VOERINNAME GROEITOETS

- Die kalwers se liggaamsgewigte word op twee agtereenvolgende dae geneem by die begin en afsluit van die toets.
- Diere word elke 7 dae geweeg (volpens).
- Die standaard toetslengte vir inname-groeitoetse is 84 dae vir bulle (56 dae vir verse).

AFSLUITING VAN GROEITOETS

- SA Stamboek se tegniese adviseur (of gekoöpteerde, geakkrediteerde verteenwoordiger), sluit die toets af.
- Die meting van skrotumomvang, skouer- of heuphoogte (Sien Aanhangsel 1) en liggaamslengte is verpligtend.
- Die meting van ultrasoniese (RTU) mates en veldikte is ingesluit maar nie verpligtend nie.
- Genomiese toetsing (die trek van sterthare) is opsioneel. Stuur verkieslik die hare reeds aan die begin van die toets in, sodat resultate teen die einde van die toets bekend is en ingesluit kan word in die BLUP ontleding, waar van toepassing.
- Werklike en gekorrigeerde liggaamsmates word verwerk. Die gekorrigeerde skrotumomvang word normaalweg gebruik by keuring.
- Resultate soos GDT (Gemiddelde Daaglikse Toename of groei oor toets), voerinname, VOV (voeromset verhouding), GDO (gewig per dag van ouderdom) word in gram sowel as 'n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting word gebruik by keuring van die bulle. (Sien Aanhangsel 3 vir meer detail).

TOEKENNINGS VIR PRESTASIE EN BRANDMERKE

- Alle bulle wat die toets suksesvol voltooi, word goedgekeur en gesertifiseer dat hulle 'n Voer Inname & Groeitoets geslaag het by 'n geakkrediteerde Sentrum. (Geen merietes word toegeken nie).
- Toetssentrums kan bulle brand met die goedgekeurde Stamboek brand, indien verkies. Al die bulle word dieselfde gebrand. Die toepassing van die Stamboek brand is onderhewig aan die nakoming van hierdie riglyne.
- Die Stamboek brandmerk word gebruik saam met 'n letter / syfer van die stasie waar die bul getoets is, aan die bo-kant, bv S vir Sernick, B vir Buffland, ens.

INNAME & GROEITOETS RANTSOEN

Daar bestaan 'n wanpersepsie dat 'n groeitoets 'n voerkraal toets is en dat 'n voerkraal rantsoen daarvoor gebruik word.

Rantsoene in groeitoetse vereis 'n gestandardiseerde groeirantsoen en NIE 'n voerkraalrantsoen nie.

Die doel is om diere teen mekaar te evalueer sodat presteerders geïdentifiseer kan word en nie om maksimum groei te verkry nie. Geen bymiddels wat bulle se vrugbaarheid of langtermyn gesondheid kan benadeel, mag ingesluit word nie.

Die rantsoen moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Die gemiddelde VOV (ongeveer 5 tot 6) en GDT (1.6-1.8 kg /dag) van die getoetste groep moet ooreenstem met ras gemiddeld.
- Bulle moet genoegsame spiere ontwikkel sonder oormatige vet.
- Bulle se vrugbaarheid mag nie negatief beïnvloed word nie (hoë spermtellings en gesonde sperms).
- Die rumen mag geen suurpens skade opdoen nie en bulle moet maklik weer by veld toestande aanpas na afloop van die toets.

Oordeelkundige aanpassing verseker sukses. Party bulle neem tot 10 dae voor hulle volwaardig vreet. Rumen mikrobes neem minstens 14 dae om die gewenste populasies vir die gegewe rantsoen op te bou. In hierdie aanpassingsperiode moet meer ruvoer beskikbaar wees en graan inname stelselmatig verhoog word. Voer dus 'n rantsoen met meer ruvoer of gee smaaklike ruvoer ekstra wat dan stelselmatig verminder word.

Ruvoer is krities, aangesien die bul se rumen gesondheid en gevolglike prestasie hierdeur bepaal word. Putter voere sluit 32% ruvoer in waarvan helfte lusern en die ander helfte lae kwaliteit vesel is, verkieslik koringstrooi, maar gras en mieliereste kan ook ingesluit word. Dit verseker dat die rumen by lae kwaliteit vesel aangepas bly en diere pas daarom maklik weer aan op die veld na die toets. Met genoeg vesel in die rantsoen is dit nie nodig

om ekstra ruvoer uit te sit nie. Dit bevorder inname akkuraatheid en vergemaklik bestuur. Die pilgrootte is 8mm tot 10mm.

Graan: Om te voldoen aan die minimum energie waarde van ongeveer 10 MJ ME ("as is") word ±42% graan ingesluit, 50/50 verdeel tussen gemaalde mielies en chop. Meer graan sal groei verbeter maar hou die volgende risiko's in: opblaas, suurpens en gevolglik rumenbrand, asook kloue wat groei. 'n Verdere probleem is vet wat opbou.

Melasse: Die insluiting van melasse van tussen 4% en 8% bevorder inname, hou mikrobe populasies in stand en bind stof wat sodoende long gesondheid bevorder.

Proteïene: Meer as een bron van proteïene (13.5%) moet ingesluit word, bv. katoen- en sonneblomoliekoek asook brouersgraan en lusern.

Ureum: Wees baie versigtig met ureum insluiting - 0.7% (7kg/ton) is veilig. 'n Oormaat ureum (NPN) het 'n negatiewe invloed op vrugbaarheid en voerkraal rantsoene dra byvoorbeeld tot 1.3% ureum, wat te hoog is vir potensiële teelbulle.

Vitamine, Minerale en Bymiddels is duur maar noodsaaklik vir gesondheid en prestasie.

Geen groeihormone of enige ander middels wat groei bevorder of voeromset beïnvloed word toegelaat nie.

ALLE GROEI TOETSE: SA STAMBOEK TARIEWE

Sien www.sastudbook.co.za vir nuutste tariewe

ALLE GROEITOETSE: VEREISTES PER RAS

Ras Kode	Ras	Aanpassings-gewigte (Voer-inname toets) Min.	Maks.	Skouer/ heup Hoogte	Skrotum omtrek	
					Gekorrigeer na (kg) Gewig	Min. omtrek vir gekorr gewig (mm)
AFA	Afrigus	205	255	Skouer	385	300
ASM	Afrisim	235	290	Skouer	425	305
AFR	Afrikaner	195	240	Skouer	350	285
AAN	Angus	235	290	Heup	425	305
ANK	Ankole			Skouer	425	305
BMA	Beefmaster	230	285	Skouer	425	295
BSH	Beef Shorthorn	215	265	Skouer	400	295
BON	Bonsmara	220	270	Skouer	425	305
BOR	Boran	190	235	Skouer	375	250
BGI	Borguni			Skouer	350	265
BFD	Braford	200	250	Skouer	400	285
BRM	Brahman	225	275	Skouer	375	240
BRG	Brangus	220	270	Skouer	425	295
BBS	Braunvieh	260	320	Skouer	450	325
CHB	Charbray	235	295	Skouer	425	275
CHL	Charolais	250	310	Heup	475	305
CIA	Chianina	260	320	Skouer	475	320
DXT	Dexter	175	220	Skouer	225	260
DRB	Drakensberger	220	270	Skouer	400	305
GVH	Gelbvieh	250	310	Skouer	475	320
HFD	Hereford	225	275	Heup	425	295
HUG	Hugenoot	210	260	Skouer	425	305
LMS	Limousin	240	295	Heup	425	270
NGI	Nguni	160	205	Skouer	300	260
PGR	Pinzgauer	250	310	Skouer	450	320
PZL	Pinzyl	220	270	Skouer	425	305
RPO	Red Poll	235	290	Skouer	400	300
RMG	Romagnola	250	310	Skouer	450	310
SAN	Sanganer			Skouer	325	275
SGT	Santa Gertrudis	235	290	Skouer	425	270
SEN	Senepol	220	270	Skouer	425	305
SBR	Simbra	250	310	Heup	450	300

SIM	Simmentaler	260	320	Heup	475	330
SDV	South Devon	250	310	Skouer	475	310
SSX	Sussex	215	265	Heup	400	300
TUL	Tuli	195	240	Skouer	300	255
WGU	Wagyu	220	270	Skouer		

16. KONTAK BESONDERHEDE

Stamboek webblad www.sastudbook.co.za Logix webblad www.logix.org.za

Teelwaarde- en ander inligting van bulle en vroulike diere www.SABeefBulls.com

Elektroniese data edata@studbook.co.za

SA Stamboek Telefoon nommer 051 4100 900

Straat adres Henry straat 118, Bloemfontein

Genetiese afdeling Dr Helena Theron helena@studbook.co.za

Jason Reding jason@studbook.co.za

SA STAMBOEK TEGNIESE ADVISEURS

Provinsie	Tegniese Adviseur	Basis	e-pos adres	Telno.
Nasionaal	Herman Labuschagne	Bloemfontein	herman@studbook.co.za	051-410 0900
Vrystaat, Natal	Siebert Vermeulen	Bloemfontein	siebert@studbook.co.za	082 548 4608
Vrystaat, Noord-Kaap	Gerdus de Klerk	Jan Kempdorp	gerdus@studbook.co.za	072 691 3600
Vrystaat , Oos-Kaap	Johan Venter	Bloemfontein	johan@studbook.co.za	083 231 5164
Mpumalanga, Natal	Kabelo Phaka	Ermelo	kabelo@studbook.co.za	076 2353304
Noordwes, Noord-Kaap	Dolf Cloete	Vryburg	dolf@studbook.co.za	082 660 3266
Limpopo, Noordwes, Gauteng,	Andries Riekert	Pretoria	andries@studbook.co.za	082 465 0671
Gauteng	Thalia Brameld	Pretoria	thalia@studbook.co.za	071 493 1111
Gauteng	Suretha Francis	Pretoria	suretha@studbook.co.za	083 584 0814
Wes-Kaap	Chanelle Steenekamp	Wes-Kaap	chanelle@studbook.co.za	072 836 4108
Oos-Kaap	Erick Joosten	George	erick@studbook.co.za	082 204 2379